



**Wes-Kaapse
Regering**

Onderwys

Jaarverslag 2013/2014
Onderwysdepartement

Inhoud

Deel A: Algemene Inligting

1.	ALGEMENE INLIGTING VAN DEPARTEMENT	1
2.	LYS VAN AFKORTINGS/AKRONOMIE	2
3.	VOORWOORD DEUR DIE MINISTER	3
4.	VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE	5
5.	VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAAKTHEID VAN DIE JAARVERSLAG	13
6.	STRATEGIESE OORSIG.....	14
6.1	Visie.....	14
6.2	Missie	14
6.3	Waardes	14
7.	WETGEWENDE EN ANDER MANDATE	14
8.	ORGANISATORIESE STRUKTUUR	15
9.	ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER/LUR RAPPOORTEER	15

Deel B: Prestasie-inligting

1.	VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFBEPAAKDE DOELWITTE	17
2.	OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE	17
2.1	Diensleweringomgewing	17
2.2	Diensleweringverbeteringsplan	19
2.3	Organisatoriese omgewing	27
2.4	Belangrike beleidsontwikkeling en wetgewende veranderings	30
3.	STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELWITTE.....	35
4.	PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAM	37
4.1	Program 1: Administrasie	37
4.2	Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys	47
4.3	Program 3: Subsidies vir Onafhanklike Skole.....	66
4.4	Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys	71
4.5	Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding.....	81
4.6	Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes	85
4.7	Program 7: Vroeëkindontwikkeling.....	91
4.8	Program 8: Infrastruktuurontwikkeling	95
4.9	Program 9: Hulp- en verwante Dienste	100

5	OORDRAGBETALINGS.....	110
	5.1. Oordragbetalings aan openbare entiteite	110
	5.2. Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite.....	110
6.	VOORWAARDELIKE TOELAES.....	112
	6.1. Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse betaal	112
	6.2. Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang	112
7.	DONATEURSFONDSE	118
	7.1. Donateursfondse ontvang.....	118
8.	KAPITALE BELEGGING	119
	8.1. Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan	119

DEEL C: BEHEER

1.	INLEIDING	124
2.	RISIKOBESTUUR.....	126
3.	BEDROG EN KORRUPSIE	127
4.	MINIMALISERING VAN BELANGEBOTSING	128
5.	GEDRAGSKODE	128
6.	GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES.....	128
7.	PORTEFEULJEKOMITEES	128
8.	SKOOR-BESLUIE.....	128
9.	VORIGE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE.....	138
10.	INTERNE KONTROLE-EENHEID.....	139
11.	INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES	140
12.	VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE	141

DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR

1.	INLEIDING.....	144
2.	OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONNE	144
3.	OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONSTATISTIEK	147

DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING

1.	VERSLAG VAN OUDITEUR-GENERAAL.....	182
2.	JAARLIKSE FINANSIËLE STATE	188

BYLAES

1.	BYLAE A: AKSIEPLAN TOT 2014 EN AANWYSERS VAN LEWERINGSOOREENKOMS.....	240
2.	BYALE B: OPSOMMING VAN NASIONAAL-BEPAALDE PROGRAM- PRESTASIEMAATSTAWWE	242
3.	BYLAE C: PROGRAMPRESTASIE-AANWYSERS – TEGNIESE AANWYSERS.....	249



Deel A
Algemene Inligting

1. Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) Algemene Inligting

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is verantwoordelik vir openbare skoolonderwys in die provinsie, vanaf Graad R tot 12. Die WKOD is in agt onderwysdistrikte werksaam en het 'n hoofkantoor in Kaapstad.

Ligging	Posadres	Telefoon	Faks
WKOD-hoofkantoor	Privaat sak 9114, Kaapstad 8000	021 467 2000	021 467 2996
Metro-Sentraal	Privaat sak X4, Athlone 7760	021 514 6700	021 659 4413
Metro-Oos	Privaat sak X23, Kuilsrivier 7579	021 900 7000	021 903 9484
Metro-Noord	Privaat sak X45, Parow 7500	021 938 3000	021 938 3180
Metro-Suid	Privaat sak X2, Mitchells Plain 7785	021 370 2000	021 372 1856
Kaapse Wynland	Privaat sak 3102, Worcester 6849	023 347 6000	023 342 4138
Eden en Sentraal Karoo	Privaat sak X6510, George 6530	044 803 8300	044 873 2253
Overberg	Privaat sak X08, Caledon 7230	028 214 7408	028 214 7400
Weskus	Privaat sak X3026, Paarl 7620	021 860 1200	021 860 1231

WKOD-inbelsentrums:

Navrae oor personeel en finansies: 0861 923 322; Veilige Skole: 0800 45 46 47

Webwerf: WKOD-aanlyn <http://wced.school.za>

E-poslys: WKODnuus <http://list.pgwc.gov.za/mailman/listinfo/wcednews>.

Twitter (mikro-webjoernaal)

WKODnuus <http://twitter.com/wcednews> (vir twiete oor onderwysverwante nuus); WKODleer <http://twitter.com/wcedlearn> (vir onderwysverwante twiete)

Tumblr (webjoernaal)

WKOD/Nuus/Tuisblad <http://wcednewshome.tumblr.com/>; WKODnuus <http://wcednews.tumblr.com/>

Posterous (webjoernaal)

WKODnuus <http://posterous.com/wcednews>

2. Lys van afkortings/akronieme

AOO: Algemene Onderwys en Opleiding	NEPA: Wet op Nasionale Onderwysbeleid
ASIDI: Versnelde Skoolinfrastruktuur-ontwikkeling-inisiatief	NK(B): Nasionale Kurrikulum (Beroepsgerig)
BOOV: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes	NKV: Nasionale Kurrikulumverklaring
DBO: Departement van Basiese Onderwys	NKR: Nasionale Kwalifikasieraamwerk
DHOO: Departement van Hoër Onderwys en Opleiding	NSS: Nasionale Senior Sertifikaat
DOBIS: Distriksonderwysbestuurinligtingstelsel	NSVP: Nasionale Skoolvoedingsprogram
DVP: Distrikverbeteringsplan	OBIS: Onderwysbestuurinligtingstelsel
EAT: Eerste Addisionele Taal	OIT: Onderwysinfrastruktuurtoekenning
GHS: Algemene Huishoudelike Opname	PFMA: Wet op Openbare Finansiële Bestuur
GIS: Geografiese Inligtingstelsel	PILIR: Beleid en prosedure oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid
GOS: Gevorderde Onderwysertifikaat	PPA: Programprestasie-aanwyser
Gr: Graad	PPM: Programprestasiemaatstaf
HOI: Hoër Onderwysinstelling	SAKO: Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid
HSE: Heelskoolevaluering	SASA: Suid-Afrikaanse Skolewet
HT: Huistaal	SBL: Skoolbeheerliggaam
IBB: Institusionele Bestuur en Beheer	SBS: Skoolbestuursplan
IKT: Inligting-en-Kommunikasietegnologie	SETA: Onderwys-en-opleidingsektorowerheid
JNA: Jaarlikse Nasionale Assessering	SOBIS: Sentrale Onderwysbestuur-inligtingstelsel
JSO: Jaarlikse Skoolopname	SVM: Skoolverbeteringsmonitering
KABV: Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring	SVP: Skoolverbeteringsplan
KOLI: Kaapse Onderwys- en Leierskap-instituut	UOWP: Uitgebreide Openbare Werkeprogram
LOOM: Leer-en-onderrig-ondersteuningsmateriaal	U-AMP: Gebruiker-Batebestuursplan
LSOB: Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte	VKO: Vroeëkindontwikkeling
MTUR: Mediumtermyn Uitgaweraamwerk	VOO: Verdere Onderwys en Opleiding
	VRL: Verteenwoordigende Raad van Leerders
	WKOD: Wes-Kaap Onderwysdepartement

3. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER



Donald Grant

Dit was oor die afgelope vyf jaar my voorreg om saam met die Wes-Kaap Onderwysdepartement te werk om onderwysuitkomst in hierdie provinsie te verbeter. Ek is trots op wat ons, tesame, bereik het.

Ons het in hierdie tydperk aansienlik gevorder met die bereiking van ons drie strategiese doelwitte, naamlik:

- verbetering in taal en wiskunde in laerskole
- verbetering in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
- vermindering in die getal onderpresterende skole

Werk aan hierdie drie doelwitte het tot 'n bevredigende toename in die retensiekoers by skole gelei.

Gegewe die vordering op hierdie gebiede, kan ek onomwonde verklaar dat die stelsel in 'n beter toestand is as wat dit vyf jaar gelede was. Dit is as gevolg van 'n spanpoging deur amptenare van die WKOD, SBL'e, ouers en opvoeders asook vennootskappe met ander provinsiale departemente en onderwysagentskappe.

Terwyl die Wes-Kaap nog heelwat moet doen om al die doelwitte in die strategiese plan te bereik, kan ons tot dusver beduidende vordering sien.

Ons het in 2010/2011 die fundamente gelê wat nodig is om hierdie plan te voltooi en in 2011/2012 en 2012/2013 het ons op hierdie fundamente gebou, spesifiek gerig op die lewering van bystand aan ons behoeftige skole en die grondslagfase.

In 2013/2014 het ons hierdie fundamente versterk en verdere stabiliteit in die stelsel verseker.

Van die hoogtepunte van die 2013/2014-jaar sluit die bekendstelling van die e-Werwingstelsel in, wat onderwysers in staat stel om hulle CV's aanlyn vas te lê en te stoor en om vir vakante onderwysposte aansoek te doen. Meer as 20 000 opvoeders het verlede jaar op die stelsel geregistreer.

Ons is veral trots op die verskeie inisiatiewe wat ons geneem het om meer behoeftige leerders en skole te ondersteun. Van die hoogtepunte het die bekendstelling van 'n ontbyt vir leerders ingesluit, buiten die middagete wat hulle elke dag ontvang; 'n toename in die befondsing aan meer as 300 fooibetalende skole wat minder goeie gemeenskappe bedien; die betaling van R42 miljoen in vergoeding om skole te help om 'n paar van die uitdagings wat hulle as gevolg van die niebetaling van skoolgeld ervaar, te verlig.

Twee honderd en sestig (216) fooibetalende skole wat behoeftige gemeenskappe bedien, het gekies om in die 2014-skooljaar geen-fooi-skole te word nadat hierdie geleentheid aan hulle gegun is.

In die 2013/2014-boekjaar is Skoolhulpbronbeamptes ook aangestel ten einde veiliger skoolomgewings te bou en die konstruksie en/of beplanning van 15 nuwe skole en 33 vervangingskole het plaasgevind. 108 instandhoudingsprojekte is ook in skole voltooi.

Wat ons vandag het, is 'n rypwordende provinsiale onderwysstelsel wat positief gereageer het op 'n aantal verbeterings aan die stelsel.

Ons beplan om in die 2014/2015-boekjaar hierdie strategieë te verdiep en versterk om groter stabiliteit in die stelsel te verseker, sodat ons uitvoering kan gee aan ons verbintenis om die lewens van daardie allerbelangrike mense – die leerders – te verbeter. Waar veranderende omstandighede en kontekste dit vereis, sal ons hierdie strategieë herdefinieer en hervorm.

Die fokus op gehalte en retensie sal positief tot ekonomiese groei en 'n afname in werkloosheid bydra.

Ons sien uit daarna om onderwys 'beter tesame' te maak en onderwysuitkomste en die stelsel in die jare vorentoe te verbeter.



Donald Grant
Minister van die Onderwysdepartement
2013/14

4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE

Oorsig van die werksaamhede van die departement:



PA Vinjevold
Superintendent-
Generaal

Akademiese prestasie

Die WKOD monitor akademiese prestasie op interne en eksterne assessering. Wat interne assessering betref, word die assesseringstake deur Departementshoofde en Vakadviseurs nagegaan. Daarbenewens word teikens gestel vir die getal leerders wat alle grade in taal en wiskunde slaag. Eksterne assessering word vir Graad 1-6 en 9 in die vorm van die Jaarlikse Nasionale Assessering opgestel. Die WKOD administreer onafhanklik opgestelde Graad 3-, 6- en 9-toetse in taal en wiskunde en die DBO stel die Graad 12- Nasionale Senior Sertifikaat op.

Daar was 'n geleidelike verbetering in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat. Nadat die hernasiening- en aanvullende uitslae ingereken is, het 'n verdere 651 leerders die NSS geslaag, wat die slaagkoers van die aanvanklike 85.1% na 86.5% verhoog.

Desgelyks was daar 'n verbeterde slaagsyfer in ander grade, veral in Graad 10 en 11.

Die eksterne toetsprogram vir taal en wiskunde het ons ingrypings vir skole ingelig, insluitend die formele opleidingsprogramme vir onderwysers.

Ondersteuning

Inligting oor die ondersteuning vir die groeiende leerderbevolking, met inbegrip van diegene wat in die stelsel bly én diegene wat vir die eerste keer inskryf, word in die res van die verslag uiteengesit. Dit sluit in die beplanning en voorsiening van infrastruktuur, handboeke en werkboeke, voedsel, vervoer, die toenemende getal geen-fooi-skole en die program vir skoolgeldvrystelling.

Stelsels en aanspreeklikheid

Ons het op die bladsye in hierdie verslag wat elke Program bekendstel, inligting ingesluit oor die voorsiening in 2009/10 vergeleke met die syfers vir 2013/14. Die syfers moet in oënskou geneem word teenoor die gefokusde pogings wat oor hierdie tydperk aangewend is om doeltreffendheid te verbeter.

Van belang is die personeelkoste wat verminder is deur kontrakposte te verminder; die aantal oortollige personeel te verminder; ondoeltreffende roosters by skole te behandel en die hantering van die gevalle van diegene wat op uitgebreide tydperke van verlof is. Die gebruik van aanlyn-bestellingstelsels, grootmaataankope en aanlyn-werwing het omkeertye verbeter en met monitering en nasporing gehelp. Data-ontleding en -bestuur het ons die insigte gegee om beter besluite te neem oor bykans elke element in die onderwysstelsel. In 'n stelsel wat deur sterker aanspreeklikheid gekenmerk word, het ons daarop gekonsentreer om vir die kwesbaarste kinders voorsiening te maak.

Oorsig van die finansiële resultate van die departement

Departementele ontvangste

Departementele ontvangste	2013/2014			2012/2013		
	Beraam	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onderinvordering Uitgawes	Beraam	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onderinvordering Uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitale bates	11,906	11,959	(53)	10,974	13,172	(2,198)
Boetes, strafgeld en verbeurings	228	774	(546)	228	761	(553)
Rente, dividende en huur vir grond	1,998	1,818	180	1,998	3,530	(1,532)
Finansiële transaksies in bates en laste	26,698	19,003	7,695	11,333	24,418	(13,085)
Totaal	40,830	33,554	7,276	24,533	41,881	(17,348)

Eie inkomste wat deur die departement gegenereer is, beloop 0,3 % van die totale begroting. Die departement se belangrikste bronne van eie inkomste is –

- Invordering van skuld aan die departement verskuldig.
- Kommissie op versekering en loonbeslagorder-aftrekkings.
- Fooie gehef vir eksamenverwante dienste, bv. die hernasiening van vraestelle, versoeke om afskrifte van senior en ander sertifikate. Hierdie tariewe word deur die (nasionale) Departement van Basiese Onderwys bepaal.
- Reprografiese dienste aan ander provinsiale departemente.

Alle tariewe word in 'n tariefregister gelys en word in elektroniese formaat geberg. Tariewe word jaarliks hersien om vir inflasie voorsiening te maak. Die onderinvordering op departementele ontvangbare rekeninge vir 2013/14 is R7 miljoen en word hoofsaaklik toegeskryf aan die feit dat minder skuld afgeskryf is as wat verwag is, wat ontvangbare inkomste sou beïnvloed. Alle skulde word afgeskryf ingevolge die departement se beleid oor skuldafskrywing en dit behels 'n getal stappe, insluitend pogings om debiteure op te spoor.

Programuitgawes

Naam van program	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1. Administrasie	579,744	571,149	8,595	546,911	536,988	9,923
2. Openbare gewone skoolonderwys	11,381,365	11,362,779	18,586	10,467,295	10,450,520	16,775
3. Subsidies vir onafhanklike skole	84,648	84,648	-	72,321	72,321	-
4. Openbare spesiale skoolonderwys	910,338	910,338	-	824,291	820,101	4,190
5. Verdere onderwys en opleiding	353,097	353,078	19	597,589	597,523	66
6. Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes	37,898	37,898	-	36,920	36,920	-
7. Vroeëkind-ontwikkeling	465,637	465,535	102	383,894	383,894	-
8. Infrastruktuur-ontwikkeling	1,192,946	1,054,312	138,634	790,987	750,672	40,315
9. Hulp- en verwante dienste	663,112	662,459	653	640,035	639,171	864
Totaal	15,668,785	15,502,196	166,589	14,360,243	14,288,110	72,133

Die departement het 98.94 persent van die aangesuiwerde begroting vir 2013/14 bestee. Onderbesteding het R166.589 miljoen of 1.06 persent van die aangesuiwerde begroting beloop, wat goed binne die nasionale norm van 2 persent is.

Redes vir onderbesteding is soos volg:

- *R8.593 miljoen vir die billike aandeel.* Die bedrag van R6.1 miljoen is verbind vir die toedraaimasjien wat deur die Direkoraat: Eksamenadministrasie verkry is. As gevolg van die tydvertraging in die vervaardigingsproses oorse, kon die masjien nie teen 31 Maart 2014 vervaardig en geïnstalleer word nie. Die oorblywende saldo van R2.819 miljoen onderbesteding vir die Program: Administrasie is as gevolg van doeltreffendheidsmaatreëls wat vir die departement ingestel is.
- *R10.181 miljoen vir die toelae vir die herkapitalisering van tegniese sekondêre skole.* Dit was as gevolg van vertraging in die oprigting van meganiese en siviele tegnologie-werkwinkels by twee tegniese hoërskole, asook vertraging in die aflewering van IKT-hardeware en meganiese, elektriese en siviele tegnologie-gereedskapstelle by tegniese sekondêre skole. Die bedrag van R9.706 miljoen is verbind vir die IKT-hardeware en meganiese, elektriese en siviele tegnologie-gereedskapstelle. Die uitstaande bedrag van R0.475 miljoen moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.

- R138.635 miljoen vir die toelae vir onderwysinfrastruktuur (OIT). Die onderbesteding is as gevolg van oponthoude met die inisiatief vir versnelde skoolinfrastruktuurontwikkeling (ASIDI) se kapitale infrastruktuurprojekte by openbare gewone skole. Die volle bedrag van R138.635 miljoen is verbind vir uitgawes wat nie teen 31 Maart 2014 betaal is nie.
- R0.653 miljoen vir die toelae vir MIV/Vigs (lewensvaardighede-onderwys). Die volle bedrag van R0.653 miljoen is verbind vir dienste wat gedurende 2013/14 deur verskaffers/kontrakteurs gelewer is, maar fakture is nie betyds vir betaling ingedien nie en kon nie teen 31 Maart 2014 betaal word nie.
- R6.775 miljoen vir die toelae vir die nasionale skoolvoedingsprogram. 'n Loodsprojek vir melk moes vroeg in die 2013/14-boekjaar plaasgevind het. Die plan was om een keer 'n week 'n sakkie melk aan leerders te gee. Vanweë vertraging met die verskaffing van verpakkingsmateriaal, is hierdie inisiatief uitgestel en het eers in November 2013 plaasgevind. Die volle bedrag is onverbonde en moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- R1.498 miljoen vir die toelae vir Dinaledi-skole. Tenders is in April 2014 toegeken en die volle bedrag is onverbond en moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- R0.234 vir die UOWP-aansporingstoelae aan provinsies vir die sosiale sektor. Minder eise is van VOO-kolleges ontvang vir die kapasiteitsbou van datavasleggers en noodhulpopleiding van VKO-praktisyn-assistente. Die bedrag is onverbonde en moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- R0.020 miljoen vir die toelae vir verdere onderwys en opleiding. Die bedrag is onverbonde en moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.

Daar moet kennis geneem word dat, buiten die onverbonde fondse wat aan Nasionale Tesourie teruggee is, die onbestede fondse alles ten opsigte van verbonde projekte is en 'n versoek om heruitreiking van die fondse is by Provinsiale Tesourie ingedien. Daar was dus 'n minimale impak op programme of dienslewering.

Viremente/heruitreiking

Provinsiale Tesourie het die volgende viremente tussen hoofverdelings in die begrotingspos goedgekeur:

- Verskuiwing van R12 024 000 van program 1 na program 4 vir die implementering van die beroepspesifieke bedeling (OSD) vir onderwysterapeute, -beraders en -sielkundiges by OLSO-skole.
- Verskuiwing van R8 925 000 van program 1 na program 7 vir finansiële ondersteuning aan Graad R kwintiel 4- en 5-skole by openbare gewone skole wat met ingang van Januarie 2014 die geen-fooi-status ontvang het.
- Verskuiwing van R11 303 000 van program 1 na program 8 vir die opgradering van skoolsale en sportterreine by openbare skole.

- Verskuiwing van R1 399 000 van program 1 na program 9 vir GG- daaglikse tariewe weens die herklassifikasie van die standaardtabel van rekeninge (STR).
- Verskuiwing van R24 196 000 van program 2 na program 8 vir die instandhouding van infrastruktuur, opgradering van skoolsale en sportterreine en die opgradering van klaskamers by openbare skole.
- Verskuiwing van R284 000 van program 3 na program 8 vir die instandhouding van infrastruktuur, opgradering van skoolsale en sportterreine en die opgradering van klaskamers by openbare skole.
- Verskuiwing van R9 755 000 van program 4 na program 8 vir infrastruktuur, opgradering van skoolsale en sportterreine en die opgradering van klaskamers by openbare skole.
- Verskuiwing van R14 000 van program 6 na program 8 vir die instandhouding van infrastruktuur by openbare skole.

Die volgende heruitreiking is versoek:

- R6.1 miljoen van die billike aandeel is versoek vir die toedraaimasjien wat deur die Direkoraat: Eksamenadministrasie verkry is. As gevolg van die tydvertraging in die vervaardigingsproses oorse, kon die masjien nie teen 31 Maart 2014 vervaardig en geïnstalleer word nie.
- R9.706 miljoen van die toelae vir die herkapitalisering van tegniese sekondêre skole is versoek vir die IKT-hardeware en meganiese, elektriese en siviele tegnologie-gereedskapstelle en vir die oprigting van die meganiese en siviele tegnologie-werkwinkels by twee tegniese hoërskole.
- R138.635 miljoen van die toelae vir onderwysinfrastruktuur (OIT) is versoek vir die uitgawes wat nie teen 31 Maart 2014 vir ASIDI- kapitale infrastruktuurprojekte by openbare gewone skole betaal is nie.
- R0.653 miljoen van die MIV/Vigs-toelae (Lewensvaardighede-onderwys) is versoek vir fakture vir dienste gelewer wat nie betyds vir betaling teen 31 Maart 2014 deur verskaffers/kontraakteurs ingedien is nie.

'n Beskrywing van die redes vir ongemagtigde, vrugtelose en verkwiste uitgawes en die bedrae betrokke, asook stappe wat gedoen is om 'n herhaling daarvan te verhoed.

Die departement het nie gedurende die oorsigtydperk enige ongemagtigde uitgawes aangegaan nie. Ten einde onreëlmatige uitgawes te bekamp, het die departement voorsieningskanaalbestuur-kampvegters per direktoraat geïdentifiseer. Hulle is in alle aspekte van VKB opgelei. VKB-template is opgestel om die nodige prosesse en prosedures te struktureer en beheer. Die interne kontrole-eenheid voer 'n post-oudit uit om gevalle van onreëlmatige uitgawes te verminder. Die eenheid gee terugvoering aan VKB-kampvegters en hul direktorate oor die koers van potensiële onreëlmatige uitgawes. Hierdie stappe het tot 'n vermindering in onreëlmatige uitgawes gelei.

Toekomstige planne van die departement

Die voorgestelde nasionale Aksieplan tot 2019 vir onderwys verklaar dat, ten einde fokus in die onderwysstelsel te bevorder, vyf van die 27 doelwitte as prioriteitsdoelwitte geïdentifiseer is. Dit behels Graad R, onderwyserontwikkeling, leer materiaal, skoolbestuur en ondersteuning by distrikskantore. Die sal vorm gee aan die WKOD se toekomstige planne.

Die drie doelwitte van die WKOD (verbeterde taal en wiskunde in laerskole; verbetering in die aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat; vermindering in die aantal onderpresterende laerskole) sal behou word, met die klem daarop om ook voort te gaan om leerder-retensiekoerse te verbeter.

Die klem op pro-behoefdiges sal voortduur, met aandag wat ook geskenk word aan die veiligheid en welstand van leerders sodat hulle in alle opsigte van die beste onderwys moontlik verseker kan wees.

Die behoeftes in onderwyserontwikkeling sal aandag geniet en die beste omgewing vir onderrig en leer sal voorsien en bestuur word.

Publieke-Private Vennootskappe

Die departement het nie enige sodanige reëling gedurende die oorsigtydperk aangeaan nie.

Gestaakte aktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen.

Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Geen.

Voorsieningskanaalbestuur

Ongevraagde bieë in die oorsigjaar aanvaar

Geen.

VKB-prosesse en -stelsels

Die WKOD maak staat op die Rekenpligtige Beampte se stelsel, standaard bedryfsprosedures en die beleid oor onreëlmatige uitgawes wat deur die WKOD uitgereik is.

Uitdagings wat in VKB ervaar is en hoe dit opgelos is

Die departement het 'n strategiese beplanningssessie gehou om die hoofaktiwiteite te prioritiseer. Dit het die departement in staat gestel om 'n vyf-jaar verkrygingsplan op te stel. Vooruitbeplanning is belangrik vir goedere en dienste wat verkry moet word. Die regulatoriese en prosedurele aspekte benodig volgehoue aandag.

Geskenke en donasies wat in goedere van nieverwante partye ontvang is

Geen.

Vrystellings en afwykings van Nasionale Tesourie ontvang

Geen.

Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Geen gebeure het tussen 31 Maart 2014 en die datum van goedkeuring van die finansiële state op 31 Mei 2014 plaasgevind wat die aanpassing van die finansiële state vereis het nie.

Ander

Infrastruktuuraangeleenthede: Magqwaka-saak

Die Magqwaka-saak val binne die bestek van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DTPW) as implementeringsagent (IA). Daar was egter gesamentlike pogings deur die DTPW en die WKOD om die saak op te los. DTPW het die saak na die Kantoor van die Staatsprokureur vir advies verwys. Volgens die DTPW is geen reaksie teen 31 Maart 2014 van die Staatsprokureur ontvang nie.

Aktiwiteite t.o.v. agentskappe/skoolhoofde

Die departement was by die volgende aktiwiteite t.o.v. agentskappe/prinsipale betrokke:

- Met die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DTPW) vir infrastruktuur- verwante aktiwiteite, waar die DTPW die implementeringsagent vir die WKOD was.
- Met die Departement van Basiese Onderwys (DBO) vir die inisiatief oor versnelde skoolinfrastruktuurontwikkeling (ASIDI) vir die bou van skole en klaskamers, waar die departement as agent vir die DBO optree.
- Met die Departement van Basiese Onderwys (DBO) vir die jaarlikse nasionale assessering (JNA) vir die administrasie van die JNA's namens die DBO, waar die departement as agent vir die DBO optree.

Geen fooie is ontvang of betaal vir die agentskap-/prinsipaaldienste wat gelewer is nie, bo en behalwe die befondsing wat vir die uitvoering van die ooreengekome take voorsien word.

Erkennings


Ons erken met dankbaarheid die werk van pligsgetroue onderwysers asook die leierskap en ondersteuning wat deur alle belanghebbendes en rolspelers voorsien word om te verseker dat ons werksaamhede tot ons leerders en die verbetering van hul lewenskanse verbind is.

Slotsom

Die oorsigjaar is gekenmerk deur 'n hernude fokus op die verbetering van leernutkomste, soos aangedui in die skoolverbetering- en distriksverbeteringsplanne. Dienslewering is versterk deur die aanstelling van sleutelpersoneel en verskeie verbeterings in bestuur. Die vrystelling van skoolgelde wat aan skole toegestaan is, is 'n belangrike ontwikkeling. Die WKOD sien uit na volgehoue doeltreffendhede en 'n stabiele onderwysstelsel.

Goedkeuring en aftekening

As die Rekenpligtige Beampte het ek die finansiële jaarstate wat onder aparte omslag aangebied word, goedgekeur.



PA Vinjevoold
Rekenpligtige Beampte
Onderwysdepartement
31 Mei 2014

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na die beste van my kennis en wete, bevestig ek die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak word, is konsekwent.

Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings.

Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag, soos uitgereik deur Nasionale Tesourie.

Die finansiële jaarstate (Deel E) is in ooreenstemming met die gemodifiseerde kontant-standaard en die betrokke raamwerke en riglyne voorberei wat deur Nasionale Tesourie uitgereik is.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gegee word.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike versekering oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate te verskaf.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate te gee.

Volgens my mening is die jaarverslag 'n redelike weerspieëling van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële sake van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2014.

Die uwe



Rekenpligtige Beampte
PA Vinjevoel
31 Mei 2014

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1 Visie

Om geleentheid vir almal deur verbeterde onderwysuitkomst te skep.

Daar word hieraan uiting gegee deur drie oorkoepelende doelwitte:

1. Verbeterde taal en wiskunde in laerskole
2. Hoër getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. Vermindering in die getal onderpresterende skole

6.2 Missie

Om gehalte-onderwys aan alle leerders in die provinsie deur die volgende te verskaf:

- Oorhoofse beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Verdere onderwys en opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges
- Onderwys en opleiding vir volwassenes (OOV) in gemeenskapsleersentrums
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleentheid vir onderwysers en nie-onderwysers
- 'n Geteikende voedselprogram en ander maatreëls vir armoedeverligting en veiligheid
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en 'n werknemerwelsynsprogram

6.3 Waardes

- Die allergrootste belang van die leerder
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en Handves van Regte
- Uitnemendheid deur die voorsiening en ondersteuning van 'n toegeruste, positiewe en florerende onderwyskorps wat professioneel en toegewyd is
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid
- Integriteit en uitnemendheid in administratiewe en steunfunksies

7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)

Die Grondwet van die Wes-Kaap Provinsie, 1998 (Wet 1 van 1998)

Die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), 1996 (Wet 84 van 1996)

Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (NEPA), 1996 (Wet 27 van 1996)

Die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges, 1998 (Wet 16 van 2006)

Die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001)

Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)

Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)

Die Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste, 2012 (Wet 5 van 2012)

Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)

Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet 58 van 1995)

Die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000)

Die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000)

8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR

Sien keersy.

9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER/LUR RAPPOORTEER

Nie van toepassing nie.

Penny Vinjevold
Head
Education

Marcia Harker
Deputy Director
General
Education Planning

Brian Schreuder
Deputy Director
General
Curriculum and
Assessment
Management

John Lyners
Deputy Director
General
Institution
Development and
Coordination

Leon Ely
Deputy Director
General
Finance

Sindi Mafanga-Kibi
Chief Director
Business Intelligence
Management

Archie Lewis
Chief Director
Physical Resources

Tina Singh
Chief Director
Assessment and
Examinations

Vacant
Chief Director
Curriculum
Development

Clifton Frolick
Chief Director
Districts

Sigamoney Naicker
Chief Director
Inclusive Education
& Special Programmes

Eugene Meyer
Chief Director
Financial Management

Ivan Carolus
Chief Director
People Management
Practices

Andile Siyengo
Director
Research

Lesline McGlenatendolf
Director
Infrastructure Planning
and Management

Zodwa Modimakwane
Director
Assessment
Management

Genevieve Koopman
Director
Curriculum GET
(including e-Learning)

Eddie Kirsten
Director
Cape Teaching and
Leadership Institute

Sanette Nowers
Director
Metropole Central
Education District

Berenice Daniels
Director
Specialised
Education

Erna Veldman
Director
Management
Accounting

Matthys Cronjé
Director
Strategic People
Management

Lynne Coleridge-Zils
Director
Policy Coordination

Paul Swart
Director
Institutional Resource
Support (including
Library Services)

André Clausen
Director
Examinations
Administration

Phumla Satyo
Director
Curriculum FET
(including e-Learning)

Glen van Harte
Director
Metropole South
Education District

Johan Kitshoff
Director
Financial
Accounting

Norman Daniels
Director
Service Benefits

Sanjith Hansraj
Director
Knowledge and
Information
Management

Paul Swart
Director
Institutional Resource
Support (including
Library Services)

André Clausen
Director
Examinations
Administration

Phumla Satyo
Director
Curriculum FET
(including e-Learning)

Melvyn Caroline
Director
Metropole East
Education District

Ryana de Bruyn
Director
Supply Chain
Management

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Karen Bydell
Director
Quality Assurance

Heinie Brand
Director
Metropole North
Education District

Norman Daniels
Director
Service Benefits

Salie Faker
Director
Employee Relations

Paddy Attwell
Director
Communication

Anne Schlebusch
Director
Business Strategy
& Stakeholder
Management

Washiela Salie
Director
Internal
Control

Juan Benjamin
Director
Cape Winelands
Education District

Ryana de Bruyn
Director
Supply Chain
Management

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Bertram Loriston
Director
Overberg
Education District

Ryana de Bruyn
Director
Supply Chain
Management

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Florence Rhoxo
Director
Eden and Central
Karoo Education
District

Ryana de Bruyn
Director
Supply Chain
Management

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Jannie Beukes
Director
West Coast
Education District

Ryana de Bruyn
Director
Supply Chain
Management

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Alan John Meyer
Director
Recruitment and
Selection

Mr Makhzandile Ndzuzo
Director: Institutional
Management and
Governance Planning
(incl. Safe Schools)



Deel B
Prestasie-inligting

1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFBEPAALE DOELWITTE

Die OGSA voer tans sekere ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n ouditbevinding te gee. Die ouditbevinding oor die prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is by die verslag aan bestuur ingesluit, met wesenlike bevindinge wat onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die verslag oor ander regs- en regulatoriese vereistes van die ouditeur se verslag aangegee word.

Verwys na bladsy 184 van die verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële inligting.

2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE

2.1 Diensleweringomgewing

Die Suid-Afrikaanse onderwyssektorplan is in die *Aksieplan 2014 vir Skoolonderwys tot 2025* vervat. Die plan bestaan uit 27 doelwitte. Die eerste 13 handel oor leeruitkomste en die ander 14 doelwitte handel oor hoe hierdie leeruitkomste bereik kan word.

Die aanspreeklikheidstelsel eie aan hierdie plan is gekoppel aan die Suid-Afrikaanse onderwys-**doelwitte**, die **aanwysers** daarvoor, en aan die **teikens** en **mylpale** daarvan. Die getal doelwitte is beperk; die aanwysers is meetbaar. Die teikens moet "haalbaar" wees en moet daarop gemik wees om onderwysuitkomste toenemend te verbeter. Dit word per provinsie verdeel en moet nie as 'n plafon beskou word nie. Terwyl nasionale teikens oor die langtermyn gestel is, tot en met 2025, fokus mylpale oor die algemeen op gewenste prestasie oor die korttermyn (tot vyf jaar in die toekoms). Mylpale is vir doelwitte 1 – 13 gestel, maar is nie vir doelwitte 14 tot 27 gestel nie, wat handel oor hoe die leeruitkomste bereik moet word.

Die leweringsooreenkoms is 'n onderhandelde handves wat in 2010 voltooi en onder andere deur die President, die Minister van Basiese Onderwys en die provinsiale LUR'e onderteken is. Die 27 doelwitte word hieronder gelys. Die **vyf prioriteitsdoelwitte** van die leweringsooreenkoms vir die tydperk tot en met 2014 verskyn **in vetdruk**.

Die doelwitte vir **leeruitkomste** is:

- 1** ► Verhoog die getal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en gesyferdheid vir Graad 3 bemeester het.
- 2** ► Verhoog die getal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 6 bemeester het.
- 3** ► Verhoog die getal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 9 bemeester het.
- 4** ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat in aanmerking kom vir 'n Baccalaureus-program op universiteit.
- 5** ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat *wiskunde* slaag.

Die doelwitte vir **leeruitkomste** (vervolg):

- 6 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat *natuurwetenskap* slaag.
- 7 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van *Graad 6*-leerders in *tale*.
- 8 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van *Graad 6*-leerders in *wiskunde*.
- 9 ► Verbeter die gemiddelde prestasie in *wiskunde* van *Graad 8*-leerders.
- 10 ► Verseker dat alle kinders by 'n skool ingeskryf is tot ten minste die jaar waarin hulle 15 word.
- 11 ► **Verbeter die toegang van kinders tot gehalte-vroeëkindontwikkeling (VKO) onder Graad 1.**
- 12 ► Verbeter die graadvordering van leerders vanaf Graad 1 tot 9.
- 13 ► Verbeter die toegang van jeugdiges tot verdere onderwys en opleiding na Graad 9.

Die doelwitte vir **hoe** die leeruitkomste bereik sal word, is:

- 14 ► Lok in elke jaar 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep.
- 15 ► Verseker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers van so 'n aard is dat uitermatig groot klasse vermy word.
- 16 ► **Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaargeletterdheid van onderwysers dwarsdeur hulle loopbaan.**
- 17 ► Streef na 'n onderwyskorps wat gesond is en 'n sin van werksbevrediging geniet.
- 18 ► Verseker dat leerders al die onderwerpe en vaardighede dek wat hulle in hulle huidige skooljaar behoort te dek.
- 19 ► **Verseker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingevolge nasionale beleid benodig word.**
- 20 ► Bevorder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitende rekenaars, wat hulle opvoeding verryk.
- 21 ► **Verseker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind op 'n manier wat tot 'n funksionele skoolomgewing bydra.**
- 22 ► Verbeter ouers en die gemeenskap se deelname aan die beheer van skole, deels deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie.
- 23 ► Verseker dat alle skole befonds word op ten minste die minimum per-leerder-vlak wat nasionaal bepaal word en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.
- 24 ► Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom om te leer en vir onderwysers om te onderrig.
- 25 ► Gebruik skole as 'n voertuig vir die bevordering van toegang tot 'n reeks openbare dienste onder leerders, soos byvoorbeeld gesondheid, armoedeverligting, psigososiale ondersteuning, sport en kultuur.
- 26 ► Verhoog die getal skole wat die inklusiewe onderwysbeleid doeltreffend implementeer en toegang het tot sentrums wat deskundige dienste bied.
- 27 ► **Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word, deels deur beter benutting van e-Onderwys.**

Die WKOD se prestasie in die aanwysers wat aan die nasionale doelwitte gekoppel is, word in Bylae A (bladsy 240) verskaf.

Die WKOD is verantwoordelik vir *Provinsiale Strategiese Doelwit 2: Verbetering van Onderwysuitkomst*, wat in November 2009 gepubliseer is. Alhoewel dit die nasionale plan voorafgegaan het, bevat dit baie van die aanwysers in daardie dokument. Die provinsiale plan verklaar dat die *Wes-Kaapse Regering die lewenskans van al sy kinders deur die voorsiening van gehalte-onderwys sal verbeter. Vir hierdie doel sal alle kinders vir so lank as moontlik op skool bly en optimale uitslae behaal. In die besonder, sal die fokus in die tydperk 2010 tot 2019 op die verbetering van die lees-, skryf- en rekenvermoëns van leerders wees. Die tydperk 2010 tot 2014 sal die grondslag vir hierdie verbeterings lê. Die provinsie se kinders sal in die tydperk 2014 – 2019 die vrugte pluk van 'n stelsel wat ontwerp en bestuur is om die gestelde teikens te bereik.*

Die Jaarlikse Prestasieplan vir 2013/14 het vyf belangrike fokusareas geïdentifiseer. Die eerste vier was dié wat op nasionale vlak geïdentifiseer is: i) Tekste, insluitende die nasionale werkboeke; ii) Kurrikulum-versterkende maatreëls ter ondersteuning van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV); iii) Jaarlikse Nasionale Assesering; iv) Infrastruktuur; en v) Stelsels en ondersteuning vir verbeterde leeruitkomst. Verslag oor tekste, kurrikulum en die JNA word onder program 2 gelewer. Vordering met infrastruktuur word in program 8 aangegee en ook onder punt 8.1 (bladsy 96) "Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan". Stelsels en ondersteuning word onder program 1 en program 2 bespreek.

2013/14 was 'n stabiele arbeidstydperk. Dit het die WKOD in staat gestel om op sy belangrikste werk – die verbetering van onderwysuitkomst – te fokus. Menslike en finansiële hulpbronne en alle ingrypings is toegespits op die skole wat ondersteuning die meeste nodig gehad het.

Geweld, misdaad en sosio-ekonomiese toestande stel volgehoue eise aan skole, skool-onderwys en die WKOD.

Daar was in Januarie 2014 'n paar gebiede wat onverwagte druk op akkommodasie vir leerders ervaar het. Amptenare is die taak opgelê om leerders te help om plekke in skole te vind. 'n Nuwe stelsel word beplan om leerders wat vir plekke soek, in staat te stel om navraag met 'n unieke registrasienommer te doen om te verseker dat daar duidelikheid is oor die werklike getal leerders wat nie op skool is nie sodat die proses verfyn en bespoedig kan word. Die feit dat dit die reg van die skool is om kapasiteit te bepaal en 'n beleid vir inskrywing te definieer, stel 'n uitdaging in hierdie verband.

Die toename in die vraag na plekke in skole word in die bespreking onder program 2 uitgelig.

2.2 Diensleweringverbeteringsplan

Die departement het 'n diensleweringverbeteringsplan voltooi. Onderstaande tabelle toon die diensleweringplan en prestasie tot hede aan.

Hoofdienste en standaarde

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike diensstandaard	Ideale diensstandaard	Werklike prestasie
Verskaf 'n telekommunikasiediens by WKOD-hoofkantoor	Leerders Opvoeders Amptenare by hoofkantoor Lede van die publiek	a) Skakelbordoperateurs beantwoord en verwys tans 211 432 inkomende en eksterne oproepe op 'n jaarlikse basis b) Tans word 60 762 oproepe jaarliks nie deur amptenare beantwoord nie c) 1% van oproepe gaan tans jaarliks verlore d) Telekommunikasie-ondersteuningskantoor bestuur tans die behoeftes van 1 060 amptenare by hoofkantoor, wat oor twee geboue versprei is	a) Skakelbordoperateurs beantwoord en verwys jaarliks 211 432 inkomende en eksterne oproepe b) Bestuur die vermindering van onbeantwoorde oproepe deur amptenare na 57 724 jaarliks c) Behou 1% van verlore oproepe jaarliks d) Telekommunikasie-ondersteuningskantoor bestuur die behoeftes van 1 060 amptenare by hoofkantoor, wat oor twee geboue versprei is *Let wel: Getal amptenare by hoofkantoor kan wissel na gelang van nuwe aanstellings en amptenare wat die WKOD verlaat.	a-d) Inligting oor werklike prestasie is onbeskikbaar weens verlore inligting aangesien die buffer wat die inligting berg, vol was. Die WKOD is tans besig om 'n nuwe PABX-stelsel te verkry
Voorsien eerste lyn van ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings	<ul style="list-style-type: none"> • 900 000+ leerders • 31 000+ opvoeders • 7 000+ staatsdiens-amptenare • Leerders van 1500+ skole en 203 onafhanklike skole. • Lede van Skoolbeheerliggame (SBL'e) • Lede van die gemeenskap, insluitend ouers 	a) 19% van die totale oproepe ontvang, gaan verlore b) Die inbelsentrum hanteer tans 12 267 gevalle c) 2 355 gevalle benodig opvolg en ondersteuning	a) Verminder die koers van verlore oproepe na 14% b) 80% van oproepe word met die eerste oproep afgehandel c) 12% van oproepe word vir opvolg na Veilige Skole-koördineerders verwys d) 8% van oproepe word vir verdere berading verwys	a) Die Kuber-inbelstelsel is nog nie opgegradeer nie. b) Die Veilige Skole-inbelsentrum het 14 854 oproepe ontvang (70% met eerste oproep afgehandel). c) 3 433 oproepe (23%) het verdere bystand en ondersteuning benodig. 612 van hierdie oproepe was misdaderverwante insidente, terwyl 1 055 oproepe met verslae oor diefstal en vandalisme te make was. d) 394 gevalle van mishandeling is aangemeld – waarvan 52 met afknouery verband gehou het en 228 oproepe het berading en sielkundige ondersteuning benodig. 'n Verdere 524 oproepe was navrae oor SBL'e.

Batho Pele-reëlings met begunstigdes (toegang tot raadgewing, ens.)

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>Verskaf 'n telekommunikasiediens by WKOD-hoofkantoor</p> <p>Konsultasie:</p> <p>a) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname is 'n bron van konsultasie aangesien kliënte geteiken word</p> <p>b) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word gebruik om die vlakke van huidige dienslewering te verbeter</p> <p>c) Terugvoer aan Direkoraat Kommunikasie deur die "Kontak WKOD-vorm" op die WKOD se webwerf</p> <p>d) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>e) Skakelbordbestuurder hanteer klagtes</p> <p>Toegang:</p> <p>a) WKOD-hoofkantoor in Kaapstad</p> <p>b) Bedryfsure van die inbelsentrum: 07:30 – 16:00. (Vir middagete gesluit van 12:30 tot 13:00.)</p> <p>Hoflikheid:</p> <p>a) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die amptenare hulle tot diens kan wees</p> <p>b) Oproepers meld onbeantwoorde lyne en oorlading by skakelbordoperateurs aan</p> <p>c) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente wat in die WKOD se Diensleweringshandves verskyn, is 'n meganisme om oor amptenare se optrede te kla</p> <p>d) Terugvoer aan Direkoraat Kommunikasie deur die "Kontak WKOD-vorm" op die WKOD se webwerf</p> <p>e) Klagtes word na die Skakelbordbestuurder verwys</p>	<p>Konsultasie:</p> <p>a) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname is 'n bron van konsultasie aangesien kliënte geteiken word</p> <p>b) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word gebruik om die vlakke van huidige dienslewering te verbeter</p> <p>c) Terugvoer aan Direkoraat Kommunikasie deur die "Kontak WKOD-vorm" op die WKOD se webwerf</p> <p>d) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>e) Skakelbordbestuurder hanteer klagtes</p> <p>Toegang:</p> <p>a) WKOD-hoofkantoor in Kaapstad</p> <p>b) Bedryfsure van die inbelsentrum: 07:30 – 16:00. (Vir middagete gesluit van 12:30 tot 13:00.)</p> <p>Hoflikheid:</p> <p>a) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die amptenare hulle tot diens kan wees</p> <p>b) Oproepers meld onbeantwoorde lyne en oorlading by skakelbordoperateurs aan. Operateurs teken die klagtes aan om die verslae oor telefoonbestuur in te lig</p> <p>c) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente wat in die WKOD se Diensleweringshandves verskyn, is 'n meganisme om oor amptenare se optrede te kla</p> <p>d) Die bestaan van die Theta Nathi-diens sal aan kliënte uitgesaai word terwyl hulle wag om na die onderskeie amptenare deurgesit te word</p> <p>e) Terugvoer aan Direkoraat Kommunikasie deur die "Kontak WKOD-vorm" op die WKOD se webwerf</p> <p>f) Klagtes word na die Skakelbordbestuurder verwys</p>	<p>Konsultasie:</p> <p>a) Aansienlike verbeterings in vorige jaar se kliëntetevredenheidsopnames is aangeteken</p> <p>b) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>c) Klagtes wat intern in die WKOD geregistreer word, word inderminne bestuur</p> <p>d) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>e) Geen klagtes is ontvang nie</p> <p>Toegang:</p> <p>a) WKOD-hoofkantoor in Kaapstad</p> <p>b) Bedryfsure van die inbelsentrum: 07:30 – 16:00. (Vir middagete gesluit van 12:30 tot 13:00.)</p> <p>Hoflikheid:</p> <p>a) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die amptenare hulle tot diens kan wees</p> <p>b) Ontvang met tussenposes klagtes oor oorlading van Goue Akker-gebruikers. Primêre Koers Skakeling-lyne (PRI's) is verkry om aandag aan hierdie probleem te skenk</p> <p>c) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>d) Slegs een klagte is in Februarie 2014 ontvang en is onmiddellik deur skakelbordpersoneel hanteer. Die saak is suksesvol opgelos</p> <p>e) Slegs een klagte is in Februarie 2014 ontvang en is deur skakelbordpersoneel hanteer</p> <p>f) Geen klagtes is ontvang nie</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>Oopheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Op die WKOD-webwerf</p> <p>b) Kliëntekontaksentrums het ideëbusse vir kliënte se kommentaar</p> <p>c) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname evalueer die persepsie van WKOD-dienste en bied 'n geleentheid vir kritiek, voorstelle vir verbetering en klagtes</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Oproepers wat navraag doen oor korporatiewe dienste (menslike hulpbronne en finansiële bestuur) word deur die skakelbord na die WKOD se inbelsentrum vir toegewyde aandag verwys</p> <p>b) Toegewyde lyne vir WKOD Veilige Skole en Eksamens (gedurende piektye) word ter inligting met kliënte gedeel</p> <p>c) 4 toegewyde operateurs bestuur die oproepe na hoofkantoorgeboue</p> <p>d) Ondersteunende toestelle word gebruik vir personeel wat uitdagings met gesigsgestremdheid ervaar Beleid vir telekommunikasiebestuursdienste en -steun verskyn op die WKOD-webwerf</p>	<p>Oopheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Op die WKOD-webwerf</p> <p>b) Kliëntekontaksentrums het ideëbusse vir kliënte se kommentaar</p> <p>c) Insette wat in die ideëbusse ontvang word, word gemonitor, verslag oor gelewer en praktiese insette word by die WKOD se beleid oor telekommunikasiebestuur ingesluit</p> <p>d) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname evalueer die persepsie van WKOD-dienste en bied 'n geleentheid vir kritiek, voorstelle vir verbetering en klagtes</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Oproepers wat navraag doen oor korporatiewe dienste (menslike hulpbronne en finansiële bestuur) word deur die skakelbord na die WKOD se inbelsentrum vir toegewyde aandag verwys</p> <p>b) Toegewyde lyne vir WKOD Veilige Skole en Eksamens (gedurende piektye) word ter inligting met kliënte gedeel</p> <p>c) 4 toegewyde operateurs bestuur die oproepe na hoofkantoorgeboue</p> <p>d) Ondersteunende toestelle word gebruik vir personeel wat uitdagings met gesigsgestremdheid ervaar Beleid vir telekommunikasiebestuursdienste en -steun verskyn op die WKOD-webwerf</p>	<p>Oopheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Geen voorstelle oor die Kliëntekontaksentrums is gedurende die verslagtydperk via die WKOD-webwerf ontvang nie</p> <p>b) Geen voorstelle oor die Kliëntekontaksentrums is gedurende die verslagtydperk via die WKOD-ideëbusse ontvang nie</p> <p>c) Aansienlike verbeterings in vorige jaar se kliëntetevredenheidsopnames is aangeteken</p> <p>d) Aansienlike verbeterings in vorige jaar se kliëntetevredenheidsopnames is aangeteken</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Skakelbordoperateurs ontvang daaglikse oproepe vir die inbelsentrum</p> <p>b) Toegewyde lyne vir WKOD Veilige Skole en Eksamens (gedurende piektye) word ter inligting met kliënte gedeel</p> <p>c) 4 toegewyde operateurs bestuur die oproepe na hoofkantoorgeboue</p> <p>d) Ondersteunende toestelle word gebruik vir personeel wat uitdagings met gesigsgestremdheid ervaar Beleid vir telekommunikasiebestuursdienste en -steun verskyn op die WKOD-webwerf</p>
<p>Voorsien eerste lyn van ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings</p> <p>Konsultasie:</p> <p>a) Telefoonkonsultasies</p>	<p>Konsultasie:</p> <p>a) Hou besprekings met die diensverskaffer wat deur die WKOD gekontrakteer is om die stelsel op te gradeer om te verseker dat hulle die aanlyn peiling van dienste kan hanteer</p>	<p>Konsultasie:</p> <p>a) Die Kuber-inbelstelsel is nog nie opgegradeer nie. 'n Nuwe Veilige Skole-bestuurstelsel is egter ontwikkel wat die skep van verwysingsnommers en die aantekening van die oproeper se inligting terwyl hy/sy nog aanlyn is, bespoedig</p>

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
<p>b) Distrikte konsulteer met veilige skole-kuster</p> <p>c) Regstreekse konsultasie met navraers (oproepers) vind plaas terwyl oproepe aangeteken en gevalle verwys word</p> <p>d) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname is 'n bron van konsultasie aangesien kliënte geteiken word</p> <p>e) Die Distrik-webwerf terugvoerfasiliteit</p> <p>f) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente Insette word gebruik om huidige diensleweringvlakke te verbeter</p> <p>Toegang:</p> <p>a) 2^e verdieping, Grand Central-gebou (via telefoon/professionele inbelsentrum)</p> <p>b) Tolvrye lyn: Veilige Skole: 0800 45 46 47</p> <p>c) Bedryfsure van die inbelsentrum: 07:30 – 16:00. Na-uurse aantekening van navrae</p> <p>Hoflikheid:</p> <p>a) Bestuurder Onderwysveiligheid</p> <p>b) Terugvoer aan Direktoraat Kommunikasie deur die "Kontak WKOD-vorm" op die WKOD se webwerf</p> <p>c) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>d) Die gepubliseerde Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word vir regstelling gebruik indien standarde nie nagekom word nie</p> <p>e) Distrik-webwerf terugvoerfasiliteit</p>	<p>b) Telefoonkonsultasies</p> <p>c) Distrikte konsulteer met veilige skole-kusters</p> <p>d) Regstreekse konsultasie met navraers (oproepers) vind plaas terwyl oproepe aangeteken en gevalle verwys word</p> <p>e) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname is 'n bron van konsultasie omdat kliënte geteiken word</p> <p>f) Die Distrik-webwerf terugvoerfasiliteit</p> <p>g) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente Insette word gebruik om huidige diensleweringvlakke te verbeter</p> <p>Toegang:</p> <p>a) 2^e verdieping, Grand Central-gebou (via telefoon/professionele inbelsentrum)</p> <p>b) Tolvrye lyn: Veilige Skole: 0800 45 46 47</p> <p>c) Bedryfsure van die inbelsentrum: 07:30 – 16:00. Na-uurse aantekening van navrae</p> <p>Hoflikheid:</p> <p>a) Bestuurder Onderwysveiligheid</p> <p>b) Terugvoer aan Direktoraat Kommunikasie deur die "Kontak WKOD-vorm" op die WKOD se webwerf</p> <p>c) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>d) Die gepubliseerde Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word vir regstelling gebruik indien standarde nie nagekom word nie</p> <p>e) Distrik-webwerf terugvoerfasiliteit</p>	<p>b) 'n Opnamevorm is saamgestel om persepsies oor diens aan te teken. Dit sal afgeteken word vir implementering in die 2014/2015-boekjaar met die stelsel se opgradering</p> <p>c) 'n Opnamevorm is saamgestel om persepsies oor diens met die hand aan te teken. Dit sal vir implementering in die 2014/2015-boekjaar afgeteken word tot en met afhandeling van die stelsel se opgradering</p> <p>d) Regstreekse konsultasie met navraers (oproepers) vind plaas terwyl oproepe aangeteken en gevalle verwys word</p> <p>e) Aansienlike verbeterings teenoor vorige jaar se kliëntetevredenheidsopnames is aangeteken</p> <p>f) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>g) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die tydperk aangemeld nie</p> <p>Toegang:</p> <p>a) 2^e verdieping, Grand Central-gebou (via telefoon/professionele inbelsentrum)</p> <p>b) Tolvrye Veilige Skole-lyn: 0800 45 46 47</p> <p>c) Bedryfsure van die inbelsentrum: 07:30 – 16:00. Na-uurse opnames van navrae word op die volgende werksdag opgevolg</p> <p>Hoflikheid:</p> <p>a) Bestuurder Onderwysveiligheid hanteer alle navrae en toon hoflikheid</p> <p>b) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>c) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe hulle gehelp kan word</p> <p>d) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die tydperk aangemeld nie</p> <p>e) Indien en wanneer klagtes geregistreer is, is sodanige klagtes op geskeduleerde vergaderings bespreek om deur distrikskoördineerders en veldwerkers reggestel te word.</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>Oopheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Op die WKOD-webwerf; en die kliëntekontaksentrums het ideëbusse vir kliënte-insette</p> <p>b) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname evalueer die persepsie van WKOD-dienste en bied 'n geleentheid vir kritiek, voorstelle vir verbetering en klagtes</p> <p>c) Veilige Skole-koördineerders op distriksvlak sluit die dienste van die Veilige Skole-inbelsentrum in</p> <p>d) Telefoonbemarking</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Terwyl die getal personeel by die inbelsentrum klein is en die getal oproepe wat geregistreer word, minimaal is, word die werklike waarde-toevoegende werk d.m.v. van vennootskap met veldwerkers en sielkundiges in die veld gedoen</p> <p>b) Veiligheidsveldwerkers volg leerders op wat stokkiesdraai en assesses leerderprobleme</p> <p>c) Bied mentorskap en afrigting aan leerders wat 'n risiko loop en verseker dat hulle toegang kry tot dienste wat hulle nodig het.</p> <p>d) Fasilitering van die Veilige Skole-jeugklubs as deel van die vakansieprogram</p>	<p>Oopheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Op die WKOD-webwerf; en die kliëntekontaksentrums het ideëbusse vir kliënte-insette</p> <p>b) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname evalueer die persepsie van WKOD-dienste en bied 'n geleentheid vir kritiek, voorstelle vir verbetering en klagtes</p> <p>c) Veilige Skole-koördineerders op distriksvlak sluit die dienste van die Veilige Skole-inbelsentrum in</p> <p>d) Telefoonbemarking</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Terwyl die getal personeel by die inbelsentrum klein is en die getal oproepe wat geregistreer word, minimaal is, word die werklike waarde-toevoegende werk d.m.v. van vennootskap met veldwerkers en sielkundiges in die veld gedoen</p> <p>b) Veiligheidsveldwerkers volg leerders op wat stokkiesdraai en assesses leerderprobleme</p> <p>c) Bied mentorskap en afrigting aan leerders wat 'n risiko loop en verseker dat hulle toegang kry tot dienste wat hulle nodig het.</p> <p>d) Fasilitering van die Veilige Skole-jeugklubs as deel van die vakansieprogram</p>	<p>Oopheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie. Ideëbusse is nie gebruik nie</p> <p>b) Aansienlike verbeterings in vorige jaar se kliëntetevredenheidsopnames is aangeteken</p> <p>c) Veilige Skole-koördineerders op distriksvlak sluit die dienste van die Veilige Skole-inbelsentrum in</p> <p>d) Die Veilige Skole Distrikskoördineerders en die Veilige Skole-veldwerkers by die distrikte lewer die dienste van die Veilige Skole-inbelsentrum. Posbeskrywings is gewysig om hierdie faktor van inklusiwiteit te weerspieël</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Die Veilige Skole-inbelsentrum het 14 854 oproepe hanteer.</p> <p>b) Die Veilige Skole-veldwerkers volg leerders op wat stokkiesdraai, assesses leerderprobleme en fasiliteer die herintegrasië van leerders in die skool deur samewerking met toepaslike rolspelers soos die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling</p> <p>c) Die Veilige Skole-veldwerkers mentor en onderrig leerders wat 'n risiko loop om te verseker leerders toegang kry tot die dienste wat hulle benodig</p> <p>d) Die Veilige Skole-inbelsentrum het 314 insidente van stokkiesdraai aangeteken, waarvan 285 na die distrik vir ingryping deur die Veilige Skole-veldwerker verwys is</p> <p>Die 20 Veiligheidsveldwerkers in diens het die Veilige Skole-jeugklubs as deel van die vakansieprogram gefasiliteer</p> <p>78 jeugklubs is ingestel</p> <p>101 lokale vir vakansieprogramme het vir 13 968 leerders voorsiening gemaak</p>

Inligtingshulpmiddel oor dienslewering

Huidige/werklike inligtingshulpmiddels	Gewenste inligtingshulpmiddels	Werklike prestasies
<p>Verskaf 'n telekommunikasiediens by WKOD-hoofkantoor</p> <p>a) Kommunikasie met alle interne kliënte en kliënte wat aan skole gekoppel is, vind d.m.v. amptelike korrespondensie (omsendbriewe/minute) plaas, wat op die webwerf vir algemene kliënte se toegang verskyn</p> <p>b) Briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, is by alle onderwysterreine en steunkantore beskikbaar</p> <p>c) E-pos</p> <p>d) Wes-Kaap Onderwysdepartement se webwerf</p> <p>e) Skakelbordbestuurder</p>	<p>a) Kommunikasie met alle interne kliënte en kliënte wat aan skole gekoppel is, vind d.m.v. amptelike korrespondensie (omsendbriewe/minute) plaas, wat op die webwerf vir algemene kliënte se toegang verskyn</p> <p>b) Briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, is by alle onderwysterreine en steunkantore beskikbaar</p> <p>c) E-pos</p> <p>d) Wes-Kaap Onderwysdepartement se webwerf</p> <p>e) Skakelbordbestuurder</p>	<p>a) Kommunikasie met alle interne kliënte en kliënte wat aan skole gekoppel is, vind d.m.v. amptelike korrespondensie (omsendbriewe/minute) plaas, wat op die webwerf vir algemene kliënte se toegang verskyn</p> <p>b) Briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, is by alle onderwysterreine en steunkantore beskikbaar</p> <p>c) E-pos</p> <p>d) Wes-Kaap Onderwysdepartement se webwerf</p> <p>e) Geen behoefte het ontstaan om met kliënte te kommunikeer nie</p>
<p>Voorsien eerste lyn van ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings</p> <p>a) Veilige Skole-klustervergaderings</p> <p>b) Versprei brosjures by byeenkomste</p> <p>c) Inligtingstafels by byeenkomste</p> <p>d) Distrik-webwerfterugvoerfasiliteit</p> <p>e) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer verskyn op alle amptelike WKOD-briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, toeganklik by alle onderwysterreine en steunkantore</p> <p>f) Bemerkingsmateriaal word jaarliks versprei om die deel van inligting te verbeter en om die unieke diensaanbiedings te adverteer</p>	<p>a) Veilige Skole-klustervergaderings</p> <p>b) Versprei brosjures by byeenkomste</p> <p>c) Inligtingstafels by byeenkomste</p> <p>d) Distrik-webwerfterugvoerfasiliteit</p> <p>e) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer verskyn op alle amptelike WKOD-briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, toeganklik by alle onderwysterreine en steunkantore</p> <p>f) Bemerkingsmateriaal word jaarliks versprei om die deel van inligting te verbeter en om die unieke diensaanbiedings te adverteer</p>	<p>a) Die Veilige Skole-inbelsentrum voorsien die distrik van statistiek oor alle insidente, wat hulle help met die beplanning van ontwikkelings- en ingrypingsprogramme</p> <p>b) Geskeduleerde vergaderings is met Distrikskoördineerders en Veldwerkers gehou</p> <p>c) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer word op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk</p> <p>d) Brosjures by gebeure met inligtingstafels versprei</p> <p>e) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer verskyn op alle amptelike WKOD-briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, toeganklik by alle onderwysterreine en steunkantore</p> <p>f) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer verskyn op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes. Die nommer verskyn ook op metaalopspoorders asook op inligtingsborde oor beroepsgeondheid- en veiligheid en ander tekens (wat onwettige middels en gevaarlike wapens verbied) by alle skole</p>

Meganisme vir klagtes

Huidige/werklike meganisme vir klagtes	Gewenste meganisme vir klagtes	Werklike prestasies
Verskaf 'n telekommunikasiediens by WKOD-hoofkantoor		
a) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente wat in die WKOD se Diensleweringshandves verskyn, is 'n meganisme om regstelling te verseker waar standaarde nie nagekom is nie	a) Die Theta Nathi-statistiek is gemonitor, verslag oor gelewer en strategieë is geïmplementeer om die status quo aan te spreek en verbeter	a) Die aanlyn terugvoer, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie
b) Klagtes word na die Skakelbordbestuurder verwys	b) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word vir regstelling gebruik indien standaarde nie nagekom word nie	b) 306 interne klagtes is ontvang en suksesvol hanteer
c) Terugvoerfasiliteit op die webwerf	c) Klagtes word na die Skakelbordbestuurder verwys	c) Die aanlyn terugvoer, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie
	d) Terugvoerfasiliteit op die webwerf	d) Die aanlyn terugvoer, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie
Voorsien eerste lyn van ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings		
a) Bestuurder Onderwysveiligheid monitor klagtes en neem toepaslike aksie	a) Bestuurder Onderwysveiligheid monitor klagtes en neem toepaslike aksie	a) Die Bestuurder Onderwysveiligheid neem toepaslike stappe wanneer klagtes ontvang word; dit sluit in bemiddeling met die geaffekteerde persoon/ persone en/of ingryping/regstellende stappe vir die Veilige Skole-sentrumkonsultant d.m.v. indiensopleiding. Die Veilige Skole-inbelsentrum het 14 854 oproepe bestuur, wat insidente oor diefstal en vandalisme, misdaad en geweld, bende-bedrywighede, misbruik en navrae oor skoolbeheerliggame ingesluit het
b) Bestuurder Inbelsentrum beskikbaar om klagtes te hanteer	b) Bestuurder Inbelsentrum beskikbaar om klagtes te hanteer	b-d) Die aanlyn terugvoerstelsel (het die Theta Nathi-stelsel vervang) het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie.
c) Terugvoerfasiliteit op die webwerf	c) Terugvoerfasiliteit op die webwerf	
d) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word vir regstelling gebruik indien standaarde nie nagekom word nie	d) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word vir regstelling gebruik indien standaarde nie nagekom word nie	

2.3 Organisasoriese omgewing

Die WKOD bestaan uit die provinsiale ministerie van onderwys, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinstellings, insluitende gewone en spesiale openbare skole en VKO-terreine. Die VOO-kolleges en gemeenskapsleersentrums vir volwassenes word in hierdie jaarverslag aangedui, maar volgens onderstaande wetgewing is die bestuur van hierdie instellings in 'n oorgangsfase in afwagting op die finalisering van alle besonderhede oor die oorplasing na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Daar is vier takke, elkeen met 'n Adjunkdirekteur-Generaal aan die hoof. Die takke is Onderwysbeplanning; Kurrikulum- en Assesseringsbestuur; Institusionele Ontwikkeling en Koördinasie en Finansies. Die Hoofdirektoraat vir Mensebestuur rapporteer ook direk aan die Departementshoof, asook die Direkorate vir Interne Kontrole, Kommunikasie en Sakestrategie en Belanghebbendebestuur.

Veranderinge in die oorsigjaar

Die Hoofdirektoraat vir Menslike Hulpbronne is in die afgelope jaar hersaamgestel en herbenoem as "Mensebestuurspraktyke". Daar is vier direkorate vir Mensebestuur. Die direktoraat "Diensvoordele" sien om na die behoeftes van al agt distrikskantore. Die ander drie direkorate is "Strategiese Mensebestuur", "Werwing en Keuring" en "Werknemer-verhoudinge". Diensvoordele vir SBD-lede en hoofkantoorpersoneel word nou deur die kantoor van die Hoofdirekteur bestuur.

Die Direkteur: Bestuursrekeningkunde is in 2013/14 bevorder na die pos van Hoofdirekteur vir Finansiële Bestuur en is verantwoordelik vir toesighouding oor twee direkorate, nl. Finansiële Rekeningkundige en Bestuursrekeningkunde. Nuwe direkteure is in die oorsigjaar in hierdie twee direkorate aangestel. Hulle het die vakatures gevul wat deur bovermelde bevordering veroorsaak is en omdat die Interne Kontrole-eenheid as 'n volle direktoraat ingestel is.

'n Nuwe Hoofdirekteur vir Distrikte is aangestel. Die Direktoraat vir Institusionele Bestuur en Bestuursbeplanning (IBB) is by hierdie Hoofdirektoraat geïnkorporeer, benewens die agt distrikskantore. 'n Nuwe Distriksdirekteur is in die Distrik Kaapse Wynland aangestel.

Die herstrukturering wat tot die inkorporering van die Direktoraat IBB by die distrikte gelei het, het ook die stigting van 'n Hoofdirektoraat vir Inklusiewe Onderwys en Spesiale Programme tot gevolg gehad. Die Hoofdirekteur Kurrikulum is na daardie nuwe pos oorgeplaas. As gevolg van die vakature wat deur daardie oorplasing veroorsaak is, was die enigste SBD-vakature aan die einde van Maart 2014 die pos van Hoofdirekteur vir Kurrikulumontwikkeling en Onderwyseropleiding.

Die stappe hierbo uiteengesit kon die vermoë van die WKOD om dienste doeltreffend te lewer, soos volg verfyn: Mensebestuur sal meer doeltreffend wees deur 'n herverspreiding van werklas en deur meer aandag aan die betrokke afdelings te gee. Die inkorporering van die IBB-direktoraat by die Hoofdirektoraat vir Distrikte sal help met die belyning van dienste. Die instelling van die Direktoraat Interne Kontrole sorg vir 'n nuwe vlak van verantwoordelikheid en doeltreffendheid in die departement.

Die Departement poog om 'n reaktiewe en doeltreffende organisatoriese kultuur te skep en sy besigheidsprosesse en -stelsels te verbeter. Die hoofkantoor en agt distrikskantore van die WKOD is gestruktureer en ontwerp om 'n snel-reagerende diens en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien.

Wat die organisasie betref, beoog die departement om die volgende te voorsien:

- amptenare te hê wat omgee en wat ingelig en georganiseer is om skole, onderwysers en leerders te ondersteun
- onderwysers te hê wat teenwoordig en voorbereid is en tekste gebruik
- befondsing te verskaf wat aangewend word om sukses te maksimeer en geteikende armoedeverligting te verseker
- voldoende en veilige skole te verseker
- 'n bevorderlike omgewing vir vennote in onderwys te voorsien om tot gehalte-onderwys by te dra: onderwysvakbonde, skoolbeheerliggame, die privaat sektor, nieregterings-organisasies, onafhanklike skole, hoër onderwysinstellings en kolleges.


WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

Leerders	
Leerders in openbare gewone skole Graad 1 – 12 inklusief	948 595
Leerders in Graad R in openbare gewone skole	59 565
Leerders in Graad R in onafhanklike skole	15 533
Leerders by spesiale behoefte-skole	19 876
Leerders in onafhanklike skole	47 600
Studente in VOO-kolleges (koptelling)	71 594
Volwasse leerders	33 595
Totaal	1 196 358
Opvoeders	
Opvoeders	31 640
Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	9 118
Totaal	40 758
Instellings	
Openbare gewone skole	1 457
Skole vir leerders met spesiale behoeftes	71
Instellings vir verdere onderwys en opleiding	6
Gemeenskapsleersentrums vir volwassenes	308
Distrikskantore	8

Huidige instellings (alle openbare gewone skole) (31 Maart 2014)

Bron 2013: Jaarlikse opname vir skole voor-Graad R tot matriek); PERSAL: 2014

Die agt onderwysdistrikte is in 49 kringe verdeel, wat regstreekse ondersteuning aan skole bied. Die kringspanne is spanne multifunksionele spanne met kurrikulumadviseurs; professionele persone wat spesiale onderwysdienste lewer (sielkundiges, maatskaplike werkers, leer-ondersteuningsadviseurs) en institusionele bestuur en bestuurders van korporatiewe beheer. Kringspanbestuurders lei hierdie ondersteuningspanne.



Distrik ¹		1	2	3	4	5	6	7	8	Totaal
Kaapse Wynland	Skole	39	35	33	38	30	30	32	36	273
	Leerdere	24 335	24 416	21 273	12 416	13 806	21 482	9 552	9 610	136 890
Eden en Sentraal Karoo	Skole	31	32	24	32	36	38	29		222
	Leerdere	8 620	22 768	22 857	19 094	12 143	14 275	13 970		113 727
Metro-Sentraal	Skole	33	44	36	35	30	33			211
	Leerdere	20 793	21 465	20 629	21 934	20 128	21 984			126 933
Metro-Oos	Skole	24	23	25	22	22	26			142
	Leerdere	23 667	25 965	23 482	21 334	20 768	29 245			144 461
Metro-Noord	Skole	28	28	30	27	33	31	31		208
	Leerdere	25 234	19 682	33 045	24 632	21 543	19 504	32 477		176 117
Metro-Suid	Skole	34	34	28	16	17	30	30		189
	Leerdere	26 051	20 916	16 873	11 794	18 311	31 704	29 131		154 780
Overberg	Skole	28	29	25						82
	Leerdere	10 044	18 737	10 017						38 798
Weskus	Skole	25	25	23	27	31				131
	Leerdere	13 976	9 259	16 294	7 551	9 809				56 889
Groototaal	Skole	242	250	224	197	199	188	122	36	1 458
	Leerdere	152 720	163 208	164 470	118 755	116 508	138 194	85 130	9 610	948 595

¹ Syfers is van die Jaarlikse Skoolopname van 2013 afkomstig

2.4 Belangrike beleidsontwikkeling en wetgewende veranderings

a. Skole

Die *Wysigingswet op Basiese Onderwyswette, 2011 (Wet 15 van 2011)* is op 19 September 2011 uitgevaardig. Die doel van die Wet is onder andere om aspekte van die daarstelling van die Departement van Basiese Onderwys en verwante aangeleenthede te akkommodeer; die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (NEPA) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000) en die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001) te wysig. Die Wet maak ook voorsiening vir die verskeie soorte openbare skole vir leerders met spesiale opvoedkundige behoeftes, die addisionele funksies van skoolhoofde en die opleiding van beheerliggame deur erkende beheerliggaamverenigings.

Die Minister van Basiese Onderwys het op 29 November 2013 in Staatskoerant Nr. 37081 die Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaard vir Openbare Skoolinfrastruktuur voorgeskryf. Hierdie Regulasies is ingevolge artikel 5A(1)(a) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) uitgevaardig. Die regulasies het ten doel om onder andere die minimum eenvormige norme en standaard vir openbare skoolinfrastruktuur te stel; nakoming van die minimum eenvormige norme en standaard in die ontwerp en konstruksie van nuwe skole te verseker, insluitend opknappings en verbeterings by bestaande skole; en vir tydsraamwerke waarvolgens die agterstande in skoolinfrastruktuur uitgewis moet word.

Die Departement van Basiese Onderwys het die *Nasionale Norme en Standaard vir Skoolbefondsing* met ingang 1 April 2011 gewysig. Die wysigings behels die voorsiening van operasionele fondse aan geen-fooie skole en vergoeding vir vrystelling van skoolfooie vir fooibetalende skole (paragraaf 170A). 'n Latere wysiging maak voorsiening vir die Graad 3 en Graad 6 Jaarlikse Nasionale Assesserings in openbare skole wat gebruik sal word om leerder-prestasie te meet in daardie onafhanklike skole wat vir 'n subsidie in aanmerking kom.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is in die *Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* verfyn en herverpak. Die KABV spesifiseer in een dokument vir elke vak die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, leer-en- onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat benodig word en die gewigte en voorskrifte vir assessering. Die KABV is in 2012 in die Grondslagfase en Graad 10, in 2013 in die Intermediêre Fase en Graad 11 en in 2014 in die Senior Fase en Graad 12 geïmplementeer.

Die nasionale beleid ten aansien van die vorderings- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) Graad R-12, die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 en die regulasies met betrekking tot die NKV is geïmplementeer om die KABV aan te vul.

Verdere wysigings aan die *Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005)* het op 1 April 2010 in werking getree. Kragtens artikel 196(3) van die Kinderwet het nywerheidskole en verbeteringskole, wat die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Onderwys was, binne twee jaar na die aanvang van die tersaaklike hoofstuk in die Wet die verantwoordelikheid van die

provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geword. Na aanleiding van die beslissing van die Konstitusionele Hof in die saak tussen *The Teddy Bear Clinic for Abused Children* en 'n *Ander v Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling en 'n Ander*, SK 12/13, onder andere, is die Wysigingswetsontwerp op Geregtelike Aangeleenthede (Wet 42 van 2014) in Staatskoerant Nr. 37254 gedateer 22 Januarie 2014 gepubliseer. Hierdie Wet wysig onder andere die Kinderwet, 2005, die Wet op Kinderberegting, 2008, die Wysigingswet op Strafberegting (Seksuele Misdrif en Verwante Aangeleenthede) 2007, insluitend aspekte van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000. Hierdie wysigings is veral van toepassing op onderwys, aangesien dit aandag skenk aan, onder andere, gedeeltes van wetgewing wat volgens die Konstitusionele Hof onregverdigbaar inbreuk maak op kinders se grondwetlike regte, die Nasionale Register vir Seksoortreders en die skraping van rekords en die tydperk wat toegelaat word om toegang tot inligting ingevolge die Wet op die Openbare Toegang tot Inligting (PAIA) te kry. Verder wysig dit die Wysigingswet op Strafberegting, 2007 om persone onder die ouderdom van 18 jaar by die toepassing van die Wet uit te sluit.

Nuwe provinsiale wetgewende ingrypings

Artikel 63(1) van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) magtig die Provinsiale Minister om regulasies in te stel wat nie strydig met enige wet is nie en, waar van toepassing, onderhewig is aan enige nasionale norme en standaarde wat in artikel 146(2) van die Grondwet beoog word. Die volgende regulasies is vervolgens in die tersaaklike tydperk voorberei:

- 1) Die regulasies oor die verklaring van persoonlike belange van lede van beheerliggame in die verkryging van goedere en dienste vir openbare skole, 2013. Hierdie regulasies is in die Provinsiale Buitengewone Koerant Nr. 797 gedateer 18 November 2013 uitgevaardig en gepubliseer en het aan die begin van die 2014- akademiese jaar in werking getree. Die regulasies is d.m.v. Omsendbrief Nr. 0052/2013 aan skole versprei en beoog om 'n protokol vir beheerliggaam- en komiteelede te vestig om persoonlike belange te verklaar wanneer aangeleenthede rakende die verkryging van goedere en dienste vir openbare skole behandel word en sodoende enige belangebotsings tussen 'n lid en 'n skool uit te skakel.
- 2) Die konsepregulasies met betrekking tot die toelating van leerders tot openbare skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte is ingevolge artikel 63(1), gelees met artikel 20A(2), op 18 Oktober 2013 vir openbare kommentaar in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7187 gepubliseer. Kommentaar wat ontvang is, word vir die finalisering van die Regulasies oorweeg. Hierdie konsepregulasies poeg om die proses van assessering, ondersteuning en toelating vir leerders tot openbare skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte uiteen te sit.
- 3) Die regulasies oor die pligte van skoolbywoningsbeamptes is op 2 Desember 2013 in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 7205 gepubliseer en op 17 Januarie 2014 d.m.v. Omsendbrief Nr. 0002/2014 na skole gestuur. Hierdie regulasies maak voorsiening vir die pligte van skoolbywoningsbeamptes; lys die geldige redes vir afwesigheid van die skool en verduidelik 'n skriftelike kennisgewing aan ouers ten opsigte van bywoning vir leerders van verpligte skoolgaande ouderdom.

- 4) Die konsepregulasies met betrekking tot die verteenwoordigende raad van leerders sal bevoegdheid aan die Provinsiale Minister verleen om die funksies en prosedures vir die instelling en verkiesing van verteenwoordigende rade van leerders te bepaal. Dit maak ook voorsiening vir die rolle en funksies van onderwyserskakelbeampes en die pligte verbonde aan daardie beampes as verkiesingsbeampes vir die verkiesing van verteenwoordigende rade van leerders. Hierdie regulasies sal ook vir openbare kommentaar in die Buitengewone Provinsiale Koerant gepubliseer word. Die konsepregulasies word tans deur die Direkoraat: Wetgewing in die Kantoor van die Premier nagegaan, waarna dit in Mei 2014 vir kommentaar in die Provinsiale Koerant gepubliseer sal word.
- 5) Die konsepregulasies met betrekking tot die Departementshoof se uitreiking van prestasie-aanwysers wat bindend op openbare skole is, beoog om aanwysers vir openbare skole uiteen te sit ten einde die akademiese prestasie van die openbare skool te monitor en evalueer sodat die departement die betrokke openbare skole kan bystaan, adviseer en ondersteun om beter te presteer. Hierdie regulasies word tans aan regsmening onderwerp en sal vir openbare kommentaar gepubliseer word.
- 6) Die regulasies rakende die dissiplinerings, skorsing en verbanning van Leerders by openbare skole in die Wes-Kaap is ingevolge artikel 63(1)(cE) in die Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6932 uitgevaardig en het op 1 April 2012 in werking getree. Skole word versoek om hul gedragkode by hierdie regulasies aan te pas en om die substantiewe en prosedurele standaarde te volg wat in die regulasies t.o.v. aangeleenthede oor leerders se wangedrag bepaal word. Hierdie regulasies sal in die 2014/15-boekjaar hersien word vir verdere belyning met gedragskodes vir openbare skole.
- 7) Die regulasies rakende visitasie en assessering van openbare en gesubsidieerde onafhanklike skole is kragtens artikel 63(1)(cG) in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6976 gedateer 29 Junie 2012 uitgevaardig. Hierdie regulasies maak voorsiening vir die evaluering van prestasie en monitering van nakoming ingevolge Nasionale en Provinsiale Norme en Standaarde en is in omsendbrief 0026/2012 aan skole bekendgestel.
- 8) Die regulasies met betrekking tot die minimum onderrigure per skoolweek en skooldag in openbare skole in die Wes-Kaap is ingevolge artikel 63(1)(cC) in die Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7065 gedateer 28 November 2012 uitgevaardig en in Omsendbrief Nr. 0044/2012 aan skole bekendgestel. Hierdie regulasies maak voorsiening vir die minimum onderrigure per vak per fase, algemene beginsels wat toegepas moet word wanneer die minimum skoolure per week en per skooldag bereken word, individuele ondersteuningsplanne; en gesteerde datums van implementering.

Die departement het ook die volgende riglyne vir openbare skole voorberei:

- 1) Riglyne oor speelgrondveiligheid by openbare skole is deur die Minister verantwoordelik vir Onderwys in die Wes-Kaap goedgekeur en in Omsendbrief Nr. 10/2014 na skole gestuur, vir implementering in Julie 2014. Die riglyne maak voorsiening vir die rolle en verantwoordelikhede van personeel met betrekking tot die veiligheid van leerders op die

speelgrond, die oppervlaktes van speelgronde, giftige en andersins ongeskikte plante, asook leiding met betrekking tot die keuse van speelgrondtoerusting. Dit sluit bylaes in wat handel oor basiese omgewingsopnames, voorsorgmaatreëls met die aankoop of installering van speelgrondtoerusting en die inspeksie en instandhouding van toerusting.

- 2) Die Riglyne oor Sosiale Netwerke word tans gefinaliseer vir goedkeuring deur die Departementshoof en Provinsiale Minister. Hierdie riglyne sal die gebruik van sosiale netwerke op die internet deur opvoeders en leerders reguleer as 'n hulpmiddel om kurrikulumlewering te ondersteun en leer te bevorder, voorsiening maak vir parameters vir die interaksie tussen 'n leerder en opvoeder by die skool en om verder advies te lewer oor die gevare wat die gebruik van sosiale media vir leerders inhou.

b. VOO-kolleges en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) is in Mei 2009 ingestel met die oogmerk om uiteindelik vir hoër onderwysinstellings verantwoordelik te wees, met inbegrip van VOO-kolleges, SETA's en onderwys en opleidingsentrums vir volwassenes. Die DHOO en provinsiale onderwysdepartemente het 'n protokol van ooreenkoms oor die oorgang en tussentydse beheer en bestuur van die kolleges onderteken, en die DHOO het provinsies uitgenooi om provinsiale tegniese taakspanne saam te stel om die oordrag van funksies ten opsigte van VOO-kolleges as 'n nasionale bevoegdheid te bestuur en advies daaroor te lewer.

Die Wysigingswetsontwerp op Hoër Onderwys-en-Opleidingswette, 2010 (Wet 25 van 2010) is op 7 Desember 2010 in Staatskoerant Nr. 33853 gepubliseer. Dit wysig die Wet op VOO-kolleges, 2006 (Wet 16 van 2006) en die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000) ten einde voorsiening te maak vir die indiensneming van opvoeders by openbare sentrums, salarisse en ander diensvoorwaardes, die diensstaat van opvoeders, magte van werkgewers, aanstellings en die vulling van poste, die oorplasing van opvoeders, sekondering, aftrede, ontslag, ongeskiktheid en wangedrag en die verrigting van ander werk deur opvoeders. Dit maak ook onder andere voorsiening vir oorgangsreëlings ten opsigte van openbare sentrums; die bepaling van nasionale onderwysbeleid vir openbare sentrums, vir voorskriftelike beginsels van nasionale onderwysbeleid, konsultasie oor beleid en wetgewing, die publikasie van nasionale onderwysbeleid en die monitering en evaluering van die onderwys en opleiding van volwassenes, insluitend gehalteversekering met betrekking tot die kwalifikasies wat deur openbare en private sentrums aangebied word.

Die Wysigingswetsontwerp op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges, 2012 (Wet 3 van 2012) het op 3 Mei 2012 in werking getree en wysig die Wet op VOO-kolleges van 2006 (Wet 16 van 2006). Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het in Staatskennisgewing Nr. 367, gepubliseer in Staatskoerant Nr. 35336 gedateer 11 Mei 2012, bepaal dat sommige van die bepalings van die Wysigingswet op Verdere Onderwys en Opleiding, 2012 (Wet 3 van 2012) in werking sal tree vanaf die datum van ondertekening deur die president (11 Mei 2012 as die datum van kennisgewing deur die minister), buiten artikels 11, 12, 13, 14, 28(3) en 32(b).

Artikel 14 handel oor finansies gekoppel aan die verspreiding van die Voorwaardelike Toelae, en artikel 11, 12, 13, 28(3) en 32(b) handel die oordrag van personeel vanaf Provinsiale Onderwysdepartemente na die DHOO, behoudens die voorwaardes van artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 55 van 1995). Hierdie prosesse moet eers voltooi word voordat die tersaaklike artikels in werking kan tree op die datum wat deur die minister bepaal word en deur 'n verdere kennisgewing wat in die Staatskoerante gepubliseer moet word. Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het egter op 26 Maart 2014 'n kennisgewing uitgereik (Kennisgewing Nr. 209) in Staatskoerant Nr. 37470, waarin aangekondig word dat artikel 13, 28(3) en 32(b) ten opsigte van personeel op 1 April 2014 in werking sal tree, terwyl artikels wat met veral bestuurspersoneel verband hou, artikel 14, 11 en 12 op 1 April 2012 in werking getree het.

Die *Norme en Standaarde vir die Befondsing van VOO-kolleges* is vanaf 1 April 2010 geïmplementeer. Die norme en standaard is gegrond op die koste van die lewering van die Nasionale Sertifikaat: Beroepsgerigte programme. Die befondsingsformule het drie komponente naamlik *personeel*; *kapitaal* en *niepersoneel/niekapitaal*. Die befondsing van VOO-kolleges vind in die vorm van 'n voorwaardelike toelae plaas en word maandeliks oorgeplaas.

Die regulasies rakende die minimumvereistes vir die samestelling van 'n beheerliggaam van 'n openbare BOOV-sentrum is kragtens artikel 8(7) van die Wet op Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000) in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6952 gedateer 23 Februarie 2012 uitgevaardig. Dit maak onder andere voorsiening vir die samestelling, vergaderings, verkiesing en ontbinding van 'n beheerliggaam van 'n openbare BOOV-sentrum.

c. Uitdagings wat deur beleidsaangeleenthede gestel is

Skole:

Die regulasies met betrekking tot minimum eenvormige norme en standaard (November 2013) het 'n impak op die beplanning vir toekomstige geboue. Die potensiële impak hiervan op die bestaande geboue en groottes van skole sal 'n tydjie neem om te bepaal.

VOO-kolleges en OOV:

Die langdurigheid van die volle oorpasing van die kolleges het 'n redelike las op die betrokke personeel geplaas. Terselfdertyd is die voortgesette verhouding in die belang van provinsiale vaardighedsontwikkeling verwelkom.

In die geval van OOV, het die beraadslaging oor die kwalifikasie self tot onvoorspelbare inskrywings-patrone en 'n **sekere mate van onsekerheid** in hierdie sektor gelei. Die WKOD verwelkom die aanduidings van vordering in hierdie verband.

3. STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELWITTE²

Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 1	Verbeterde taal en wiskunde in laerskole
Doelwitverklaring	Prestasie in taal en wiskunde moet verbeter sodat leerders teen 2014 soos volg volgens ouderdomsnorme verbeter ³ : Graad 3: taal: 40% van leerders en wiskunde: 60% van leerders. Graad 6: taal: 40% van leerders en wiskunde: 50% van leerders. Graad 9: taal: 55% van leerders en wiskunde: 20% van leerders. Uitslae sal deur middel van jaarlikse toetsing gemonitor word en ingrypings sal dienooreenkomstig aangepas word.
Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 2	Hoër getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
Doelwitverklaring	Om die getal leerders wat die NSS slaag deur die voorsiening van handboeke, opleiding, bestuur en ondersteuning van onderwysers te verbeter. Die teikens vir 2014 is 43 000 leerders wat die NSS slaag en 17 500 wat met toegang tot B-grad-studies slaag; 11 000 leerders wat Wiskunde slaag en 8 000 wat Natuurwetenskap slaag.
Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 3	Vermindering in getal onderpresterende skole
Doelwitverklaring	Afname in onderprestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat in hoërskole: dat geen skole 'n slaagsyfer van <60% teen 2014 het nie. Afname in onderprestasie in ander grade, soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Assessering vir Graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir Graad 3, 6 en 9.

Vordering met teikens in strategiese plan

Die WKOD het vordering gemaak met die bereiking van die doelwitte wat in die strategiese plan gestel is. Aanpassings aan die doelwitte is uiteengesit, soos in die toepaslike Jaarlikse Prestasieplan vereis.

Doelwit 1: Verbeterde taal en wiskunde in laerskole

Die tabel hieronder toon 'n klaarblyklike afname in die uitslae aan. Die standaard van die taaltoetse is na twee jaar aangepas om die toetse meer uitdagend te maak. Daar was in 2009 nog nie 'n basislyntelling vir Graad 9 nie en die aanvanklike teikens is dus aangepas nadat die basislyntelling beskikbaar geword het.




² Die teikens is in die Jaarlikse Prestasieplan vir 2013/14 bygewerk. Die oorspronklike teikens het vir hierdie verslag behoue gebly.

³ Die slaagpunt is 50%. Die teikens moet gelees word as "Vir Graad 3 moet 40% van leerders Taal met 50% slaag en 60% moet Wiskunde met 50% slaag" ens.

		Jr 2010	Jr 2011	Jr 2012	Jr 2013	Teiken
Graad 3	Wiskunde-teiken	40	45	50	55	Nie aangepas nie
	Wiskunde werklik	48.3	47.2	51.5	55	
	Taal-teiken	55	60	33	40	Aangepas nadat toets verander het
	Taal werklik	54.9	30.4	38.9	37	
Graad 6	Wiskunde-teiken	15	20	25	30	Nie aangepas nie
	Wiskunde werklik	24.4	23.4	26.4	28	
	Taal-teiken	45	50	35	37	Aangepas nadat toets verander het
	Taal werklik	52.3	31.5	36.9	30	
Graad 9	Wiskunde-teiken	40	42	12	15	Aangepas na loodsing
	Wiskunde werklik	9.4	10.4	13.9	14	
	Taal-teiken	45	50	45	50	Aangepas na loodsing
	Taal werklik	51.8	44.2	48.2	48	

Doelwitte 2 en 3: “Verbeterde getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat” en “Vermindering in die getal onderpresterende skole”

Die teikens vir Doelwitte 2 en 3 wat oorspronklik vir Graad 12 se algehele prestasie vir die vyf-jaar tydperk (2009 – 2014) gestel is, word hieronder saam met die werklike syfers aangedui.




4. PRESTASIE INLIGTING PER PROGRAM

Program 1: Administrasie



2009 en 2013: Program 1 as 'n % van totale begroting



2009 Personeel-uitgawes as 'n % van die totale Program-begroting	2013 Personeel-uitgawes as 'n % van die totale Program-begroting	2009 Pr 1 Gemiddelde personeel-uitgawes per werknemer (R'000)	2013 Pr 1 Gemiddelde personeel-uitgawes per werknemer (R'000)	2009 Pr 1 Getal werknemers	2013 Pr 1 Getal werknemers
2.15	1.92	231	339.38	989	878

4.1 Program 1: Administrasie

Doelwit

Om oorkoepelende bestuur van en steun aan die onderwysstelsel te voorsien ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, die Suid-Afrikaanse Skolewet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander toepaslike beleide.

Die Administrasieprogram bestaan uit die volgende subprogramme⁴

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys

Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste

om aan die onderwysstelsel bestuursdienste te voorsien wat nie spesifiek op onderwys gerig is nie om beperkte voorsiening vir akkommodasiebehoefte te maak en dit in stand te hou

Subprogram 1.3: Onderwysbestuur

om onderwysbestuursdienste vir die onderwysstelsel te voorsien

Subprogram 1.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

om menslike hulpbronontwikkeling vir kantoorgebaseerde personeel te verskaf

Subprogram 1.5: Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)

om onderwysbestuursinligting ingevolge die Nasionale Onderwysinligtingsbeleid beskikbaar te stel

Strategiese doelwitte

Strategiese doelwit 1.1	Om menslike en finansiële hulpbronne aan te wend in daardie distrikte en skole wat histories onderbelegging ervaar het en om oorhoofse finansiële en MH-bestuur te verseker.
Strategiese doelwit 1.2	Om die reaktiwiteit en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter deur te fokus op die verbetering van die departement se sakeprosesse en stelsels.
Strategiese doelwit 1.3	Om geteikende bestuursopleiding vir amptenare, lede van skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame te voorsien.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Finansieel

Die WKOD het 98,9% van die goedgekeurde aansuiweringsbegroting vir 2013/14 bestee.

Fondse is aangewend om die doelwitte van Aksieplan 2014 en die drie doelwitte van die WKOD te bereik. 73,8% van die begroting is toegeken vir die vergoeding van werknemers (Kvl) en meer as R1.6 miljard vir die agt voorwaardelike toelaes en ander noodsaaklike verpligtinge. Die WKOD is verbind tot oordeelkundige besteding ten einde fondse te verskuif om in die nodigste behoeftes te voorsien.

⁴ Die subprogramme vorm deel van die nasionale sektor se templaet en is kategorieë wat deur Tesourie befonds word. Die fondse in Program 1 dek koste wat met die administrasie van die stelsel verband hou.

Besparings is in die Kvl aangeteken, hoofsaaklik te danke aan doeltreffendheidsmaatreëls wat geïmplementeer is, byvoorbeeld die vermindering in die getal tydelike en aflospersoneel. Hierdie Kvl-besparings is grotendeels aan die verbetering van skoolinfrastruktuur toegeken (meer as R45m). Voortgesette omsigtige finansiële bestuur het die WKOD in staat gestel om R30m ter syde te stel om skole met skuld vir munisipale dienste te help.

Kostebesparingsmaatreëls het die grootmaat-bestelling van KABV-handboeke vir Graad 7 tot 9 en Graad 12 ingesluit. Daarbenewens het die doeltreffendheidsmaatreëls die grootmaat-aankope van lesers vir Graad 1-3 in 2013/14 moontlik gemaak, wat vir verkryging in die 2014/15-boekjaar geskeduleer was.

Die WKOD is deur die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika erken as die "mees verbeterde departement van die Wes-Kaap".

Menslike Hulpbronne

Die bestuur van die WKOD se diensstaat is van kritieke belang vir die opvoedkundige sukses van skole. Die WKOD het 85 bykomende poste vir die 2014 akademiese jaar toegeken. Die WKOD streef voortdurend om die leerder-opvoeder-verhouding in die grondslagfase te verbeter. Aangesien die WKOD 'n beleid aanvaar het om te verseker dat meer onderwysers permanent is, is die stelsel oor die algemeen meer stabiel. Die WKOD het 'n gemiddelde leerder-tot-onderwyser-verhouding van 1:36 in laerskole en 1:34 in hoërskole gehandhaaf.

As gevolg van 'n ontwerpte ontplooiingsplan, is daar minder oortollige onderwysers. Optimale plasing van oortollige onderwysers is uiters belangrik om te verseker dat hulle vaardighede ten beste benut word en dat leerders ten beste daarby baat. As fondse bestee word aan salarisse van oortollige onderwysers, het dit 'n uitwerking op die aanstelling van onderwysers wat elders benodig word. Die WKOD het gedurende die tydperk 1 April 2013 tot 31 Desember 2013 die getal oortollige opvoeders met 113 verminder. 'n Verdere 16 oortollige opvoeders is in die eerste kwartaal van 2014 geplaas.

Die WKOD bestuur die Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid (PILIR). Daar moet verseker word dat verlof met betaling slegs toegestaan word aan diene wat daarop geregtig is en dat daar geen onnodige vertraging is met die evaluering van hulle geregtigheid of oorbetalings vir diene wat nie op verlof geregtig is nie.

Gedurende die tydperk 1 April 2013 tot 31 Desember 2013, is 384 uit 671 Funza Lushaka-beurshouers suksesvol in permanente, aflos- of tydelike poste geplaas.

Spesiale aandag is in 2013 aan die advertering en vulling van skoolhoof- en onderhoofposte geskenk. Hierdie poste is in elk van die vakaturelyste en in spesiale vakaturelyste geadverteer en geprioritiseer om die spoedige verwerking van aansoeke te verseker. Hierdie stap het die tydperke van opvoeders in waarnemende poste en die gebruik van tydelike personeel verminder en tot stabiliteit in skole bygedra. Aanstellingskriteria en keuringsprosesse vir skoolhoofde is ook versterk.

Die data in onderstaande tabel oor die aanstelling van nuwe skoolhoofde is vir die tydperk 1 April 2013 tot 31 Maart 2014 en sluit aanstellings by alle openbare skole in.

Nuwe skoolhoofde per jaar							
Distrikte	Skoolhoof- poste 2013	2009	2010	2011	2012	2013/4	Totaal
Kaapse Wynland	287	13	22	20	10	19	84
Eden en Sentraal Karoo	227	14	13	12	9	27	75
Metro-Sentraal	234	12	30	14	6	24	86
Metro-Oos	153	9	21	6	10	12	58
Metro-Noord	220	15	16	10	16	14	71
Metro-Suid	202	14	18	8	8	5	53
Overberg	85	3	9	5	4	9	30
Weskus	134	8	13	11	5	15	52
Totaal	1 542	88	142	86	68	125	509

Inligting en kommunikasie

Die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS)

Die SOBIS is in 2013/14 verder ontwikkel om die benutting daarvan te bevorder. Dit is ontwikkel om 'n toenemende aantal outomatiese sakeprosesse te ondersteun en word ook doeltreffend vir die nasporing van leerderregistrasie aangewend. Die SOBIS het dus 'n groter rol in die ondersteuning, leiding en versterking van strategiese besluitneming gespeel. Soos in die verlede, het SOBIS regstreekse ondersteuning aan eksamen- en assesseringsadministrasie en registrasieprosesse verskaf, asook data vir die berekening van diensstate en om aanlyn-opnames by gewone en spesiale skole uit te voer. Die gereelde nasporing van leerder-inskrywings by skole was nuttig vir alle beplanningsprosesse.

SOBIS is in 2013 weer deur skole vir die bestelling van handboeke (KABV en werkboeke) gebruik. Hierdie geoutomatiseerde proses het gelei tot doeltreffendheid ten opsigte van tyd, arbeid en koste, aanlyn-monitering van vordering moontlik gemaak en verslagdoening gefasiliteer. Die geoutomatiseerde aansoeke om terugbetaling van skoolgeldvrystellings aan skole is verfyn, wat tot meer deursigtigheid en beter beheer en verslaggewing gelei het. Aanlyn-kennisgewing van norme en standaarde, diensstaattoekennings en assesseringsuitslae het ook kommunikasie met skole verbeter en hulle met beplanning gehelp. 'n Kwartaallike moniteringsinstrument is deur distriksamptenare gebruik om vordering by skole met betrekking tot sekere kommerwekkende aangeleenthede deur EduInfoSearch na te spoor. 'n Fasiliteit om die skole se verbeteringsplanne vir 2013 op te laai, is ook op SOBIS beskikbaar gestel.

Die Distrikbestuursinligtingstelsel (DBIS) is operasioneel in al agt distrikskantore. Distriksamptenare het voortgegaan om die stelsel te gebruik om verslae vir skoolingrypings te beplan, vas te lê en hersien.

Die WKOD het in 2013 die aanwending van 'n geoutomatiseerde e-werwingstelsel geloods. Die aanlyn-aansoekstelsel: E-werwing vir Opvoeders: "Die werwing van die beste" is in 2012 geloods. Alle vakatures is in 2012 op die aanlyn-stelsel geadverteer. 24 600 gebruikers het tot hede op die stelsel geregistreer en 14 985 gebruikers het hul profiel op die stelsel voltooi.

Kommunikasie

Die media het meer as 4 300 verslae in verskillende formate (gedrukte media, radio, televisie en aanlyn) oor onderwys in die Wes-Kaap gepubliseer, wat 'n aanduiding is van die media se belangstelling in die werk van die WKOD.

Die WKOD het gedurende die jaar veldtogte onderneem om ouers en leerders aan te moedig om aktief aan die verbetering van leerderuitkomstedeel te neem en om die departement se pogings te ondersteun om toegang tot gehalte-onderwys te verbeter.

Dit was: i) Die Inskrywing 2014-veldtog om ouers te oortuig om hulle kinders vroeg in te skryf as hulle laerskool of hoërskool begin, of as hulle van skool verander. ii) 'n Terug Skool Toe-veldtog het ouers ingelig oor die WKOD se prioriteite vir 2014 en wat ouers kan doen om hul kinders se opvoeding te ondersteun. iii) 'n Geletterdheid en Gesyferdheid 2014-veldtog het aan ouers verduidelik wat hulle by die huis kan doen om te help om hul kinders se vaardighede in lees, skryf en wiskunde te ontwikkel. Die WKOD het meer as 110 000 Graad 1-ouergidse as deel van die Geletterdheid en Gesyferdheid-veldtog versprei.

Media wat in die veldtogte gebruik is, het radio, advertensieborde en plakkate, inligtingsblaaië in gemeenskapskoerante en advertensies op taxi's ingesluit.

Die WKOD het 'n wye reeks publikasies in 2013/14 uitgegee, insluitende "Wenke vir Sukses" – riglyne vir Graad 10 tot 12; bylaes vir Matriek-hersiening is aan elke NSS-kandidaat versprei; bylaes vir Graad 10-ondersteuning oor vrae wat gereeld gevra word en sleutelkonsepte; 'n burgerlike verslag oor vordering tot hede; die WKOD-koerant, Education Update; 'n riglyn vir Graad 1-ouers; en 'n tweeweeklikse nuusbriëf vir personeel, WCED@work.

Die getal besoeke aan die WKOD-webwerf het steeds gegroei. Die maandelikse gemiddelde het gedurende die jaar die 100 000-merk oorskry (109 312). Die webwerf het in 2013/14 'n totaal van 1 311 752 besoeke ontvang, 'n styging van 1 179 074 in 2012/13. 14% van skole het die webwerf as "uitstekend" beoordeel volgens die Kliëntetevredenheidsopname van 2013. 98% het die webwerf as bevredigend of goed beoordeel.

Die WKOD het aanlyn-ondersteuning vir matrikulante bekendgestel, met skakels na lesse van die WKOD se Telematika-program op YouTube. Die departement het aan die begin van die matriekeksamen-tydperk in Oktober 2013 die video's opgelaa. Die 171 video's het 25 637 kykers vanaf Augustus tot die einde van die eksamentydperk gelok. Sedertdien het die WKOD 'n totaal van 324 video's opgelaa, wat Geografie, Wiskunde, Fisiese Wetenskap en Lewenswetenskap dek.


WKOD se Kliëntediensbedryf 'n inloopsentrum, 'n besoekersentrum en 'n inbelsentrum. Die inloopsentrum het 'n gemiddeld van 1 827 besoekers per maand ontvang, terwyl die besoekersentrum sowat 1 375 besoekers per maand ontvang het. Die inbelsentrum het 'n gemiddeld van 8 346 oproepe per maand hanteer. Die WKOD het in 2013 die opknapping van die inloopsentrum voltooi en het 'n nuwe kontaksentrum spesifiek vir eksamens en assesserings ingerig, hoofsaaklik om kandidate met NSS-navrae te help.

Die kliëntetevredenheidsopname is vir die vyfde jaar in 2013 uitgevoer. Die steekproef was die finale stel skole wat oor die tydperk in die provinsie beoordeel is. Met ander woorde, elke skool is die geleentheid gegun om op een of ander stadium tussen 2009 en 2013 die dienslewering van die WKOD te beoordeel. Elke jaar, insluitend 2013, het vyf opvoeders per skool, op verskillende posvlakke en wat skoolhoofde insluit, die vraelyste voltooi.

Respondente per postitel 2013		
Posbenaming	Totaal	%
Skoolhoof	259	24%
Onderhoof	124	12%
Departementshoof	197	19%
Senior Opvoeder	110	10%
Opvoeder	317	30%
Ander	54	5%
TOTAAL	1 061	100%

Respondente per jare ervaring		
Ervaring Kategorie	Personeel	%
Minder as 5 jaar	86	8%
5 - 10 jaar	108	10%
11 - 19 jaar	195	18%
20 - 30 jaar	407	38%
Meer as 30 jaar	265	25%
Groottotaal	1 061	100%

Die graderings toon oor die algemeen 'n verbetering in die waargenome diensleweringvlakke sedert die eerste opname uitgevoer is.



Aanspreeklikheid

Alle amptenare word deur middel van posbeskrywings en prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou. Amptenare by hoofkantoor word vir tydige en deskundige ondersteuning aan distrikte verantwoordelik gehou. Skole en distrikte word vir ondersteuning aan skole en die prestasie van leerders aanspreeklik gehou. Die belangrikste fokusareas in 2013 was bywoning deur onderwysers en leerders en die optimale benutting van die skooldag.

Alle skole het in Februarie 2013 en weer in 2014 aanlyn-skoolverbeteringsplanne (SVP'e) met teikens vir drie jaar voltooi – vir akademiese prestasie; bestuursdoeltreffendheid (leerder- en onderwyserafwesigheid en akademiese beplanning); hulpbronne en instandhouding. Die aanwysers stem ooreen met die nasionale teikens in Aksieplan 2014 (sien bylae). Die waarde van die aanlyn-verbeteringsplan is dat alle skole daarop fokus om belangrike ingrypings vir verbetering te dryf. Die SVP vorm ook deel van die aanspreeklikheidstelsel, aangesien die ondertekenaars van die plan die skoolhoof, die SBL en die WKOD insluit. Die plan sluit aksieplanne in om stappe te identifiseer wat elke skool sal instel om die gestelde teikens in hulle SVP'e te bereik.

Die WKOD het in 2012 kwartaallikse Skoolverbeteringsmonitering (SVM) bekendgestel, wat aan die Skoolverbeteringsplanne gekoppel is. Die SVM vir 2013/14 het die gebruik van handboeke en werkboeke en die sleutelaspekte van hulpbronvoorsiening en skoolfunksionaliteit nagespoor. Aangesien die verslae aanlyn vasgelê is, kon die data vir spoedige ondersteuning ontgin en gebruik word. Die data het in die besonder die WKOD in staat gestel om op hoogte van die aflewering van werkboeke en handboeke te bly.

Aanspreeklikheid is uitgebrei met die oorsigtelike rol wat deur Provinsiale en Nasionale Tesourie vervul word ten opsigte van die verpligte elemente van die beplanning- en verslagdoening-siklusse wat finansiële én niefinansiële aangeleenthede dek. Verslagdoening vind op 'n maandelikse (bv. finansiële), kwartaallikse of jaarlikse grondslag plaas. Alle afdelings van die WKOD het ooreenstemmende afdelings in die Departement van Basiese Onderwys of die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, waardeur verslagdoening, prestasie-ontleding en vooruitskattings op 'n volgehoue grondslag gekanaliseer word. Die Departement van die Premier speel 'n oorsigtelike rol in belangrike WKOD-projekte, wat deur die provinsiale paneelbord nagespoor word. Voorts word beheer deur interne én eksterne ouditprosesse op kontroles uitgeoefen, wat daartoe bydra dat funksionaliteit en omsigtige bestuur verseker word.

Materiële aanspreeklikheid berus in die formele verhouding tussen die WKOD en Umalisi, die nasionale gehalteversekeringsliggaam vir leeruitkomste. Die verhouding is gegrond op die interne moderering van assesseringsprosesse en die voorsiening van 'n aanvaarbare eksamenproses.

Net soos alle staatsdepartemente landwyd, het die WKOD aan 'n moniteringsinnovasie van die Presidensie deelgeneem, naamlik die assesseringshulpmiddel vir bestuursprestasie (MPAT) wat vier gebiede van korporatiewe beheer monitor: strategiese beplanning, menslike hulpbronne, korporatiewe beheer en aanspreeklikheid en finansiële bestuur. Die oefening was 'n waardevolle een en die WKOD het verbetering getoon tussen die eerste en die tweede oefening in hierdie verband, met 'n paar 5/5 tellings. Die resultate van die 2013/14-siklus word in April 2014 verwag.

Heelskoolevaluering verskaf steeds waardevolle insigte, nie slegs oor die ondersteuningsbehoefte van individuele skole nie, maar ook oor sistemiese kwessies. Die evaluering, oor drie of vyf dae na gelang van die grootte van die skool, is gebaseer op die nege gebiede vir evaluering wat in die HSE-beleid gespesifiseer is: Basiese funksionaliteit; Leierskap, bestuur en kommunikasie; Beheer en verhoudinge; Gehalte van onderrig en leer en opvoederontwikkeling; Kurrikulumlewering en hulpbronne; Leerderprestasie; Skoolveiligheid, sekuriteit en dissipline; Skoolinfrastruktuur; en Ouers en die gemeenskap. Differensiering in die lengte van besoeke het daarvoor gesorg dat bykomende skole besoek kon word. Skole word volgens die HSE-gradering gekodeer. Die bevindinge word in tendensverslae bekendgestel, benewens die uitgebreide verslae wat aan die betrokke skole voorsien word.

'n Onderwysraad om die Minister verantwoordelik vir Onderwys in die Wes-Kaap oor opvoedkundige aangeleenthede te adviseer, aangestel ingevolge die regulasies rakende die Onderwysraad vir die Wes-Kaap, het vier keer vergader en advies aan die provinsiale minister en die WKOD gelewer ten opsigte van aangeleenthede rakende onderwys, insluitende wette en regulasies.

Strategiese doelwitte

Program 1					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
►PPM101: Getal openbare skole wat SASAMS gebruik om data aan die nasionale leerderospoorstelsel te voorsien	1 458	1 459	1 459		
►PPM102: Getal openbare skole wat elektronies (per e-pos) bereik kan word	1 458	1 459	1 459		
►PPM103: Persentasie lopende onderwys-uitgawes wat aan niepersoneelitems bestee word	21.76%	25.51%	21.52%	- 3.99%	Die teiken is nie bereik nie weens vergoeding wat 'n groot gedeelte van die begroting geabsorbeer het, wat grotendeels as gevolg van 'n groter as verwagte aansuiwering in die verbetering in diensvoorwaardes was. 'n Ander bydraende faktor was die herklassifikasie van funksies binne die begroting.

Prestasie-aanwysers

Program 1					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
PPA 1.1 Verseker finansiële bestuur	Ongekwalfiseerde audit	Ongekwalfiseerde audit			
PPA 1.2 Afwykings ten opsigte van tenders bo R500 000	12	6	16	-10	Die afwykings is deur beleid toegelaat en was nodig in die lig van die behoefte om gespesialiseerde kurrikulumhulpbronvoorsiening en fisiese hulpbronbehoefes te ondersteun.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Die volgende is die belangrikste strategieë van die WKOD om onderprestasie aan te spreek:

- Posvoorsiening wat verseker dat onderwysers geplaas word by die skole wat aan die vereistes van daardie skole voldoen.
- Aanstelling van skoolhoofde (aandag aan die verbetering van keuringskriteria en die opleiding van SBL'e in hierdie verband; opleidingsgeleenthede vir aspirant-skoolhoofde)
- Aandag aan die aanstelling en ondersteuning van departementshoofde en onderhoofde by skole
- Opleiding van onderwysers en amptenare, soos nodig
- Skoolverbeteringsplanne en skoolverbeteringsmonitering
- Gebruik van aanlyn-prosesse om alle voorsiening te stroomlyn en bespoedig
- Gelyke befondsing vir die ondersteuning van skole in kwintiel 1 tot 3
- Skooldvystellingsprosesse vir skole in kwintiel 4 en 5
- Bystand aan skole ten opsigte van munisipale skuld
- Interne kontrole-eenheid om terugvoering oor nienakoming aan bestuur te gee
- Hersien sakeprosesse, soos nodig
- Verseker volgehoue verbetering in die toepassing van verkrygingsprosedures
- Kwartaallikse bywerking van alle bateregisters

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 1 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- WKOD Strategiese Plan, kwartaallikse verslae oor organisatoriese en skoolprestasie en die jaarverslag van die WKOD
- Samestelling van finansiële beplannings- en verslagdoeningsdokumente, insluitende die Skattings van Provinsiale Inkomste en Uitgawes (SPIU), maandelikse in-jaar moniteringsverslae (IJM) en die tussentydse en finansiële jaarstate
- Verkryging van bates, goedere en dienste en kontrakbestuur
- Instandhouding van die WKOD-bateregister
- Betaling van verskaffers binne 30 dae
- Bestuur van die diensstaat van die WKOD, werwing van onderwysers en staatsamptenare, personeelontwikkeling en prestasiebestuur, werknemerwelstand en arbeidsverhoudinge
- Instandhouding en verdere ontwikkeling van die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1.1 Kantoor van die LUR	6,117	6,117	-	6,340	6,340	-
1.2 Korporatiewe Dienste	238,351	238,351	-	235,798	235,798	-
1.3 Onderwysbestuur	285,673	277,078	8,595	273,618	263,695	9,923
1.4 Menslike Hulpbronontwikkeling	20,699	20,699	-	9,016	9,016	-
1.5 Onderwysbestuur-Inligtingstelsel (OBIS)	28,904	28,904	-	22,139	22,139	-
Totaal	579,744	571,149	8,595	546,911	536,988	9,923

Program 2: Openbareskoolonderwys





2009 Pr 2 Personeel-uitgawes as 'n % van die totaal	2013 Pr 2 Personeel-uitgawes as 'n % van die totaal
67.38	62.12
2009 Pr 2 Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000)	2013 Pr 2 Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000)
200.39	279.58
2009 Pr 2 Getal werknemers	2013 Pr 2 Getal werknemers
35 696	34 440

42% van die algehele begroting is in Program 2 gesetel

334 287 leerders is daagliks in 2009 gevoed en 438 883 in 2013

Inskrywings Graad 1 - 12



4.2 Program 2: Openbare Skoolonderwys

Doelwit

Om openbare gewone onderwys van Graad 1 tot 12 te voorsien, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 en die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997, soos gewysig.

Die Gewone Skoolonderwysprogram bestaan uit die volgende subprogramme⁵

Subprogram 2.1: Openbare Laerskole

om spesifieke openbare gewone laerskole met die hulpbronne toe te rus wat vir Graad 1 tot 7 benodig word

Subprogram 2.2: Openbare Sekondêre Skole

om spesifieke openbare gewone sekondêre skole met die hulpbronne toe te rus wat vir Graad 8 tot 12 benodig word

Subprogram 2.3: Professionele Dienste

om opvoeders en leerders by openbare gewone skole van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

Subprogram 2.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

om voorsiening te maak vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare gewone skole

Subprogram 2.5: Voorwaardelike Toelaes

- om deur die nasionale skoolvoedingsprogram (NSVP) aan geïdentifiseerde behoeftige en honger leerders in openbare gewone skole van die minimum voedsel te voorsien wat hulle nodig sal hê om effektief op skool te leer
- om tegniese skole te herkapitaliseer
- om ondersteuning aan Dinaledi-skole te verskaf

Strategiese doelwitte

Program 2: Strategiese doelwitte	
Strategiese doelwit 2.1:	Om te verseker dat onderwysers deur middel van voortdurende professionele ontwikkeling toegerus is om te onderrig
Strategiese doelwit 2.2:	Om te verseker dat uitkomst in geletterdheid en gesyferdheid verbeter deur die maksimum hulpbronne (menslike én finansiële) vir die eerste drie jaar van skoolonderwys aan te wend
Strategiese doelwit 2.3:	Om die uitstekende bestuur van skole te verseker
Strategiese doelwit 2.4:	Om te verseker dat elke klaskamer teksryk is
Strategiese doelwit 2.5:	Om geteikende maatreëls vir voeding, armoedeverligting en veiligheid te voorsien
Strategiese doelwit 2.6:	Om te verseker dat skole by demografiese tendense inpas

⁵ Die subprogramme vorm deel van die nasionale sektor se templaats en is kategorieë wat deur Tesourie befonds word. Die fondse in program 2 is toegeken om die hoofbegroting van die WKOD te dek en sluit onderwysers se salarisse, infrastruktuur en verkrygingskoste en die skoolvoedingsprogram in.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

Die grootste enkele faktor wat alle beplanning en voorsiening in die onderwys beïnvloed, is die inskrywing van leerders. Die WKOD het toenemend algemene huishoudelike opname-data en ander tendensontledings gebruik om met vooruitskattings te help. Doeltreffende onderrig en leer hang af van 'n geskikte onderwyser-leerder-verhouding, fasiliteite en handboeke wat in plek is in gebiede waar die grootste behoefte bestaan. Die toename in inskrywings in onlangse jare het tot aansienlike druk op akkommodasie en personeelvoorsiening in sekere gebiede gelei. Terselfdertyd word kwynende getalle in ander dele van die provinsie ervaar.


Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
2002	86 969	77 026	64 134	83 022	93 188	86 786	80 865	75 601	80 450	69 752	51 618	40 468	889 879
2003	86 916	82 454	75 931	66 033	82 383	92 341	84 514	81 154	73 200	81 739	51 746	39 644	898 055
2004 ⁶	104 105	82 130	81 489	76 781	66 060	82 574	89 614	85 053	78 964	80 756	54 199	39 451	921 176
2005	93 515	94 231	80 695	80 809	74 984	66 141	81 953	88 778	82 169	81 577	56 657	39 303	920 812
2006	87 650	85 972	89 828	80 443	77 811	73 106	65 347	78 926	80 595	83 529	57 536	40 198	900 941
2007	92 818	82 562	83 914	89 973	78 674	78 021	72 733	66 406	80 697	86 495	61 938	42 624	916 855
2008	91 853	83 267	79 454	85 891	87 116	78 290	76 146	71 410	72 914	79 133	63 819	43 470	912 763
2009	93 601	82 158	80 385	83 150	82 382	85 621	76 262	75 227	79 795	68 405	60 812	45 692	913 490
2010	98 086	83 046	79 155	84 234	80 290	81 402	82 777	75 426	85 114	70 630	53 799	44 876	918 835
2011	100 423	85 216	79 489	83 490	80 205	79 022	78 207	81 312	84 957	73 470	56 995	38 990	921 776
2012	103 444	88 536	81 415	83 922	79 900	78 384	76 432	77 561	90 815	72 714	58 758	43 111	934 992
2013	104 678	93 506	85 762	85 599	79 210	78 437	76 238	75 528	87 132	78 812	56 109	46 035	947 046

Databron: 2013: Jaarlikse Opname vir Skole (Openbare Gewone Skole buiten LSOB-eenheid se leerders).


Die tabel hierbo toon 'n algehele toename van 57 167 leerders oor die 12-jaar siklus. Dit illustreer 'n beduidende groei in die inskrywing in Graad 1 en die impak van verbeterde retensie tussen Graad 10 en 12.

⁶ Inskrywingspatrone word beïnvloed deur die verandering wat in 2002 op nasionale vlak aangebring is met die beleid oor die toelatingsouderdom vir Graad 1, wat skole verplig het om slegs leerders toe te laat wat in die eerste skooljaar sewe word. Gevolglik was die Graad 1-inname laer as in vorige jare. Toe die ouderdomsvereiste in 2004 weer verander het, was daar weereens 'n toename in inskrywings. Dit word in hierdie tabel aangetoon.


Syfers van die kitsopname van 2014 illustreer die groei in die stelsel "per fase". Teen die tyd van die opname was nie al die Graad 8-inskrywings op die stelsel vasgelê nie.



In-migrasie na die provinsie bly steeds 'n belangrike bydraer tot inskrywingsyfers en veroorsaak druk op akkommodasie in ontwikkelende gebiede.




Die getalle in Graad 1 en 9 is 'n aanduiding dat 'n aantal leerders hierdie grade herhaal. Hierdie aangeleenthede ontvang aandag en daar is spesiale ingrypings om die druipeyfer te verminder. Die grafiek en tabel hieronder som die onlangse vordering in hierdie verband aan.



	Jr 2011	Jr 2012	Jr 2013
Algehele slaagkoers [Gr 1-11]	86.9%	88.1%	89.1%
Graad 1-slaagkoers	79.80%	83.30%	84.7%
Graad 1-slaagsyfer	79 190	85 143	87 607
Graad 9-slaagkoers	71.1%	73.9%	77.0%
Graad 9-slaagsyfer	54 310	61 542	60 866
Graad 10-slaagkoers	73.4%	71.9%	80.8%
Graad 10-slaagsyfer	49 883	48 026	58 915
Graad 11-slaagkoers	80.3%	83.4%	87.8%
Graad 11-slaagsyfer	42 685	46 058	46 599
Inskrywings Gr 10 - Gr 12	169 455	174 583	180 385

Die inskrywings vir Graad 11 en 12 toon tekens van beter retensie. Die historiese afname in getalle in Graad 11 en 12 word behandel deur meer aandag te skenk aan vakkeuses aan die einde van Graad 9, beter advies oor loopbaankeuses en -opsies te lewer en die akademiese ondersteuning op hoërskoolvlak te versterk. Skole en distrikte het spesifieke teikens gestel om die getalle wat in elke skool slaag en die volgende jaar terugkeer, te vermeerder. Die grafiek hieronder illustreer die impak van hierdie strategie.



Toetsuitslae


Primêre skoolonderwys: Graad 3, 6 en 9 Taal en Wiskunde in die Wes-Kaap

Die WKOD het vanaf 2002 tot 2009 in afwisselende jare taal- en wiskundetoetse vir Graad 3- en 6-leerders geadminestrer om vordering te monitor en probleme te diagnoseer. Die WKOD het in 2010 vir die eerste keer alle leerders in Graad 3 en 6 getoets om die stand van leer in taal en wiskunde in elke skool in die provinsie te bepaal. Graad 9-leerders is in dieselfde jaar, 2010, vir die eerste keer getoets. Die Graad 9-toetse was 'n steekproef om 'n basislyn in taal en wiskunde te bepaal. Die WKOD het in 2011 die vlak van uitdaging in die toetse verhoog, veral in die taaltoetse, ten einde 'n nuwe minimum standaard vir die provinsie te stel. In die besonder is langer en meer komplekse tekste by die taaltoetse ingesluit.

In 2013 het meer as 70 000 leerders die toetse in graad 3, 6 en 9 afgelê. 'n Puntetelling van 50% is nodig om te slaag. Die uitslae word hieronder verskaf.

WKOD Graad 3, 6 & 9 sistemiese uitslae 2013 – Openbare gewone skole						
	Graad 3		Graad 6		Graad 9	
	Wiskunde	Taal	Wiskunde	Taal	Wiskunde	Taal
Geskryf	81 883	81 888	73 908	73 900	79 699	74 534
Geslaag	45 036	30 299	20 916	21 800	10 682	35 627
Slaag %	55	37	28	30	14	48
Gemiddelde puntetelling	51	43	39	39	29	51

Die toetsuitslae toon matige maar bestendige verbeterings in die wiskundepunte sedert 2012. Die daling in die slaagkoers van tale in Graad 3 en 6 sal ontleed word en ingrypings by spesifieke skole inlig.



Die uitslae van die 2013-toetse is in Januarie 2014 aan skole voorsien en dit is aangewend om die skoolverbeteringsplanne en teikens vir 2014 in te lig.

Nasionale Senior Sertifikaat

2013 was die sesde jaar van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen. Baie ondersteuning is voorsien aan Wes-Kaapse skole wat Graad 12 aanbied. Die Wes-Kaap het 'n slaagkoers van 85.1% behaal. In 2013 was daar 3 566 meer kandidate wat geslaag het as in 2012 en 3 158 meer wat geslaag het met uitslae wat vir hulle toegang tot studies vir 'n B-graad verseker. 12 216 leerders het wiskunde met 'n slaagkoers van 73.3% geslaag. Vir natuurwetenskap was die 2013-slaagkoers 72.6%, 'n verbetering op die 2012 syfer van 70.9%. Die getal leerders wat natuurwetenskap geslaag het, was 8 333.

WKOD vergelykende NSS-uitslae 2009 – 2013										
Jaar	Geskryf	Geslaag	% Geslaag	Toegang tot B-graad	% Toegang tot B-graad	Wiskunde geslaag	Slaag-koers in Wiskunde	Natuurw. geslaag	Slaag-koers in Natuurw.	Skole met slaag-koers <60%
2009	44 931	34 017	75.7	14 324	31.9	12 467	64.9	7 064	52.9	85
2010	45 783	35 139	76.8	14 414	31.5	11 571	66	7 524	59.6	78
2011	39 988	33 146	82.9	15 215	38.1	9 820	68.7	7 137	65.3	30
2012	44 700	36 992	82.8	16 319	36.5	11 311	73.5	7 995	70.9	26
2013	47 636	40 558	85.1	19 477	40.9	12 216	73.3	8 333	72.6	23

Jaarlikse Nasionale Assessering

Skole het in 2013 assesseringsriglyne ontvang, asook een stel voorbeelde van vrae per graad en vak ten einde leerders vir die JNA voor te berei. Die voorbeelde is ook op die WKOD se webwerf geplaas.

Die 2013 Jaarlikse Nasionale Assessering is deur 615 326 leerders in Graad 1 – 6 en Graad 9 geskryf. 1 455 openbare gewone skole, 77 onafhanklike en 19 spesiale behoefte-skole in die Wes-Kaap het aan hierdie nasionale assessering deelgeneem. Antwoorde is deur die skole se onderwysers nagesien en daarna is eksemplare van drie antwoordeboeke per vak en per klas vir Graad 3, 6 en 9 van elke skool weer nagesien deur onderwysers by 'n sentrale lokaal in elke distrik as die provinsiale modereringsoefening.

Die DBO het 'n eksterne evalueringsagentskap aangestel om 'n steekproef van Graad 3, 6 en 9 antwoordeboeke by 244 geselekteerde skole van die WKOD te modereer. 25 antwoordeboeke van leerders per Graad 3, 6 en 9 is vir die steekproef gebruik en vir eksterne nasiening en moderering ingedien. Die modereringsoefening het 'n hoë graad van korrelasie getoon tussen die modereringspunte en dié wat deur onderwysers toegeken is. Dit is 'n gerusstelling dat 'n geskikte standaard in skole toegepas is.

Die 2013-uitslae word in onderstaande tabel aangedui:

	WKOD 2013 Taal	Nasionaal 2013 Huistaal	WKOD 2013 Wiskunde	Nasionaal 2013 Wiskunde
Graad 1	65	60	61	60
Graad 2	62	57	62	59
Graad 3	49	42	58	49
Graad 4	54	49	42	37
Graad 5	56	46	40	33
Graad 6	63	64	47	38
Graad 9	50	50	17	13

Professionele Ontwikkeling

Volgehoue, professionele onderwyserontwikkeling in die WKOD bly 'n sleutelfokus. Opleiding vir die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) het vir die laaste keer in 2013 plaasgevind, wat 'n nuwe tydperk van konsolidasie in die stelsel ingelui het ná 'n tydperk van drie jaar van opleiding en die opeenvolgende gefaseerde implementering oor grade en die implementering in Graad 7-9 en 12 in 2014.

Onderwysers

KABV

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* is in die KABV verfyn en herverpak. Die KABV spesifiseer vir elke vak die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) en die gewigte en voorskrifte vir assessering. Die KABV het die voordeel dat alle vereistes in een dokument vervat is. Die belangrikste veranderinge wat volgens die KABV moet plaasvind, is dat daar minder administratiewe las vir onderwysers, duideliker spesifikasies van vakinhoud en sterker onderrig- en assesseringsmetodes moet wees.

Die WKOD het in 2013 onderwysers in Graad 7-9 opgelei vir die bekendstelling van die KABV in 2014. Dit het die vorm van 'n volle dag se oriëntering vir elk van die agt vakke aangeneem. Ongeveer 9 000 onderwysers het ten minste een van die vier dae bygewoon. Op die vyfde dag het 1 816 skoolhoofde/onderhoofde oriëntering vir die bestuur van KABV-implementering bygewoon. Meer as 2 700 onderwysers van Graad 12 het ook KABV-opleiding in die skoolvakansie bygewoon.

Alle opleiding van onderwysers word aangevul deur 'n program van klaskamer-gebaseerde ondersteuning.

Taal en Wiskunde

Die WKOD het in 2009 'n 8-jaar opleiding- en ondersteuningsplan geloods om die ontwikkeling van taal en wiskunde te ondersteun. Hierdie program, wat deur deskundige diensverskaffers vir onderwysers in Graad 1 – 6 aangebied word, is soos volg:

Jaar 1 (2009): eerste 250 skole	Groep 1 (125 skole) <i>Gesyferdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 2 (125 skole) <i>Geletterdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Jaar 2 (2010): eerste 250 skole in 'n tweede jaar van opleiding	Groep 1 (125 skole) <i>Geletterdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 2 (125 skole) <i>Gesyferdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Jaar 3 (2011): tweede 250 skole – dit was in werklikheid 258 skole	Groep 3 (129 skole) <i>Gesyferdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 4 (129 skole) <i>Geletterdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (258 skole) Lesers en LOOM (258 skole)
Jaar 4 (2012): tweede 258 skole in 'n tweede jaar	Groep 3 (129 skole) <i>Geletterdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 4 (129 skole) <i>Gesyferdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie

van opleiding	Skoolgebaseerde ondersteuning (258 skole) Lesers en LOOM (258 skole)
Jaar 5 (2013): derde 250 skole	Groep 5 (125 skole) Taal-opleiding in Junie-vakansie Groep 6 (125 skole) Wiskunde-opleiding in Junie-vakansie
Jaar 6 (2014): derde 250 skole	Groep 5 (125 skole) Wiskunde-opleiding in Junie-vakansie Groep 6 (125 skole) Taal-opleiding in Junie-vakansie
Hierdie patroon word tot 2016 <i>herhaal</i> sodat alle laerskole binne 'n tydperk van 8 jaar opgelei en ondersteun word met leesreekse en -materiaal.	

Die taal- en wiskundeprogram het in 2013 aan 250 laerskole intensiewe opleiding en terrein-gebaseerde ondersteuning vir onderwysers van Graad 1-6 voorsien.

Indiensopleiding en ontwikkeling is ook deur die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut aangebied. 37 opleidingskursusse is aan onderwysers in die grondslagfase, intermediêre fase, senior fase, VOO-band en aan lede van die skoolbestuurspan gebied. Opleiding in Skoolbestuur en Leierskapontwikkeling (SBLO) het die opleiding van bestuurders in Institusionele Bestuur en Beheer ingesluit. 1 491 begunstigdes het gedurende hierdie boekjaar een- of twee-week kursusse bygewoon. Daar was in die boekjaar altesaam 2 482 begunstigdes van KOLI-kursusse of seminare.

Skoolhoofde

Die fokus in 2014 was op die ontwikkeling en ondersteuning van skoolbestuurders wat onervare was, ekstra mentorskap nodig gehad het of wat gretig was om verdere professionele ontwikkeling te ondergaan. Kursusse vir skoolbestuurders, gefokus op onderwerpe soos: rolle en verantwoordelikhede van onderhoofde, rolle en verantwoordelikhede van departements-hoofde, aspirant-skoolhoofde, aspirant-skoolleiers, induksie van pas aangestelde skoolhoofde, opleiding van skoolbestuurspanne en vroue in en na bestuurs- en leierskapposisies.

Werkplekvaardigheidsplan

Die ekwivalent van 1% van die WKOD se betaalstaat word aangewend om die vaardighede en bevoegdheid van alle WKOD-werknemers te verbeter. Die vaardigheidsvlakke van onderwysers en staatsdiensamptenare word dus bykomend deur verskeie ontwikkelings-ingrypings deur die werkplekvaardigheidsprogram (WVP) behandel.

Geakkrediteerde kwalifikasies

Geteikende formele kursusse in die vorm van die Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) wat op skoolleierskap fokus, is by hoër opvoedkundige instellings aangebied. Hierdie kursusse word deur die WKOD befonds in 'n poging om die gehalte van leierskap en bestuur en skole te verbeter. Daar was in 2013/14 'n totaal van 360 begunstigdes.

Ten einde die getal gekwalifiseerde wiskunde- en wetenskaponderwysers te verhoog, het die WKOD 96 voordiens-beurse soos volg gedurende 2013/14 aan potensiele onderwysers toegeken: Grondslagfase: 68; Intermediêre fase: 2; VOO: 15; Baccalaureus van Wetenskap: 11.

Ondersteuning verskaf

Finansieel

Die *Norme-en-Standaarde*-toekennings vir skole word gewees sodat skole in die meer behoeftige gemeenskappe meer fondse toegeken word.

Die “per-leerder” bedrae wat aan openbare skole in Nasionale Kwintiel 1, 2 en 3 betaal is, is vanaf 2013/14 gelykgemaak; met ander woorde, NK 2- en -3 skole ontvang nou dieselfde befondsing as NK 1-skole.

Nasionale teikentoeëennings			
	2012/13	2013/14	2014/15
Kwintiel 1	R960	R1 010	R1,059
Kwintiel 2	R880	R1 010	R1,059
Kwintiel 3	R880	R1 010	R1,059
Kwintiel 4*	R481	R 550	R 831
Kwintiel 5*	R213	R 239	R 317
* <i>Gemiddelde koste vir alle skole</i>			

Die koste van die gelykmaking van hierdie *per-leerder* bedrae in Nasionale Kwintiel 2-3, sal R26 miljoen in 2014/15 beloop.

Een van die mees beduidende ontwikkelings vir 2014 is die uitbreiding van die *geen-fooi*-skoolprogram. 216 skole, met 172 541 leerders, wat in Kwintiel 4 en 5 is, het 'n uitnodiging aanvaar om *geen-fooi*-skole te word. Die aanbod is uitgebrei na daardie skole wat minder as R400 per jaar skoolgeld vra.

Status van skoolgeld	Totale getal skole
Geen skoolgeld	887
Skoolgeld word gevra	570
Groottotaal	1 457

Skole wat skoolgeld vra kan om vergoeding vir vrystelling aansoek doen in gevalle waar ouers nie in staat is om skoolgeld te betaal nie. Skole is in 2012 deur die WKOD met R31 miljoen vergoed vir die vrystelling van skoolgeld wat aan ouers toegeken is. R42 miljoen is in 2013 betaal om 90 506 leerders in 700 skole te ondersteun.

Tekste, insluitend werkboeke

Die nasionale Departement van Basiese Onderwys het in 2013 soos volg werkboeke verskaf:

Werkboeke verskaf	Graad
Huistaal (HT), Engels Eerste Addisionele Taal (EAT), Wiskunde en Lewensvaardighede	Grondslagfase (Graad R – 3)
Wiskunde, Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal	Intermediêre Fase (Graad 4 – 6)
Wiskunde	Senior Fase (Graad 7 – 9)

Die gebruik van die werkboeke is deur amptenare van die WKOD ondersteun en gemonitor.

Die WKOD beoog om 'n KABV-aangepaste handboek per leerder per vak te voorsien om gehalte-onderrig en leer te ondersteun. Toegewese fondse is dus hiervoor opsy gesit, benewens die norme-en-standaardfondse wat jaarliks toegeken word.

Die WKOD het in 2013/14 'n bedrag van R257 miljoen in handboeke, onderwyser-riglyne en kernlesers belê om die implementering van KABV in die senior fase (Gr 7 tot 9) en Graad 12 te ondersteun. Die WKOD het aan elke leerder in Graad 7 tot 9 'n handboek gegee vir elkeen van die nege vakke wat aangebied word en sewe handboeke vir elke Graad 12-leerder.

Daarbenewens is skole tydens November 2013 die geleentheid gebied om handboeke vir Graad 1-3 te bestel (Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde en Lewensoriëntering) en Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Graad 4-6, wat teen 17 Januarie 2014 afgelewer is.

Die WKOD se riglyne vir norme en standaarde stel voor dat 50% van die totale hulpbrontoekenning aangewend moet word vir die aankope van LOOM, waarvan 10% vir biblioteekmateriaal bestem moet wees. Die riglyne stipuleer verder dat elke leerder 'n handboek vir elke vak moet hê en dat die voorraad van skoolbiblioteekmateriaal jaarliks aangevul moet word totdat die totale getal items die minimum internasionale standard van 10 items per leerder reflekteer.

'n Raamwerk vir handboekbestuur en -behoud is in November 2013 bekendgestel om te verseker dat leerders hulle handboeke aan die einde van die akademiese jaar inhandig sodat die handboeke jaarliks hergebruik kan word. Die WKOD het in Februarie 2014 die Departement van Basiese Onderwys voorsien van volledige statistiek oor die behoud van handboeke.

Infrastruktuur

Die infrastruktuurplan het die volgende gebiede vir ontwikkeling geïdentifiseer:

- Aanwending van onderbenutte klaskamers in bestaande skole
- Bou van nuwe klaskamers by bestaande skole om oorbevolking te verlig
- Bou van nuwe skole, insluitende spesiale skole, om druk op akkommodasie te verlig
- Vervanging van bestaande skole of klaskamers wat met on gepaste materiaal gebou is
- Instandhouding en herstelwerk
- Voorsiening van Graad R-klaskamers
- Optimalisering van die gebruik van koshuise

Daarbenewens bly die voorsiening en benutting van mobiele klaskamers noodsaaklik om akkommodasie vir dringende en ongeskeduleerde behoeftes te verskaf.

Ten spyte van die bouprogram hierbo uiteengesit, plaas die voortgesette groei in leerdergetalle druk op die stelsel. Ongeveer 50 000 leerders reis daagliks skool toe en terug as die naaste skool meer as 5 kilometers ver is en bystand benodig word. Stappe is in 2013/14 geneem om roetes na te gaan en verbeter en om ander doeltreffendhede in te stel.

Wiskunde en Fisika

Die Strategie vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe, wat in 2011 geïnisieer is, is in 2013 uitgebrei en versterk en word tans hersien. Die strategie het vyf aandrywers: Skole (insluitend herkeuring van skole vir die nasionale Dinaledi-program, opstel van "aansporing"-skole en kategorisering van alle skole ingevolge hulle vakinskrywings om gefokusde ingrypings en genuanseerde distrik-ondersteuning moontlik te maak; *Ondersteuning en Ontwikkeling van Onderwysers* (sluit onderwyseropleiding en -ondersteuning, in-klas monitering en die werwing en ontplooiing van onderwysers in); *Hulpbronne en Ondersteuning* (sluit alle hulpbronne bv. toerusting, LOOM, IKT en e-leermateriaal en ondersteuning in); *Leerders* (sluit leerder-ondersteuning in, bv. telematika-programme, olimpiades, voorbeeld-eksamenvraestelle, wenke, ekstra lesse, eksterne blootstelling aan wiskunde en wetenskap) en *Monitering, Evaluering en Voorspraak*.

Hoërskoolprogram

Die Hoërskoolprogram poog om die getal leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat slaag, te verhoog en die getal onderpresterende skole te verlaag. Die Hoërskoolprogram bestaan uit 'n gedifferensieerde benadering tot alle hoërskole in die provinsie. Daar was lae-intensiteit ondersteuning vir daardie skole waar meer as 90% van die leerders in die vorige jaar geslaag het; medium-intensiteit ondersteuning en 'n vak-spesifieke fokus vir skole wat 'n slaagkoers van 60% - 89% behaal het; en 'n hoë-intensiteit en heelskool-fokus vir die skole waar minder as 60% van die leerders geslaag het.

Die WKOD het in Januarie 2013 die Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae vir elke skool per vak en per vraestel ontleed. Skool- en vak-spesifieke planne, met teikens, is op grond van hierdie ontledings gestel. Teikens per skool en per distrik is gestel vir slaagsyfers en vir die getal leerders wat toegang tot B-graadstudies behaal. Spesifieke ondersteuning word aan leerders met 'n hoë risiko voorsien.

Distrikte het in 2013 'n algemene templaar vir die Distrikverbeteringsplanne gebruik, met 'n fokus op die verlaging van die druipeyfer in Graad 1, 9, 11 en 12 ('n voortsetting van die fokus wat in 2012 begin is). Skole wat sleg gevaar het in vakke met baie inskrywings, is vir vak-spesifieke ondersteuning geïdentifiseer.

'n Tutoriale program, waar vaardige onderwysers gebruik word, word van binne en buite die WKOD aangebied. Telematika-lesse is in 2013 na 147 skole uitgesaai en intensiewe ondersteuning is deur kurrikulumadviseurs verskaf aan daardie skole wat onder die provinsiale gemiddelde vir hoë-inskrywing vakke presteer het. 'n Boek met studiewenke en 'n pak eksamenvraestelle is aan elke Graad 12-leerder voorsien. Die program dek alle grade by hoërskole en fokus op 'n stel bykomende kriteria wat meer as die Graad 12-slaagkoers behels. 'n Begroting word vir elke distrik vir die ondersteuningsprogram toegeken.

Ondersteuning en erkenning aan onderwysers

Die WKOD het voortgegaan met sy uitdruklike voorneme om onderwysers aktief te ondersteun op gebiede wat deur onderwysers self geïdentifiseer is. Die oogmerk was om die druk op onderwysers te verlig, wat administratiewe werk asook die bywoning van werkwinkels en vergaderings betref. Beplanningskalenders met belangrike datums, onder andere die begin en einde van eksamens en ander administratiewe spertye, is weer in 2013 aan skole gestuur om hulle te help met vooruitbeplanning vir 2014. Na afloop van 'n keuringsproses is provinsiale toekennings vir toponderwysers gemaak. Hierdie toekennings gee erkenning vir prestasie en innovasie. Drie Wes-Kaapse onderwysers het erkenning ontvang in die Nasionale

Onderwys-toekennings van 2013 – een as 'n nasionale wenner en twee as tweede naasweners.

Skoolbeheerliggame

Daar was in 2012 'n deelname van 100% en afhandeling van SBL-verkiesings deur alle WKOD-skole. 'n Induksieprogram is in 2013 vir alle SBL-lede aangebied. Opleiding in finansiële bestuur en die keuring en werwing van bevoegde personeel op alle vlakke is aangebied. Aandag is geskenk aan die verskeidenheid rolle en verantwoordelikhede van lede van die SBL. Dit sluit in die ondersteuning van skoolhoofde die verbetering van skoolprestasie te beplan en teikens daarvoor te stel en om dissipline en die veiligheid van leerders en personeel te behandel. Skoolhoofde word ingevolge artikel 16A (1)(c)(ii) van die SA Skolewet vereis om verbeteringsplanne op SBL-vergaderings voor te lê. SBL-voorsitters asook skoolhoofde het hierdie planne afgeteken. 'n Ondersteuningshulpmiddel vir skoolbeheerliggame is aan alle skole gestuur om SBL'e met selfevaluering by te staan.

Die hersiening van die institusionele bestuur- en korporatiewe beheerfunksie in distrikte volgens die bepalinge van die Suid-Afrikaanse Skolewet het die behoefte aan gefokusde koördinerende funksie aan die lig gebring. Distrikte is deur hoofkantoor bygestaan met aangeleenthede oor SBL-opleiding, veranderinge in SBL-lidmaatskap en met betrekking tot die ontwikkeling van lede van die verteenwoordigende raad van leerders en van onderwyser-skakelbeamptes. 81 geïdentifiseerde skole het opleiding in finansiële bestuur ontvang. Distrikse gebaseerde IBB-bestuurders het met voorsitters van SBL'e byeengekom om die omvang te bepaal van hoe SBL'e hulle skole in lyn met artikel 20 en 21 van die SASA ondersteun. Hierdie betrokkenheid is voortdurend en sal voorbereiding vir die SBL-verkiesings in skole in 2015 insluit.

Voeding

Die Nasionale Skoolvoedingsprogram het op 'n daaglikse basis vir 438 883 (431 998 in 2013) leerders van voedsame maaltye by 1 027 (1 021 in 2013) geteikende laerskole, spesiale skole en sekondêre skole voorsien. Werkwinkels is vir vrywillige voedselhanteerders gehou oor voedsel- en gasveiligheid en -higiëne, maaltydvoorbereiding en die grootte van porsies. Onderwysers, ouers en kinders het kursusse in voedselproduksie deurloop. Ontbyt word nou tussen 07:30 en 08:00 bedien, buiten die hoofmaal wat teen nie later nie as 12:30 bedien word.

Veilige skole

Die Veilige Skole-program het 'n drieledige strategie (i) Misdaadbeheer deur die belangrikste meganismes vir sekuriteit te voorsien; (ii) Programme om verandering in gedrag en gesindheid te ondersteun; en (iii) Programme vir heelskoolbenadering en die bou van netwerke met toepaslike agentskappe om te help om veilige skoolomgewings te skep.

Die WKOD bedryf 'n Veilige Skole-inbelsentrum. Dit verskaf kostelose, vertroulike telekommunikasie aan leerders, ouers en opvoeders wat hulp, leiding of inligting oor onderwys- verwante aangeleenthede benodig. Oproepers word aangemoedig om die tolvrye lyn 0800 45 46 47 te skakel vir noodgevalle/krisis, bendegeweld, trauma, skoolmisdaad, mishandeling en algemene navrae.

Oproepers ontvang telefoniese inligting in gevalle van krisis en in gevalle van nie-krisisgevalle word hulle, waar nodig, na die beradingsagentskappe van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, nieregeringsagentskappe en gemeenskapsgebaseerde organisasies verwys. Die Veilige Skole-inbelsentrum het in die 2013-kalenderjaar 14 060 oproepe ontvang. 3 434 van die oproepe het verdere opvolg en ondersteuning benodig.

Die inbelsentrum samel ook data regoor die provinsie in en ontleed die data. Die statistieke word gebruik vir voorkoming, ingryping en reaktiewe strategieë, waar nodig.

Bykomend tot die Veilige Skole-inbelsentrum en ondersteuning van 'n meganisme vir sekuriteit, het die WKOD opvoedkundige programme aangebied om positiewe aktiwiteite soos sport, kuns, drama en inligting oor toekomstige loopbane aan te moedig. Die programme het gefokus op veranderinge in gedrag en ingesteldheid; kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur en bemiddelingsopleiding. Veiligheidsveldwerkers is in diens geneem om skole met veiligheidskomitees en veiligheidsplanne te ondersteun; ondersteunings- en/of voorkomende programme te vestig; en om as positiewe rolmodelle en mentors op te tree.

Veiligheidsveldwerkers volg leerders op wat stökkiesdraai en assessee leerderprobleme. Hulle bied mentorskap en afrigting aan leerders wat 'n risiko loop en verseker dat hulle toegang kry tot dienste wat hulle nodig het. Veiligheidsveldwerkers het die Veilige Skole-jeugklubs as deel van die vakansieprogram gefasiliteer. Hierdie projek poog om positiewe houdings en gedrag te versterk deur leerders wat 'n risiko loop aan te moedig om toepaslike opvoedkundige strukture by te woon en vaardighede te ontwikkel om gemeenskapsprojekte te implementeer.

48 bykomende skole het in 2013/14 belangrike meganismes vir sekuriteit ontvang (gemotoriseerde hekke; voetgangermoniteringhekke; alarmstelsels gekoppel aan gewapende reaksie; doringdraad en maasdraad; diefwering) en het gebaat by die opleiding van eweknie-bemiddelaars. Heininge by hoë-risiko-skole is herstel en vakansiesekuriteit is voorsien, waar nodig. Opleiding in beroepsgesondheid en -veiligheid en rampbestuur is aangebied, asook opleiding in die beleid oor dwelmtoetsing en dwelmtoetsing. Goedgekeurde dwelmtoetstoestelle is in hoë-risiko gevalle verskaf, tesame met deursoeking en beslaglegging en die voorsiening van hand-metaalverklidders by 50 ekstra geselekteerde skole. Misdadvoorkoming in die distrik, misdadbeheer en spesifieke projekplanne (middelmisbruik, jeugontwikkeling, konflikbestuur, veiligheidsbestuur) en vennootskappe met ander staatsdepartemente en NRO's is ook in plek.

Die WKOD het in 2012, in vennootskap met die Stad Kaapstad en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en Departement van Gemeenskapsveiligheid, kragte saamgespan om die gemeenskap van Manenberg te ondersteun ná 'n versoek deur onderwysers en ouers vir bykomende veiligheid as gevolg van 'n tydperk van toenemende bendegeweld in die gebied. Die WKOD het fondse aan die Stad toegewys om te help met die ontplooiing van metropolisiebeamptes in Manenberg sodat sigbare polisiëring en 'n groter sin van veiligheid aan ouers en onderwysers voorsien kon word. Die ontplooiing het voortgeduur en het bygedra om die situasie te stabiliseer. Daarbenewens het die skole nuwe, versterkte omheinings geïnstalleer om veiligheid te bied.

As deel van die benadering van die Wes-Kaapse Regering om anti-sosiale gedrag te voorkom en alternatiewe geleenthede aan die jeug te bied, het die Departement van Kultuursake en Sport (DCAS) MOD-sentra (massadeelname, toegang tot geleenthede en ontwikkeling) by 181 skole oor die agt onderwysdistrikte ingestel. 98 van hierdie sentrums is by laerskole in bedryf. Die programme word na skool aangebied en bied aan leerders die geleentheid om aan sport en ander verrykingsaktiwiteite deel te neem. Beide die Veilige Skole- en Skoolverrykingsprogram van die WKOD is verbind aan die MOD-sentra.

Strategiese doelwitte

Program 2					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM201: Getal leerders by openbare gewone skole ingeskryf	936 534	940 000	948 595	8 595	'n Groter getal leerders het ingeskryf as wat verwag is. Dit het diegene ingesluit wat terugkeer om 'n graad te herhaal, asook diegene wat vir die eerste keer in die Wes-Kaap registreer.
► PPM202: Getal opvoeders in diens by openbare gewone skole	28 636	28 800	28 265	-535	800 kantoorgebaseerde opvoeders is onder Program 9 herklassifiseer, wat die teiken op 28 800 te staan bring. Die totaal sluit oortollige opvoeders in. Die totaal wissel voortdurend aangesien opvoeders die stelsel verlaat, verlof neem of in ander poste aangestel word.
► PPM203: Getal nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare gewone skole	6 556	6 900	6 007	-893	Nie alle vakatures is gevul nie. Vakante poste vir ondersteunende personeel in die kategorie van toesig-houer is geadverteer en sal gevul word.
► PPM204: Getal leerders in openbare gewone skole wat by die "geen-fooi-skool"-beleid baat.	370 617	371 122	554 523	183 401	As gevolg van 'n beleidsbesluit, het 216 skole in Kwintiel 4 en 5 'n uitnodiging aanvaar om geen-fooi-skole te word. Die aanbod is uitgebrei na skole wat minder as R400 per jaar skoolgeld vra.
► PPM205: Getal leerders wat baat by die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)	431 998	427 526	438 883	11 357	Bykomende geskikte leerders in geskikte skole ingeskryf.
PPM 206: Getal leerders wat baat by leerdervervoer	50 521	50 000	50 209	209	Bykomende leerders moes na hul naaste skool vervoer word.

Program 2					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM 207: Getal leerders met spesiale onderwys-behoefte wat by openbare gewone skole ingeskryf is	6 204	7 600	6 319	1 281	Die teiken is gestel voordat die oefening voltooi is om die betroubaarheid van data in hierdie verband te verbeter. Dit is 'n voortdurende proses.
► PPM208: Getal voltdiensskole ⁷	10	8	8		
► PPM209: Getal skole wat ten minste een keer 'n kwartaal deur 'n kringbestuurder besoek word	1 524	1 533	1 530	-3	Die getal skole het oor die betrokke tydperk gewissel. Twee hospitaalskole is nie in die oorsigjaar besoek nie. Vyf ander skole is in een van die kwartale deur ander amptenare besoek, maar nie noodwendig deur 'n IBB-bestuurder nie, gegewe vakatures in die distrik en gevalle waar die skole nie intensiewe ondersteuning benodig het nie.

Prestasie-aanwysers

Program 2					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
PPA 2.1 Persentasie van leerders in die skoolstelsel behou vanaf Graad 10 – 12	61%	62%	63%	1%	Die ingrypingsprogram in skole het voordele opgelewer.
PPA 2.2 Getal addisionele skole wat beveilig is met alarms wat gekoppel is aan gewapende reaksie, diefwering, en klipskerms op vensters	50	50	48	-2	Die werk by twee skole is na die volgende jaar oorgedra as gevolg van die veranderinge in een skool se sakeplan en omdat fakture van die ander skool nie betyds ingedien is nie.
PPA 2.3. Getal beurse aan verdienstelike studente toegeken vir vier jaar formele studie aan Hoër Onderwysinstellings	168	200	96	-104	'n Beleidsbesluit is geneem om die beursprogram vir nuwe studente op te kort, gegewe die nasionale Funza Lushaka-program.

• ⁷ Dit verwys na die getal skole wat in die gegewe jaar gestig sal word

Program 2					
Programprestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
PPA 2.4 Afwesigheid van opvoeders in openbare gewone skole as 'n % uitgedruk	3%	4%	3%	1%	Teiken oorskry. Die fokus op bywoning werp steeds vrugte af.
PPA 2.5 Afwesigheid van leerders in openbare gewone skole as 'n % uitgedruk	5.61%	7%	5.96%	1.1%	Teiken oorskry. Die fokus op bywoning werp steeds vrugte af.
PPA 2.6 Getal onderwysers in Graad R-12 wat formele kurrikulumopleidingsprogramme by die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut bywoon	954	1 470	1262	-208	Die posisies vir opleiding is nie almal deur onderwysers opgeneem nie.
PPA 2.7 Getal lede van skoolbestuurspanne wat by die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut opgelei is	724	750	1133	383	Bykomende ingrypings is gedurende die jaar as gevolg van behoeftes geakkommodeer.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

- Gaan voort met Hoërskoolprogram
- Gaan voort met provinsiale strategie om taal en wiskunde te verbeter
- Monitor die gebruik van handboeke in die klas
- Onderneem geteikende opleiding van opvoeders
- Gaan voort met die hersiene strategie vir wiskunde en wetenskap
- Ondersteun die finansiële bestuur van skole
- Aanstelling van skool- korporatiewe beamptes
- Fokus op Skool- en Distriksverbeteringsplanne met 'n bepaalde klem op slaagkoerse in Graad 1, 9 en 11.

Veranderinge aan beplande teikens

Geen.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 2 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Toename in die getal onderwysposte vir 2014 na 31 031
- Verskaffing van handboeke, onderwysersgidse en kernlesers om die implementering van KABV in die senior fase (Gr 7-9) en Graad 12 en grondslagfase te ondersteun (Graad 1 – Verskaffing van norme- en standaard-toekennings aan openbare gewone skole
- Verskaffing van voedsame maaltye aan leerders in nood
- Uitbreiding van die program vir geen-fooi-skole
- Handhawing van die program vir vergoeding vir skoolgeldvrystelling
- Handhawing van die Veilige Skole-program

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
2.1 Openbare laerskole	6,597,359	6,597,359	-	6,188,654	6,188,654	-
2.2 Openbare sekondêre skole	4,400,697	4,400,697	-	3,914,964	3,914,964	-
2.3 Menslike Hulpbron-ontwikkeling	86,695	86,695	-	88,468	87,634	834
2.4 Voorwaardelike toelaes	296,614	278,028	18,586	275,209	259,268	15,941
Totaal	11,381,365	11,362,779	18,586	10,467,295	10,450,520	16,775

Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole



Begrotingstoekenning		
	2009	2013
Program 3	R48 406 000	R81 078 000

Leerdergetalle			
Onafhanklike skole			
2009	17 928	2013	18 502

4.3 Program 3: Subsidies vir Onafhanklike Skole

Doelwit

Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 te ondersteun.

Die Program vir Subsidies vir Onafhanklike Skole bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 3.1: Primêre Fase

om onafhanklike skole in Graad 1 tot 7 te ondersteun

Subprogram 3.2: Sekondêre Fase

om onafhanklike skole in Graad 8 tot 12 te ondersteun

Strategiese doelwit

Strategiese doelwit 3.1	Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning aan onafhanklike skole te bied om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker
--------------------------------	---

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

Die 203 geregistreerde onafhanklike skole in die Wes-Kaap het die Jaarlikse Skoolopname in 2012 en in 2013 voltooi. Deelname aan SOBIS is een van die vereistes vir registrasie van onafhanklike skole in die provinsie.

Daar was 11 387 laerskool- en 7 115 hoërskoolleerders in gesubsidieerde onafhanklike skole in 2013/14 geregistreer, 'n algehele toename van 720 leerders.

Toetsuitslae

'n Groeiende aantal onafhanklike skole het in 2013 aan die WKOD se diagnostiese toetse deelgeneem. Daar word verwag dat meer in die toekoms sal deelneem. Ingevolge regulasie 8(b) van die regulasies rakende die registrasie van en subsidies aan onafhanklike skole (preprimêre skole uitgesluit) sal 'n onafhanklike skool aan die Jaarlikse Nasionale Assessering en/of die WKOD- sistemiese toetse moet deelneem en goed daarin presteer om vir 'n subsidie te kwalifiseer.

Deelname aan en prestasie in die WKOD se sistemiese toetse word in onderstaande tabelle aangetoon.

WKOD sistemiese Graad 3, 6 & 9 uitslae by onafhanklike skole: 2013									
Graad	Geletterdheid/Taal								
	Skole			Leerders			Slaagsyfer (koers in hakies)		
	2011	2012	2013	2011	2012	2013	2011	2012	2013
Graad 3	54	68	75	1 721	2 001	2 072	1 241 (72%)	1 335 (66.7%)	1 365 (65.9%)
Graad 6	47	63	62	1 435	1 714	1 763	1 161 (81%)	1 347 (78.6%)	1 319 (74.8%)
Graad 9	32	47	46	1 331	2 028	1 876	1 161 (87%)	1 771 (87.3%)	1 649 (87.9%)
Graad	Gesyerfheid/Wiskunde								
	Skole			Leerders			Slaagsyfer (koers in hakies)		
	2011	2012	2013	2011	2012	2013	2011	2012	2013
Graad 3	54	68	75	1 722	2 002	2 072	1 386 (80%)	1 482 (74%)	1 585 (76.5%)
Graad 6	47	63	62	1 433	1 714	1 764	1 017 (71%)	1 111 (64.8%)	1 175 (66.6%)
Graad 9	32	47	46	1 327	2 024	1 878	617 (46%)	914 (45.2%)	843 (44.9%)

Die uitslae van onafhanklike skole in die Nasionale Senior Sertifikaat in 2013 was soos volg:

Wes-Kaapse NSS-uitslae vir onafhanklike skole: 2013				
Geskryf	Getal geslaag	Persentasie geslaag	Getal met B-graad toelating	% met B-graad toelating
2405	2 232	92.81%	1 573	65.41%

Onderwyserontwikkeling

Onderwysers in onafhanklike skole het verskeie kurrikulumwerk-winkels bygewoon wat deur die WKOD-distrikskantore gereël is. Onderwysers van onafhanklike skole is ook in KABV opgelei.

Ondersteuning verskaf

Besoeke is in die loop van 2013/14 by 134 onafhanklike skole afgelê om administratiewe, kurrikulum- en institusionele bestuursondersteuning te voorsien.

Daarbenewens, as 'n jaarlikse oefening vir hierdie doel, het 'n span van 26 amptenare van die WKOD in Maart 2014 besoek by 130 skole afgelê en voldoende nakoming ten opsigte van die volgende bevestig:

- Nakoming van opnames – jaarlikse skoolopname en kitsopname
- Umalusi-akkreditasie
- Finansiële nakoming – subsidie en beskikbaarheid van ouditverslae
- Voldoendheid en gepastheid van klaskamers
- Aanbieding van die kurrikulum
- Voldoendheid en toepaslikheid van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)
- SACE-registrasie
- Personeelomset
- Prestasiebestuurstelsels
- Personeelontwikkelingsprogram
- Die Graad 3, 6 en 9 2012 WKOD- sistemiese toetsuitslae

Die hoofvorm van ondersteuning wat aan onafhanklike skole gebied word, is in die vorm van subsidies. Subsidies aan onafhanklike skole is betaalbaar op 'n vlak van 60%, 40%, 25%, 15% of 0% van die beraamde provinsiale per kapita besteding vir leerders (PAEPL) by openbare gewone skole. Die PAEPL vir 2013/14 was R10 758 (laerskole) en R12 669 (sekondêre skole) onderskeidelik. Die WKOD het subsidies aan 101 skole betaal, wat vyf nuwe skole ingesluit het. Betalings is betyds en kragtens tersaaklike wetgewing gemaak.

Die WKOD het alle gesubsidieerde, onafhanklike skole aangemoedig om dit te oorweeg om hul gesubsidieerde bedrae te bestee aan LOOM (60%); munisipale verpligtinge (20%) en operasionele behoeftes (20%).

Die WKOD het ook klagtes van die publiek en/of ouers oor onder andere swak akademiese prestasie, swak bestuur, skoolgeld en die bedryf van ongeregisteerde skole ondersoek. 'n Vergadering met skoolhoofde en eienaars van alle gesubsidieerde, onafhanklike skole in Februarie 2014 het aandag geskenk aan onderprestasie asook bewerings van onregmatige praktyke. Daar is van onderpresterende skole vereis om verbeteringsplanne met teikens in te dien.

Tydens 'n vergadering in Maart 2014 met die DBO en Umalusi, is die koppeling van die registrasie- en akkreditasieproses van onafhanklike skole bespreek. Hierdie vergadering is ook bygewoon deur strukture wat die meerderheid van onafhanklike skole in Suid-Afrika verteenwoordig.

Strategiese doelwitte

Program 3					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM301: Getal gesubsidieerde leerders in onafhanklike skole	17 782	19 300	18 502	-798	Die 2013-syfer is hoër as die 2012-syfer, maar die getalle het nie na die voorspelde syfer gestyg nie. Inskrywing by onafhanklike skole is 'n saak van oerlike besluit en nie iets waaroor die WKOD bestuursbeheer het nie.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

- Voorsien toegewyde en toenemende ondersteuning aan die skole wat minder as die NSS- provinsiale gemiddelde vir onafhanklike skole behaal het
- Ondersteun alle nuwe onafhanklike skole
- Monitor alle navrae of klagtes oor die implementering van regulasies as 'n saak van dringendheid.

Veranderinge aan beplande teikens

Geen.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 3 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Uitbreiding en verbetering van die subsidies wat aan onafhanklike skole voorsien word

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ Onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3.1 Primêre fase	47,329	47,329	-	35,406	35,406	-
3.2 Sekondêre fase	37,319	37,319	-	36,915	36,915	-
Totaal	84,648	84,648	-	72,321	72,321	834

Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys



Leerdergetalle	
2009	17 866
2013	19 876

5% van die begroting is aan hierdie program toegeken

2009 Pr 4 Personeeluitgawes as 'n % van totaal	2013 Pr 4 Personeeluitgawes as 'n % van totaal	2009 Pr 4 Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000)	2013 Pr 4 Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000)	2009 Pr 4 Getal werknemers	2013 Pr 4 Getal werknemers
4.56	4.91	177.45	263.56	2 730	2 875

4.4 Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys

Doel:

Om verpligte openbare onderwys in spesiale skole te voorsien ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 en Witskrif 6 oor Spesiale Behoefte-onderwys: Die Bou van 'n Inklusiewe Onderwys-en-Opleidingstelsel.

Die Openbare Spesiale Skoolonderwys-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 4.1: Skole

om spesifieke openbare spesiale skole van hulpbronne te voorsien

Subprogram 4.2: Professionele Dienste

om opvoeders en leerders by openbare spesiale skole van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

Subprogram 4.3: Menslike Hulpbronontwikkeling

om voorsiening te maak vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en staatsdienspersoneel in openbare spesiale skole

Subprogram 4.4: Voorwaardelike Toelaes

om infrastruktuur by openbare spesiale skole te voorsien

Strategiese doelwit

Strategiese doelwit 4.1:	Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstellings te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer te minimaliseer (Onderwyswitskrif 6)
---------------------------------	--

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

Die departement het 74 spesiale skole gedurende 2013 gehad, wat 19 876 leerders met spesiale behoeftes akkommodeer. Drie skole wat as spesiale skole geklassifiseer is, is in November as gewone skole geherklassifiseer, naamlik die Akademie van Wiskunde en Wetenskap; die Sportskool en COSAT.

Toetsuitslae van spesiale skole

In 2013 was daar 244 kandidate van tien spesiale skole wat die Nasionale Senior Sertifikaat afgelê het, met 'n algehele slaagkoers van 89.34%. 45.41% van diegene wat geslaag het, het vir toelating tot B-graadstudies gekwalifiseer.

Onderwyserontwikkeling

Beleids- en riglyndokumente ten opsigte van Spesiale Behoeftes en Inklusiewe Onderwys is in 2013 aan alle spesiale skole voorsien, asook aan distriksgebaseerde Gespesialiseerde Ondersteuningspersoneel vir Leerders en Opvoeders.

Opleiding vir onderwysers in gewone skole om verskeie spesiale behoeftes/hindernisse tot leer/leeragterstande te identifiseer en behandel, is deur die personeel van Gespesialiseerde Ondersteuningsdienste aangebied. Dit het opleiding vir onderwysers in taal- en wiskunde-voorkomende ingrypings, bv. vir Graad R- en Graad 1-leerders, ingesluit. Gespesialiseerde ingrypings is geïdentifiseer en opleidingskursusse is ontwikkel of uitbestee, bv. leesherstel, traumaberading en die voorkoming van selfmoord.

Ondersteuning aangebied

Die jaar 2013 is deur die DBO as die Jaar van Inklusie aangewys. Die Wes-Kaapse kontinuum van ondersteuning verskaf lae ondersteuning in gewone/hoofstroomskole, matige ondersteuning in voldiens-/inklusiewe skole en hoë ondersteuning in spesiale skole. Aandag is geskenk aan die verdere uitbreiding van inklusiewe onderwys en die vestiging van steunstrukture wat beter toegang tot onderwys verseker vir leerders met hindernisse tot leer deur middel van 'n verskeidenheid opsies in openbare spesiale skole en openbare gewone skole.

Die fokus was in 2013/14 op maatreëls wat ingestel moet word vir die uitbreiding en versterking van Inklusiewe Onderwys in komende jare. Die klem was op die volgehoue implementering van die omvattende nuwe tien-punt WKOD-plan vir die *versterking van gespesialiseerde onderwysondersteuning*, goedgekeur in 2011.


Die WKOD het in 2013/14 hierdie plan geïmplementeer d.m.v.

- (1) distriksgebaseerde en kringgebaseerde ondersteuningspanne, wat sielkundiges, maatskaplike werkers, spesiale skool- en leerondersteuningadviseurs insluit.
- (2) versterking van 24 spesiale skole om hulpbronsentrums te word.
- (3) ondersteuning van OLSO-eenhede/hulpbronklasse by 108 openbare gewone skole.
- (4) die omskakeling van 40 openbare gewone skole in voldiens-/inklusiewe skole.
- (5) die ontwikkeling van skoolgebaseerde ondersteuningspanne.

Ondersteuning aan spesiale skole

Onderwys Witskrif 6: Die bou van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel verg die kwalitatiewe verbetering van spesiale skole vir die leerders wat hulle bedien en die gefaseerde omskakeling na spesiale skool-hulpbronsentrums wat ondersteuning aan naburige skole bied en by distriksgebaseerde ondersteuningspanne geïntegreer word.

'n Grafiese verteenwoordiging hieronder illustreer die Wes-Kaapse kontinuum vir ondersteuning:




Profiele van alle spesiale skole is in 2013/14 ontwikkel om te bepaal watter ondersteuning en hulpbronne benodig word. Data is uit die Nasionale Oudit van Spesiale Skole geneem en is deur WKOD-data aangevul. Begrotings is toegeken om agterstande volgens geïdentifiseerde behoeftes te dek.

Die WKOD het in 2013 'n templaar vir 'n gestandaardiseerde waggly ontwerp wat aan alle spesiale skole verskaf is. 'n Databasis is ontwikkel om inligting van alle verwysings per distrik, per kring, per skool en per amptenaar vas te lê en hierdie verwysingspatrone word ontleed om op voorkomende ingrypings en die geskikte plasing van leerders te fokus.

6 144 aansoeke vir plasing in spesiale skole is in 2013 verwerk. Spesiale sorg word gedra met die evaluering van aansoeke om te verseker dat slegs leerlinge met hoë-ondersteuningsbehoefte in spesiale skole geplaas word. Vergaderings vir sifting is gereeld gehou en jaarlikse hersiening oor die plasing van leerders sal gedoen word om te bepaal of enige leerders in hoofstroom-skole geplaas moet word.

Alle aansoeke aan spesiale skole sal in die toekoms die Vlakke van Ondersteuning-dokument moet insluit, wat gegrond is op die hersiene Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuning (SIAS). Die tabel hieronder illustreer die SIAS-paradigma om behoeftes by die program aan te pas.



Ondersteuning vir en deur spesiale skool-hulpbronsentrums

Daar is 24 spesiale skole wat inkrementeel in spesiale skool-hulpbronsentrums omgeskakel word. Algemene inklusiewe opvoedkunde-uitreikspanne is by 16 van die spesiale skool-hulpbronsentrums gebaseer en spesialispanne by vyf van die spesiale skool-hulpbronsentrums. Drie bykomende spesiale skole het personeel beskikbaar gestel om uitreikwerk te doen.

Spesiale skole wat nie uitreikspanne het nie, het omliggende skole ondersteun deur werkwinkels, klinieke by die skool, ens. aan te bied. Mary Kihn Skool vir Dowes het byvoorbeeld 'n weeklikse middag-kliniek aangebied vir omliggende skole se leerders met gehoor-gestremdheid.

Ondersteuning vir ernstig en diep intellektueel gestremde kinders

Vier spanne het in 2013 op 'n rondreisende basis ondersteuning aan 46 geregistreerde spesialesorgsentrumme vir kinders met ernstige en diep intellektuele gestremdheid aangebied. 'n Protokol vir ondersteuning is ontwikkel d.m.v. samewerking tussen die Departemente van Onderwys, Gesondheid, Maatskaplike Ontwikkeling, Vervoer en Openbare Werke, asook Tesourie. Die ondersteuning behels die ontwikkeling van stimulasieprogramme en hulpbronsmateriaal; aanbieding van werkwinkels vir sentrumbestuurders, versorgers en ouers oor gestremdhede en tegnieke om die fisiese, opvoedkundige en psigososiale behoeftes van die kinders te behandel, asook assesserings en verwysing van leerders wat onvanpas geplaas is en na spesiale skole verwys moet word.

Ondersteuning aan voldiens-/inklusiewe skole

Een van die sleutelstrategieë in die ontwikkeling van 'n enkele, inklusiewe onderwysstelsel, waarvolgens alle leerders toegang tot ondersteuning het, is die gefaseerde omskakeling van openbare gewone skole in elke distrik/kring/kluster na voldiens-/inklusiewe skole. Die eerste groep voldiensskole sal as voorbeelde van goeie praktyk dien en die pad baan vir skole/instellings om uiteindelik inklusiewe instellings te word.

Veertig gewone skole is vir inkrementele omskakeling na voldiens-/inklusiewe skole geïdentifiseer. Distrikte is van 'n kontrolelys voorsien vir die identifisering van skole wat geskik vir omskakeling is en aansoek is by hoofkantoor om die registrasie van hierdie skole gedoen. Menslike hulpbronontwikkeling van personeel by hierdie skole sal in 2014/2015 begin.

Daar is ook 108 skole in die provinsie wat "eenheidsklasse" het, wat bykomende gespesialiseerde ondersteuning aanbied. Hierdie eenheidsklasse word inkrementeel omgeskakel in "hulpbronklasse" wat ondersteuning bied aan leerders met die behoefte vir 'n matige vlak van ondersteuning, maar is ook 'n hulpbron vir alle onderwysers wat raad benodig en leerders in die skool wat leerhindernisse ervaar.

Meer leerders met lae- tot matige-intensiteit behoeftes word ondersteun in openbare gewone en voldiens-/inklusiewe skole waar hulle behoeftes in opvoedkundige ondersteuning op hierdie vlak aandag kan geniet. Addisionele ondersteuning word verskaf deur gespesialiseerde personeel in ondersteuningsdienste, wat skoolsielkundiges, maatskaplike werkers en leerondersteuningsadviseurs insluit, asook deur inklusiewe onderwys-uitreikspanne wat by aangewese spesiale skole/hulpbronsentrums geleë is.

Ondersteuning vir skole vir blindes en dowes

'n Spesiale fokus is in 2013/14 op skole vir blindes en dowes geplaas. Pionier en Athlone Skool vir Blindes het tegnologie vir toegang tot Braille-leer- en onderrigondersteuningsmateriaal ontvang. Die nuwe toerusting sluit e-Braille- draagbare rekenaars in wat leerders onder andere kan gebruik om handboeke elektronies in braille te lees. Leerders kan ook na die teks via rekenaargegenereerde spraak luister en die internet deursoek. Die WKOD het elektroniese weergawes van onderrig- en leermateriaal beskikbaar gemaak, insluitend handboeke om die implementering van die Kurrikulum-en-Assesseringsbeleids-verklaring (KABV) te ondersteun.

Alternatiewe en Aanvullende Kommunikasietoestelle (AAC) is ondersoek vir leerders wat ondersteunende toestelle vir toegang tot die kurrikulum benodig. Distriksterapeute het geskikte spesiale skole geïdentifiseer waar 'n eenheid met AAC-toestelle ingerig kan word. Hierdie sentrums sal die identifisering van die beste toestel vir 'n leerder se behoeftes vergemaklik.

Die WKOD het in Oktober 2013 'n drie-jaar loodsprojek voltooi vir die bekendstelling van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) as 'n vak. De la Bat Spesiale Skool-hulpbronsentrum het hierdie provinsiale Suid-Afrikaanse Gebaretaal-projek bestuur. Die kennis wat opgedoen is, is gedeel met die ander skole vir dowes in die provinsie wat SAGT as die Taal van Onderrig en Leer (TvOL) gebruik. Bevindings is ook gestuur na die nasionale DBO SAGT-projek wat in 2013 begin het. Die leer- en onderrigondersteuningsmateriaal wat vir die projek ontwikkel is, word nou by alle skole vir dowes in die provinsie met SAGT as TvOL gebruik. Die WKOD is besig om in 2014 SAGT in die grondslagfase en Graad 8 te loods ter voorbereiding vir 'n nasionale uitrol in 2015.

Sektorondersteuningsgroepe

Tweejaarlikse spesiale skool-sektorvergaderings is in 2013/14 gehou vir die verskillende groeperings van gestremdheid ten einde koördinerende, standaardisering, die deel van beste praktyk en jongste ontwikkelings op die betrokke gebied van spesiale behoeftes te bespreek. Twaalf spesiale skool-sektorvergaderings is in die jaar gehou, twee elk vir die sektor blindes,

dowes, outismespektrum-versteuring, neurologiese gestremdheid, ernstige intellektuele gestremdheid en skole van vaardighede.

VOO-voorsiening vir leerders met serebrale en fisiese gestremdheid

Drie skole is geëvalueer vir hulle geskiktheid om VOO-klasse in te stel om aan vraag te voldoen. Eros is as die mees geskikte skool geïdentifiseer en voorbereidings is getref vir die skool om Graad 10-leerders vanaf 2014 te akkommodeer.

Ondersteuning aan skole van vaardighede

Amptenare en personeel van skole van vaardighede het 'n gestandaardiseerde, geakkrediteerde kurrikulum vir skole van vaardighede ontwikkel. Amptenare en geselekteerde onderwysers is genooi om deel van 'n nasionale taakspan te wees om die nasionale skole van vaardighede-kurrikula vir akkreditasie by Umalusi te ontwikkel. Die kurrikula vir 21 tegniese vaardighede is afgehandel en die opleiding van onderwysers het plaasgevind.

Ondersteuning deur heelskoolevaluering

Heelskoolevaluering is gedurende 2013/14 by ses spesiale skole uitgevoer. Benewens die kriteria wat in gewone skole geëvalueer word, is die werk van die deskundige ondersteuningsdienste ook geëvalueer. Algemene én spesiale-behoefte-spesifieke aanbevelings is gemaak. Dit is deur amptenare opgevolg en skoolverbeteringsplanne is gewysig, soos voorgestel. Goeie praktyke wat by skole geïdentifiseer is, is ook versprei.

Ondersteuning d.m.v. interdepartementele en intersektorale vennootskappe

Interdepartementele vennootskappe sluit samewerking met die Departement van Gesondheid in rakende die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram, gesondheidsbevordering en verbetering van die nasionale skoolvoedingsprogram se spyskaarte in, asook samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling oor gestremde kinders en jeug wat nie skool bywoon nie.

Die Departement van Gesondheid en Onderwysdepartement het ook saamgewerk om die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram te implementeer. Die dienspakket sluit versorging en ondersteuning vir onderrig en leer/aktiwiteite oor gesondheidsbevordering, die toets en assessering van leerders, bestuur van gesondheidskwale en voorkoming van siektes in.

Die WKOD het ook die Departement Gesondheid bygestaan met die Menslike Papillomavirus-inentingsprogram, wat 'n inenting teen servikale kanker is. Die MPV-inentingsprogram is gerig op jong meisies in Graad 4, wat 9 jaar of ouer is, in alle openbare skole. Inentings in 2014 het gedurende Maart en April plaasgevind. 'n Tweede dosis op ses maande sal gedurende September en Oktober 2014 toegedien word. Die inentings is deur skoolgesondheids-verpleegsters toegedien en verpleegsters by spesiale skole verleen hulp by daardie skole. Toestemmingsvorme en inligtingsblaaië oor MPV-inenting is voor die inentings by skole versprei.

Alle distrikte is in die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram opgelei, wat sielkundiges, terapeute en onderwysers in staat stel om gesondheidsverwante hindernisse tot leer te identifiseer en inligting daarvoor in te win en om ingrypingsprogramme op te stel om die

hindernisse te behandel. Statistieke van leerders wat getoets is, is van die Departement Gesondheid ontvang. Die WKOD doen opvolgwerk oor verwysings.

'n Intersektorale koördineringskomitee is saam met ander staatsdepartemente en belanghebbendes ingestel ingevolge die nasionale Sorg en Ondersteuning vir Onderrig en Leer-raamwerk (CSTL). CSTL is 'n Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap-inisiatief met die doel om alle kinders se reg tot onderwys te verwesenlik deur skole as inklusiewe sentrums van leer, versorging en ondersteuning te ontwikkel. CSTL is 'n omvattende, gekoördineerde, multisektorale reaksie om hindernisse tot leer en onderrig aan te pak. Dit is nie 'n nuwe program nie, maar bied 'n oorkoepelende raamwerk vir bestaande ondersteuningsprogramme. Fase 1 van die provinsiale CSTL-opleiding van amptenare het in 2013/14 plaasgevind en die fase 2-opleiding van skole sal in 2014/15 plaasvind.

Gereelde vergaderings is met die Departement Gesondheid se Wes-Kaapse Rehabilitasiesentrum gehou om te help met die plasing van leerders wat na ongelukke, ens. uit die hospitaal ontslaan is. Besprekings oor gevalle is met sielkundiges, terapeute en dokters gereël om die beste opvoedkunde-opsie vir hierdie leerders vas te stel.

Daar was ook samewerking met die Departement Gesondheid se personeel oor geestesgesondheid. 'n Vraelys is saamgestel om die status van Graad 8-leerders se geestesgesondheid vas te stel. Hierdie instrument kan gebruik word wanneer die toetsproses van die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram (ISHP) vir Graad 8-leerders geïmplementeer word. Die fokus van die ISHP is tans op die toetsing van Graad 1-leerders. Soos die Departement van Gesondheid bykomende personeel aanstel, sal Graad 4 en 8 as deel van die inkrementele uitrol van die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram ingefaseer word. 'n Instrument word ook ontwikkel om jonger leerders se geestesgesondheid te toets.

Die WKOD word op die provinsie se Komitee oor Oordraagbare Siektes verteenwoordig om die Departement Gesondheid in te lig oor enige aanmeldbare gevalle van oordraagbare siektes in skole en om inligting vir skole en distrikte in te win oor hoe om hierdie gevalle te hanteer. Vergaderings word twee keer 'n jaar gehou, asook tydens 'n spesifieke noodgeval. Gevalle van tuberkulose, hepatitis A en bakteriële meningitis is in 2013/14 by die Departement Gesondheid aangemeld.

Strategiese doelwitte

Program 4					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werk-likke prestasie vir	Kommentaar oor afwykings
► PPM401: Getal leerders in openbare spesiale skole ingeskryf	19 884	19 470	19 876	406	Die teiken is oorskry. Die teiken is gestel voordat die finale jaarlikse Skoolopname vir spesiale behoefte-skole afgehandel is en het die inskrywings onderskat wat 'n gevolg was van die uitbreiding van die skole van vaardighede en die nuwe fasiliteite vir diegene op die outismespektrum.

Program 4					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werk-likke prestasie vir	Kommentaar oor afwykings
► PPM402: Getal opvoeders in diens by openbare spesiale skole	1 860	1 800	1 872	72	Die totaal van 1 872 sluit 95 onderwysposte in Jeugsorgsentrums in waar die leerders vanaf 1 April 2013 na die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling oorgeplaas is. Nie alle poste is gevul nie.
► PPM403: Getal professionele nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare spesiale skole	971	997	1 003	6	Die syfer 1 003 oorskry die teiken vanweë die feit dat daar 85 staatsdienspersoneel is wat as oortollig verklaar is by Jeugsorgsentrums waar die leerders vanaf 1 April 2013 na die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling oorgeplaas is. Nie alle poste is gevul nie.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

- Sistematiese hantering van die plasingbehoefte van leerders met spesiale onderwysbehoefte
- Verseker dat onderwysers in hoofstroomskole maksimaal toegerus is om die leerbehoefte van alle leerders te hanteer
- Opleiding met 'n fokus op:
 - Spesiale Skool-personeel in die verskeie kategorieë van gestremdheid
 - Skole van Vaardighede-personeel met betrekking tot die hersiene kurrikulum
 - Personeel by voldiens-/inklusiewe skole met betrekking tot die identifisering en hantering van hindernisse tot leer
 - Personeel by Spesiale Skool-hulpbronsentrusse met betrekking tot hulle uitgebreide rol
 - Distriksgebaseerde gespesialiseerde ondersteuningspersoneel, insluitend sielkundiges, maatskaplike werkers, adviseurs oor leerondersteuning, mediese personeel en terapeute met betrekking tot hulle rol in ondersteuning oor die Inklusiewe Onderwys-kontinuum
 - Skoolgebaseerde onderwysers in Leerondersteuning met betrekking tot hulle deskundige rol in die verbetering van taal en wiskunde
 - Skoolgebaseerde ondersteuningspanne met betrekking tot hulle rol in die proses van sifting, identifisering, assessering en ondersteuning (SIAS)

Veranderinge aan beplande teikens

Geen.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 4 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Voorsiening van poste vir onderwysers en staatsdienspersoneel in openbare spesiale skole
- Uitbreiding en toerusting van spesiale skool-hulpbronsentrums/-klasse
- Verskaffing van subsidies vir spesiale skole
- Bevordering van inklusiewe onderwys met die instelling van voldiensskole

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ Onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
4.1 Skole	910,287	910,287	-	824,291	820,101	4,190
4.2 Menslike Hulpbronontwikkeling	51	51	-	-	-	-
4.3 Voorwaardelike toelaag	-	-	-	-	-	-
Totaal	910,338	910,338	-	824,291	820,101	4,190

Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding



Leerdergetalle	
2009	29 887
2013	71 594

2009 Pr 5 Personeeluit- gawes as 'n % van totaal	2013 Pr 5 Personeeluit- gawes as 'n % van totaal	2009 Pr 5 Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000)	2013 Pr 5 Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000)	2009 Pr 5 Getal werk- nemers	2013 Pr 5 Getal werk- nemers
2	1.86	202.35	308.18	1 051	937

4.5 Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding

Doel:

Om VOO by openbare VOO-kolleges te voorsien kragtens die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (2006)

Die VOO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 5.1: Openbare Instellings

om spesifieke openbare VOO-kolleges van hulpbronne te voorsien

Subprogram 5.2: Professionele Dienste

om dosente en studente by openbare OOV-kolleges van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

Subprogram 5.3: Menslike Hulpbronontwikkeling

om voorsiening te maak vir die professionele en ander ontwikkeling van bestuur, dosente en ondersteuningspersoneel by openbare VOO-kolleges

Subprogram 5.4: Voorwaardelike Toelae

om voorsiening te maak vir herkapitalisering in openbare VOO-kolleges (tot en met 2008/09 gebruik)

Strategiese doelwit

Strategiese doelwit 5.1	Om te verseker dat institusionele en programbeplanning in lyn is om relevante, reagerende programme te lewer wat in die behoeftes van plaaslike besighede, industrie, gemeenskappe en studente sal voorsien, en om 'n magtigende omgewing te skep waarin hoë-gehalte, geïntegreerde teoretiese/praktiese programlewering deur institusionele beheer en bestuur, asook operasionele ondersteuning, gehandhaaf word.
--------------------------------	--

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

In 2013 het Wes-Kaapse kolleges 16 812 NS(B) en 39 782 Verslag 191-studente ingeskryf. In dieselfde tydperk is ongeveer 15 000 studente vir beroepsprogramme ingeskryf. Die DHOO het nog nie die syfers van die finale Jaarlikse Opname-verslag vrygestel nie, maar kolleges het ongeveer 71 594 studente gedurende die 2013- akademiese jaar ingeskryf. Dit sluit 'n toename van 412 NK(B)-studente bo die teiken van 16 500 in wat deur die WKOD gestel is. Hierdie syfers toon 'n groei van 43% van 2012 tot 2013 en moet beskou word in die lig van die 51% groei wat reeds van 2011 tot 2012 aangegee is. Hierdie toename in inskrywings ondersteun die DHOO se teiken om die beroepsgerigte en verdere onderwys- en opleidingsektor uit te brei. Van die 71 594 studente, was 56 594 in staatsbefondsde programme, wat 80% van die totale program-koste verteenwoordig.

Kolleges het 40 000 studente in die eerste kwartaal van 2014 ingeskryf. Kolleges beplan om in 2014 'n totaal van 69 700 studente in te skryf, maar die vraag na beroepsgerigte programlewering kan getalle bo hierdie syfer tot gevolg hê.

Die hoë groei in studentegetalle het 'n impak op kollege-infrastruktuur. Die meeste kampusse het hul maksimum kapasiteit bereik en sal nie studentegetalle sonder die uitbreiding van infrastruktuur kan verhoog nie.

Kollege-inskrywing vanaf 15 Februarie 2014	
Boland	6 836
Kaapstad	8 784
Valsbaai	4 976
Northlink	10 707
Suid-Kaap	3 276
Weskus	5 424
Totaal	40 003

Ontwikkeling van dosente

Die WKOD het voortgegaan met ondersteuning vir die implementering van die kurrikulum deur middel van die kapasiteitsbou van dosente en ondersteuning in die klaskamer. Die klem was op die gehalte van interne assesseringsinstrumente, met die gevolg dat die meerderheid van NK(B)- interne assesseringsinstrumente gestandaardiseer en geverifieer is vir voldoening aan nasionale standaarde. Die kapasiteit van dosente is verhoog as gevolg van die prosesse wat in hierdie oefeninge van gehalteversekering gebruik word, asook die tegnologie wat vir aanbidding voorsien is, byvoorbeeld slimborde.

180 lektore is in werkplekke geplaas om voortgesette professionele ontwikkeling te ondergaan.

Dosente in Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid is oor spesifieke aspekte van hulle kurrikula, onderrigmetodologie en klaskamerbestuur opgelei. In die afwesigheid van eindeksamen-uitslae, kan daar nog nie bepaal word of die uitslae in Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid verbeter het nie. Afwesigheid het 'n besliste impak op Wiskunde-uitslae in die besonder, aangesien die vak vereis dat studente hul opdragte gereeld moet voltooi.

Op hierdie stadium kan 'n ontleding van eksamenuitslae nie voorsien word nie, gegewe die feit dat die DHOO nog nie die uitslae aan provinsiale departemente vrygestel het nie.

Ondersteuning verskaf

Finansiële ondersteuning is aan studente verskaf deur die DHOO se VOO-kollegebeursskema. 17 264 "slegs onderrig" en 15 806 "omvattende" beurse is in 2013 aan NK(B)- en Verslag 191-studente toegeken.

Die toename in studentgetalle het druk op kollege-infrastruktuur geplaas. Die WKOD het R52,130,000 vir infrastruktuurontwikkeling toegeken om in die gebrek aan klaskamerruimte asook broodnodige opgraderings en uitbreiding by al ses kolleges te voorsien.

Die Wysigingswet op VOO-kolleges (Wet 3 van 2012) is in Mei 2012 afgekondig, wat die oorgang van VOO-kolleges van 'n provinsiale na 'n nasionale bevoegdheid wettig. Aangesien nie al die wetgewing in plek was om 'n volledige oordrag te laat plaasvind nie, is protokol-ooreenkomste aangegaan vir die sekondering van provinsiale personeel om kolleges te aanhou ondersteun.

Die Wes-Kaapse provinsiale eenheid het voortgegaan om kolleges se beheer- en bestuurstrukture te ondersteun d.m.v. die koördinerende van strategiese en operasionele beplanning en die fasilitering van nuwe aanstellings tot die kollegeeraad ná die afskaffing van kollegerade op 31 Desember 2013.

Die eenheid het ook lewering van die kurrikulum en interne assessering ondersteun en alle eksterne eksamens is gemonitor. Die WKOD en DHOO het kolleges se prestasie ten opsigte van inskrywings, finansiële bestuur en die gehalteversekering van assesserings gemonitor en daarvoor verslag gelewer. Sien die afdeling oor "ontwikkeling van lektore" hierbo.

Die DHOO het vanaf die 2013/14-boekjaar die funksie oorgeneem om subsidies regstreeks na kolleges oor te dra, terwyl die WKOD namens die kolleges PERSAL bestuur het. PERSAL-bestuur het die betaling van salarisse en lone asook maatskaplike voordele aan werknemers ingesluit. Ter nakoming van DHOO-instruksies, is maandelikse en kwartaallikse finansiële verslae by die DHOO ingedien, terwyl volledige PERSAL-verslae vir die rekonsiliasie van personeeluitgawes by kolleges ingedien is.

WKOD-ondersteuning vir die bou van verhoudings tussen VOO-kolleges, SETA's en industrie is opgeskerp, met die gevolg dat 3 000 studente in industrie vir werkplekblootstelling en 11 343 as deel van hul kwalifikasie geplaas is.

Die WKOD het kolleges ondersteun met VRS-opleiding asook vertrek-ondersteuning aan studente om hulle vir die werkomgewing voor te berei. Die vertrek-ondersteuning het die skryf van CV's, ontwikkeling van sagte vaardighede, werkgewer-opedae, ens. ingesluit. Die VRS-opleiding het op die versterking van leierskapvaardighede in VRS-strukture gefokus.

Aangeleenthede m.b.t. oorgang

Die verskuiwing van die VOO-kollege-funksie het nie soos beplan in die 2013/14-boekjaar plaasgevind nie. Die nuwe datum vir die volledige funksie-verskuiwing is 1 April 2015 vir VOO en OOV. Die voorheen ingestelde oorgang- operasionele strukture is deur 'n HEDCOM Funksie-verskuiwing Subkomitee vervang.

Die provinsiale oorgangstaakspan het gedurende 2013/14 vyf vergaderings gehou en gepaardgaande verslae is opgestel ter voorbereiding vir nasionale vergaderings. Die verslae en aanbevelings het hoofsaaklik op die oordrag van personeel gefokus, met die gevolg dat die senior bestuurspersoneel van kolleges na die DHOO oorgeplaas is, terwyl personeel van die provinsiale VOO-eenheid gesekondeer is en op 1 April 2015 oorgeplaas sal word.

Kollektiewe ooreenkomste vir die oorplasing van kolleges se lektore en ondersteuningspersoneel is in Februarie 2013 onderteken en die oorplasing is tans aan die gang.

Prestasie-aanwysers

Program 5					
Programprestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPA 5.1: Getal studente wat vir NS(B)-kursusse by VOO-kolleges ingeskryf is	15 150	16 400	16 812	412	Kolleges het hul teikens as gevolg van vraag oorskry
► PPA 5.2: Getal VOO-kollege NS(B)-studente wat volledige kursusse suksesvol voltooi het	4 603	7 380	9 400	2 020	Dit is 'n skatting aangesien die finale uitslae slegs vrygestel word ná die uitslae van die aanvullende eksamens bekend is.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Die DHOO het begin met 'n proses om nasionale beleide oor studentebywoning en -prestasie te versterk. Sodra dit in werking tree, behoort die bywoningskoers van studente te verbeter, wat tot 'n verbetering in akademiese prestasie sal lei. Op provinsiale vlak sal ondersteuning vir die kurrikulum toeneem deur die huidige programfokusgroepe/gemeenskappe te versterk om te verseker dat kundigheid en beste praktyke tussen dosente gedeel word. Verdere klem sal op die versterking van kolleges se vermoë om akademiese ondersteuning aan studente te bied, geplaas word.

Veranderinge aan beplande teikens

Geen.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 5 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Befondsing van die personeelkoste van Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges.

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
5.1 Openbare instellings	353,097	353 078	19	597,589	597,523	66
Totaal	353,097	353 078	19	597,589	597,523	66

Program 6: Onderwys en Opleiding vir Volwassenes



2009 Pr 6 Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000)	2013 Pr 6 Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000)	2009 Pr 6 Getal werknemers	2013 Pr 6 Getal werknemers
157.42	120.38	11	8

Begrotingstoekenning vir Onderwys en Opleiding vir Volwassenes		
	2009	2013
Program 6	R27 887 000	R37 896 000

VOO-Leedergetalle			
VOO			
2009	38 053	2013	33 595

Getalle, begroting en personeelvoorsiening is deur veranderinge in die sektor beïnvloed. Dit behoort opgelos te word wanneer die toekomstige reëlings duidelik is.

4.6 Program 6: Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

Doel:

Om OOV kragtens die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding van Volwassenes te voorsien.

Die BOOV-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 6.1: Subsidies vir openbare volwassene-leersentrums
 om spesifieke openbare OOV-terreine met subsidies te ondersteun

Subprogram 6.2: Subsidies vir private volwassene-leersentrums
 om spesifieke private OOV-terreine met subsidies te ondersteun

Subprogram 6.3: Professionele dienste
 om opvoeders en leerders by OOV-sentrums van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

Subprogram 6.4: Menslike hulpbronontwikkeling
 om voorsiening te maak vir die professionele en ander ontwikkeling van bestuur, opvoeders en ondersteuningspersoneel by OOV-sentrums.

Strategiese doelwit

Strategiese doelwit 6.1	Om steun te bied aan openbare OOV-sentrumbestuur en beheerstrukture deur beleidsontwikkeling en strategiese ingrypings wat doeltreffende onderwys in leersentrums vir volwassenes fasiliteer; om opvoeders en studente by OOV-terreine van departementeel-bestuurde dienste vir kurrikulum-ondersteuning te voorsien; en om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van onderwysers en nie-onderwysers
--------------------------------	---

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

In 2013/14 was 33 595 leerders by 308 terreine, waarvan 120 hoofsentra was. 20 301 was BOOV Vlak 1-4 leerders, 12 099 was VOO-leerders en 1 195 het kort vaardigheidsprogramme gedoen.

Verspreiding van leerders volgens vlak/graad – Jaar 2013									
Onderwys-distrik	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	GR 10	GR 11	GR 12	Ander	Totaal
Kaapse Wynland	853	706	609	1 865	12	0	1 652	280	5 977
Eden en Sentraal Karoo	606	381	466	1 088	0	0	495	72	3 108
Metro-Sentraal	422	250	310	1 005	28	93	3 604	114	5 826
Metro-Oos	150	122	189	1,983	0	0	85	208	2 737
Metro-Noord	282	352	447	1,921	0	0	2,131	54	5 187
Metro-Suid	277	240	315	1,410	0	0	3,114	70	5 426
Overberg	281	311	295	897	0	0	659	253	2 696
Weskus	476	209	282	1301	0	0	226	144	2 638
Totaal	3 347	2 571	2 913	11 470	40	93	11 966	1 195	33 595

BRON: JAARLIKSE OPNAME 2013

Bykomende geakkrediteerde vaardigheidsprogramme is aan 459 leerders gebied, in samewerking met die VOO-kolleges van Boland, Northlink en Kaapstad.

Die WKOD het in 2013 voortgegaan om onderwysprogramme vir volwassenes aan werknemers van provinsiale en nasionale staatsdepartemente aan te bied. Memorandums van Ooreenkoms is in April 2013 met die departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling en Matzikama Munisipaliteit onderteken. 531 vennootskap-leerders het 18 sentrums bygewoon. Die MVO met die Departement Gesondheid is bygewerk, terwyl Bredasdorp GLS 'n MVO met Floraland en SANPARKS onderteken het om BOOV-dienste aan werknemers te voorsien. 'n MVO word met die Departement van Vervoer en Openbare Werke en Landelike Ontwikkeling beplan.

Die *Kha Ri Gude* Massa Geletterdheid-veldtog is in April 2008 van stapel gestuur om 4.7 miljoen Suid-Afrikaners in staat te stel om teen 2012 in een van die elf amptelike tale geletterd en syfervaardig te word. In 2013 het 15 521 Wes-Kaapse studente aan die program deelgeneem, bygestaan deur 900 tutors en vyf provinsiale koördineerders. Leerders word geleer om in lyn met (B)OOV-vlak 1 eenheidstandaarde in hul moedertaal te lees en skryf. Leerders moet twintig assesseringsaktiwiteite (10 vir geletterdheid en 10 vir gesyferdheid) in hul Leerderassessering Portefeuljies (LAPS) voltooi. Die LAPS word deur SAQA gemodereer en geverifieer.

'n Jeugfokusprojek het in 2013 voortgegaan in reaksie op die leerbehoefte van leerders in openbare skole wat Graad 9 vir die tweede, derde of vierde keer herhaal en wat drie of meer jaar ouer as die ouderdomsnorme vir Graad 9 is. 'n Program is ontwikkel en befonds om 'n paar van die leerders in beroepsgerigte kursusse by VOO-kolleges en OOV-sentrums te plaas om 'n oorbruggingsprogram te voltooi wat tot 'n sertifikaat in Algemene Onderwys en Opleiding: NKR vlak 1 sal lei. 449 leerders is in VOO-kolleges geplaas. 33 leerders word deur MerSETA (R3.7 miljoen) befonds vir 'n vakmanskapprogram en 20 leerders word deur die Veselverwerking- en vervaardiging SETA (FP&M Seta) befonds vir 'n sertifikaat in klere-vervaardiging. 130 leerders is sedert Junie 2012 by OOV-sentrums as deel van die projek geplaas. Die begroting vir hierdie groep leerders was R28 miljoen (2013/2014).

Toetsuitslae

Daar was in 2013 'n toename in die getal studente wat geregistreer het om die BOOV vlak 4-eksamen te skryf. 'n Totaal van 4 781 kandidate het vir een of meer leerareas geregistreer, vergeleke met 3 987 kandidate in 2012. Die getal leerarea-inskrywings het ook toegeneem. Daar was in 2013 'n totaal van 19 600 leerarea-inskrywings, vergeleke met 16 987 in 2012, 14 149 in 2011 en 9 551 in 2010.

Die Wes-Kaap het baie meer leerarea-geslaagdes in 2013 behaal. Die tabel hieronder toon die vordering sedert 2011.

	2011	2012	2013
Getal Leerarea-geslaagdes	6 762	7 677	8 518

Volwasse leerders het goeie uitslae behaal in die twee nuwe leerareas, Inligting-en-kommunikasietegnologie (86.64%) en Vroeëkindontwikkeling (92.03%).

Onderwyserontwikkeling

Distriksgereedheid-besoeke is in 2013 afgelê om VOO-sentrums by te staan met hulle voorbereiding en gereedheid vir 2014. Alle Sentrumbestuurders en Terreinkoördineerder is van 'n lys sleutelprestasie-areas voorsien. Dit vorm deel van hulle kontrak met die WKOD.

Dit is uiters belangrik om toepaslik gekwalifiseerde personeel na die sektor te lok, met mededingende salarisse. Die aanstelling van OOV-personeel is afhanklik van arbeids-wetgewing wat uitgevaardig word en daar is ophoude in hierdie proses. Die implementering van die Norme- en Standaardebefondsing vir Leersentrums vir Volwassenes sal verseker dat sentrums beter toegerus is om 'n meer professionele diens aan hul gemeenskappe te lewer.

Ondersteuning verskaf

Twee provinsiale Forums vir Sentrumbestuurders is in 2013 gehou. Die instelling en werksaamhede van hierdie struktuur word gelei deur die regulerende raamwerk wat in April 2012 goedgekeur is.

Norme-en-standaardebefondsing vir 92 hoofsentrums ten bedrae van R32.6m is in November 2013 afgehandel. Norme-en-standaardebefondsing maak voorsiening vir 51 voltydse kontrakposte; 27 sentrumbestuurders en 24 terreinkoördineerders.

Om geteikende ondersteuning aan distriksamptenare te verseker, is hersienings elke kwartaal met alle distrikte gehou.

Prestasie-aanwysers

Program 6					
Programprestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPA 6.1. Getal leerders in openbare BOOV-sentrums ingeskryf	32 688	21 000	33 595	12 595	Aangesien die bestaande kurrikulum en kwalifikasie nie, soos verwag, vervang is nie, het hoër getalle ingeskryf as wat voorspel is.
► PPA 6.2. Getal opvoeders in diens by openbare BOOV-sentrums	1 379	1 400	904	-496	Inskrywing vir kursusse was tot minder sentrums beperk en groter klasse het beteken dat minder opvoeders nodig was.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

- Bied ondersteuning met die bestaande kurrikulum tot tyd en wyl die voorgenome veranderinge in werking tree
- Voorsien leiding en bystand aan voornemende studente

Veranderinge aan beplande teikens

Geen.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 6 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Voorsien onderwysposte vir instellings van onderwys en opleiding vir volwassenes
- Verskaf subsidies vir instellings van onderwys en opleiding vir volwassenes

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
6.1 Openbare sentrums	5,006	5,006	-	7,106	7,106	-
6.2 Subsidies aan private sentrums	32,892	32,892	-	29,814	29,814	-
6.3 Professionele dienste	-	-	-	-	-	-
6.4 Menslike Hulpbronontwikkeling	-	-	-	-	-	-
Totaal	37,898	37,898	-	36,920	36,920	-

Program 7: Vroeëkindontwikkeling



Begrotingstoekenning vir Vroeëkindontwikkeling		
	2009	2013
Program 7	R271, 961 m	R456, 576 m

- Die begroting wat aan VKO toegeken is, het sedert 2009 verdubbel.
- 550 skole is van VLO-stelle voorsien (binne-murse en buitemurse toerusting)
- Meer as 300 Graad R-klaskamers is opgerig
- 150 modelterreine is ontwikkel

Graad R-inskrywings 2009 – 2013		
	2009	2013
Algeheel (openbare en onafhanklike terreine)	68 997	76 100
Ingeskryf in openbare gewone skole	46 100	59 565

4.7 Program 7: Vroeëkindontwikkeling

Doel:

Om ingevolge Witskrif 5 Vroeëkindontwikkeling (VKO) op die Graad R-vlak aan te bied.

Die VKO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 7.1: Graad R in openbare skole

om spesifieke openbare gewone skole van hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is en meer skole aan te spoor om, waar ruimte dit toelaat, Graad R-klasse in te stel

Subprogram 7.2: Graad R in gemeenskapskole

om bepaalde gemeenskapsentrums [VKO onafhanklike skole] op die Graad R-vlak te ondersteun

Subprogram 7.3: Professionele dienste

Om opleiding en die betaling van stipendiums aan voor-Graad R-praktisyns te bied

Subprogram 7.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

om departementele dienste te voorsien vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by VKO-terreine.

Subprogram 7.5: Voorwaardelike toelae

om vir die infrastruktuur vir VKO voorsiening te maak

Strategiese doelwit

Strategiese doelwit 7.1	Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig. Om die Vlak 1, 4 en 5 opleiding van VKO-praktisyns te koördineer.
--------------------------------	--

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

Die Graad R-leerderdata wat in die jaarlikse opname vir openbare en VKO onafhanklike skole opgeteken is, dui 'n aansienlike toename in inskrywings vir Graad R-leerders aan. Die algehele inskrywing in Graad R word op meer as 76 000 aangegee (kitsopname van 2014), wat 'n aansienlike toename op 2012 is. Dit word toegeskryf aan die veldtogte om ouers in te lig oor die langtermynvoordele van Graad R vir hulle kinders en aan beter, geverifieerde data.

Toetsuitslae

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het vir die derde opeenvolgende jaar die assessering van alle Graad R-leerders by geselekteerde skole onderneem. 11 582 Graad R-leerders wat geïdentifiseer is om 'n risiko te loop, is tussen September en Oktober 2013 deur opgeleide WKOD-amptenare geassesseer. Die aspekte waarin leerders die swakste presteer het, was visuele en ouditiewe persepsie. Die opname het ook bevind dat die vlak van woordeskat

laag is. Die behoeftes wat deur hierdie oefening aan die lig gebring is, was 'n bevestiging van die WKOD se besluit om voort te gaan met die versterking van elke aspek van die Graad R-programme om te verseker dat dit van die vereiste gehalte is. 3 566 leerders herhaal Graad R in 2014 om hulle fondasies van leer te versterk.

Onderwyserontwikkeling

Die Graad R-KABV-opleiding het in 2011/12 begin met ongeveer 3 000 Graad R-praktisyns en onderwysers en Departementshoofde wat saam met personeel van NRO's, HOI's en VOO-kolleges opleiding ontvang het. 'n Verdere 1 600 onderwysers het teen die einde van 2013/14 opleiding ontvang en bykomende opleiding is aan VOO-kollege VKO-fasiliteerders gebied.

5 152 VKO-praktisyns was gedurende die oorsigjaar op VKO-Vlak 1, 4 of 5 leerlingskap-programme wat by Wes-Kaapse VOO-kolleges aangebied is.

394 werklose persone was begunstigdes van 'n program vir VKO-praktisyn-assistente en 22 bykomende persone is as administratiewe ondersteuningspersoneel gekontrakteer. Die 12-maande Vlak 1-opleidingsprogram is deur die VOO-kolleges voorsien. Die WKOD het die ontwikkeling van geakkrediteerde Vlak 1-leermateriaal verseker.

In ooreenstemming met die voorskrifte in die ministeriële bepaling vir die Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP), is die minimum toelaag wat aan alle VKO-praktisyns betaal word, in November 2013 van R1 348 na R1 428 verhoog. Alle VKO-praktisyns wat tans op leerlingskapprogramme is, is deur die verhoogde toelaag bevoordeel. Hierdie verhoging het 'n positiewe invloed op die bywoning van rekrute in die opleidingsklasse gehad.

Elke kollege het die dienste van 'n erkende diensverskaffer verkry om noodhulpopleiding aan 5 848 VKO-praktisyns en -assistente te bied. Alle deelnemers aan die opleiding het 'n opleidingshandleiding en 'n noodhulpkissie vir hulle bewaarskool ontvang.

Ondersteuning verskaf

Die Graad R-leerderssubsidietoekenning aan 942 openbare en 396 onafhanklike skole is in 2013 verhoog om dit in lyn te bring met die vereistes van die Nasionale Norme en Standaard vir Graad R-befondsing. Befondsing het soos volg toegeneem:

Kwintiel	Per leerder daaglik 2011	Per leerder daaglik 2013	Nuwe bedrag per leerder per jaar
1	R18	R20	R4,000
2	R17	R19	R3,800
3	R14	R18	R3,600
4	R12	R17	R3,400
5	R10	R16	R3,200

Die subsidietoekenning sal weer in die 2014/2015-boekjaar hersien word. Subsidie-eisvorms word kwartaalliks by Hoofkantoor ingedien en word geverifieer voordat oordragbetalings aan skole gemaak word. 52 393 Graad R-leerders by openbare skole en 13 957 Graad R-leerders by VKO- onafhanklike skole is in 2013/14 gesubsidieer.

'n Finansiële bestuurshandleiding vir Graad R is saamgestel om skoolbestuurspanne te ondersteun met die effektiewe en doeltreffende benutting van subsidietoekenning. Skoolhoofde en genomineerde SBL-lede van 1 261 openbare en VKO- onafhanklike skole het die inligtingsvergaderings bygewoon wat deur die distrik se IBB VKO-bestuurders gereël is.

Hoofkantoor- en distriksamptenare het die benutting van subsidies by 100 openbare en VKO- onafhanklike skole in 2013 gemonitor en hierdie monitering sal in die volgende boekjaar voortgesit word.

Elf nuwe Graad R-klaskamers is verskaf en 150 skole het befondsing vir meubels en 'n basiese VKO-hulpbronstel vir hierdie nuwe en bykomende klasse ontvang. Die Graad R-praktisyns in hierdie skole is in die doeltreffende gebruik van die toerusting opgelei. Sommige van die items in die VKO-stelle sluit geletterdheid- en gesyferdheidspeletjies en legkaarte, houtblokke, boustelle, fiksie en niefiksie-boeke, musiekinstrumente en speelgoed met wiele in.

Strategiese doelwitte:

Program 7					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM701: Getal leerders in Graad R by openbare skole ingeskryf	60 158	61 000	59 565	-1 435	Die getalle is gegrond op oerlike keuse en dié wat in die omgewing van 'n skool met 'n openbare Graad R-fasiliteit woon. Ouers verkies in sommige gevalle 'n onafhanklike skool. Dit is bekend dat getalle vir Graad R jaar op jaar wissel.
► PPM702: Getal openbare skole wat Graad R aanbied	963	922	939	17	Die teiken is oorskry as gevolg van 'n uitbreiding in voorsiening.
► PPM 703: Getal Graad R-praktisyns wat per kwartaal by openbare gewone skole in diens is	NvT	NvT	NvT	NvT	

Prestasie-aanwysers

Program 7						
Programprestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings	
▶ PPA 7.1 Getal bykomende VKO-stelle aan openbare gewone skole	130	100	130	30	Die teiken is oorskry as gevolg van 'n besluit om meer openbare skole te ondersteun.	
▶ PPA 7.2 Getal bykomende VKO-stelle aan onafhanklike skole	20	50	20	-30	Die teiken is nie behaal nie as gevolg van 'n besluit om meer openbare skole te ondersteun.	

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

- Fokus op verbeterde opleiding van onderwysers
- Konsentreer op ondersteuningsprogramme vir Graad R-leerders wat 'n risiko loop
- Verseker dat skole voor die aanvang van die Graad R- akademiese jaar in besit van alle LOOM is
- Monitor die doeltreffende aanwending van Graad R-subsidies by openbare gewone skole en VKO- onafhanklike skole wat Graad R aanbied
- Ondersteun verbeterde gehalte

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 7 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Voorsien onderwysposte vir Graad R in openbare skole
- Uitbreiding en verbetering van subsidies vir Graad R in openbare skole en onafhanklike instellings om universele inskrywing te verseker


Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
7.1 Graad R in openbare skole	298,673	298,673	-	222,465	222,465	-
7.2 Graad R in gemeenskapsentrums	53,760	53,760	-	43,194	43,194	-
7.3 Voor-Graad R-opleiding	105,153	105,153	-	101,250	101,250	-
7.4 Menslike Hulpbronontwikkeling	-	-	-	-	-	-
7.5 Voorwaardelike toelaes	8,051	7,949	102	16,985	16,985	-
Totaal	465,637	465,535	102	383,894	383,894	-


Program 8: Infrastruktuurontwikkeling



2010 Infrastruktuur as 'n % van die algehele begroting



2013 Infrastruktuur as 'n % van die algehele begroting



2009 - 2013 Infrastruktuur			
Nuwe skole	29	Vervangingskole	21
Klaskamers	1 604	Spesialiskamers	614
Graad R-klaskamers	307		

4.8 Program 8: Infrastruktuurontwikkeling

Doel: Om infrastruktuurfasiliteite vir die administrasie en skole te voorsien en in stand te hou.

Subprogramme

Subprogram 8.1: Administrasie

Sluit goedere en dienste in wat vir infrastruktuurontwikkeling en die instandhouding van kantoorgeboue benodig word

Subprogram 8.2: Openbare Gewone Skole

Sluit goedere en dienste in wat vir infrastruktuurontwikkeling en die instandhouding van openbare gewone skole benodig word

Subprogram 8.3: Spesiale skole

Sluit goedere en dienste in wat vir infrastruktuurontwikkeling en die instandhouding van spesiale skole benodig word

Subprogram 8.4: Vroeëkindontwikkeling

Sluit goedere en dienste in wat vir infrastruktuurontwikkeling en die instandhouding van openbare gewone skole benodig word

Strategiese doelwit

Strategiese doelwit 8.1	Om geprioritiseerde, kostedoeltreffende en effektiewe instandhouding van infrastruktuur te verseker en dat skole gebou word om by die belangrikste demografiese tendense te pas
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ontwikkel 'n betroubare, omvattende databasis van die vereistes vir instandhouding van skoolinfrastruktuur. 2. Prioritiseer ingrypings op grond van ingeligte en objektiewe kriteria en akkurate inligtingstelsels. 3. Wat tekorte in befondsing en 'n verouderde infrastruktuur betref, pas 'n benadering van 'n hiërargie van behoeftes soos volg toe: Herstelwerk aan dakke, strukturele herstelwerk aan geboue, watertoevoer, kragtoevoer, riool- en ablusiegeriewe, slote en gewelplate, plafonne, grensheinings, verfwerk. 4. Verrig noodinstandhouding in die geval van natuurrampe, strukturele probleme en vandalisme. 5. Ondersteun skole in daaglikse instandhouding (instandhouding van gronde, skoonmaak, opknappings, herstelwerk en/of vervanging van gedeeltes van skoolgeboue) deur middel van Norme-en-Standaarde-toekennings aan skole. 6. Lewer 'n infrastruktuurbeplanning- en -implementeringsdiens wat verseker dat besluite om skole te bou, op te knap, te sluit of uit te brei op grond van geldige bewyse geneem word en dat leerders geakkommodeer word. 7. Bestuur die bouprogram ter insluiting van die voorsiening van nuwe skole, vervanging van ongepaste strukture, opknapping van klaskamers en voorsiening van nuwe klaskamers en mobiele klaskamers om oor die korttermyn in vraag te voorsien.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Besonderhede word onder punt 6.8 verskaf. "Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan". 'n Opsomming word hieronder verskaf.

Bouprojekte gedurende 2013/14 voltooi

Nuwe skole

- Geen nuwe skole is in 2013/14 oorhandig nie;
- Geen mobiele skole is vir ingebruikneming in 2013/14 voltooi nie.

Vervangingskole (vervanging van skole wat met ongepaste materiaal gebou is)

- Die volgende vervangingskole is in 2013/14 voltooi: Formosa Laerskool, Pacaltsdorp Laerskool, St. Thomas Laerskool, Kathleen Murray Laerskool, Rusthof Laerskool, Fairview Laerskool en Plantation Road Laerskool
- Een opgradering en projek is by Bloekombos Laerskool voltooi.

Bykomende klaskamers

- Uitbreidingsklaskamers: 7 klaskamers is by bestaande skole aangebou om vir toenemende inskrywing voorsiening te maak
- Graad R-klaskamers: 11 klaskamers is in 2013/14 voltooi.
- Mobiele eenhede verskaf: 175 klaskamers.

Die infrastruktuur wat vir lewering in 2013/14 geskeduleer was, word hieronder uiteengesit, saam met die werklike getalle wat gelewer is.

Kategorie	Geteiken	Werklike getal
Nuwe skole	4	0
Vervangingskole	7	7
Graad R-klaskamers	65	11
Opgradering en aanbouing	Geen teikens gestel nie	1
Uitbreidingsklaskamers		7
Mobiele klaskamers		175

Strategiese doelwitte

Program 8					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM801: Getal openbare gewone skole wat van watertoevoer voorsien moet word	0	0	0	0	Geen
► PPM802: Getal openbare gewone skole wat van kragtoevoer voorsien moet word	0	0	0	0	Geen
► PPM803: Getal openbare gewone skole wat van sanitasiegeriewe voorsien moet word	0	0	0	0	Geen
► PPM804: Getal klaskamers wat in openbare gewone skole gebou moet word (insluitend die ASIDI-program)	293	613	265	-348	13 skoolprojekte (ongeveer 364 klaskamers) is in 2013/14 gekanselleer as gevolg van kontrakteurs se nieprestasie en likwidasië. Dit het ophoude van meer as 6 maande veroorsaak om tyd toe te laat dat kontrakte weer geadverteer word en nuwe kontrakteurs aangestel word.
► PPM805: Getal spesialis-kamers wat in openbare gewone skole gebou moet word (alle kamers buiten klaskamers – o.a. laboratoriums, voorraadkamers, siekeboeg, kombuis, ens.), insluitend die ASIDI-program	95	165	62	-103	13 skoolprojekte (ongeveer 103 spesialis-kamers) is in 2013/14 gekanselleer as gevolg van kontrakteurs se nieprestasie en likwidasië. Dit het ophoude van meer as 6 maande veroorsaak om tyd toe te laat dat kontrakte weer geadverteer word en nuwe kontrakteurs aangestel word.

Prestasie-aanwysers

Program 8					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPA 8.1. Getal infrastruktuurprojekte voltooi	93	143 ⁸	108	-35	Van die 35 onvoltooide projekte, sal 27 projekte in die eerste kwartaal van 2014/15 voltooi word. Drie projekte is weer geadverteer en drie projekte is heeltemal gekanselleer.

⁸ Die totale getal projekte vir 2013/14 wat vir die Gebruikerbetelebestuursplan goedgekeur is, was 141 projekte en nie 143 nie.

Strategie om gebiede van onderprestasië op te los

- Stort meer fondse in instandhouding
- Gefokusde benadering tot instandhouding deur verskeidenheid van vennootskap-opsies, bv. gepaste befondsing
- Behandel prosesse aangaande die onverkrygbaarheid van terreine deur middel van samewerking tussen die WKOD, die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DTPW) en plaaslike regeringsektor
- Fasiliteer die oplossing van soneringsaansoeke en verwante aangeleenthede deur sterker kommunikasie tussen die WKOD, DTPA (eiendomsbestuur) en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DEADP).

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 8 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Uitbreiding, verbetering en instandhouding van infrastruktuur by openbare gewone skole, spesiale skole en Graad R in openbare gewone skole.

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
8.1 Administrasie	9,190	9,190	-	846	846	-
8.2 Openbare gewone skole	1,161,856	1,023,222	138,634	738,001	697,686	40,315
8.3 Openbare spesiale skole	6,978	6,978	-	14,683	14,683	-
8.4 Vroeëkindontwikkeling	14,922	14,922	-	37,457	37,457	-
Totaal	1,192,946	1,054,312	138,634	790,987	750,672	40,315

Program 9: Hulpdienste en verwante dienste



	Getalle wat in 2009 skryf	Getalle wat in skryf 2013
Nasionale Senior Sertifikaat	44 931	47 636
Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullend	6 690 (Februarie 2010)	6 960 (Februarie 2014)
BOOV Vlak 1 – 4 (Junie + November) – Algeheel	1 901 (getal wat een of meer leerareas in Junie en November gekombineerd geskryf het)	5 885 (getal wat een of meer leerareas in Junie en November gekombineerd geskryf het)
Senior Sertifikaat (Junie)	12 646	13 099
Jaarlikse Nasionale Assesseringstoets (JNA)	551 801 (2012)	572 593

4.9 Program 9: Hulpdienste en verwante dienste

Doel:

Om die onderwysinstellings as 'n geheel van ondersteuning te voorsien.

Die Hulp- en verwante dienste-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 9.1: Betalings aan SETA

om ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling menslike hulpbronontwikkeling aan werknemers te voorsien

Subprogram 9.2: Voorwaardelike toelae-projekte

om vir projekte voorsiening te maak soos deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer, wat op meer as een program van toepassing is en uit voorwaardelike toelae befonds word

Subprogram 9.3: Eksterne eksamens

om vir departementeel-bestuurde eksamendienste voorsiening te maak

Strategiese doelwit

Strategiese doelwit 9.1	Om toegang tot alle eksterne eksamens te voorsien; die geloofwaardigheid van die eksamen- en assesseringsprosesse te verseker; te verseker dat alle skole eksamens en skoolgebaseerde assesserings doeltreffend bestuur; en om leer te ondersteun
--------------------------------	---

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Eksamens

Die WKOD het in 2013 vyf belangrike eksamens in ooreenstemming met die toepaslike beleide en regulasies geadministreer. Hierdie eksamens is:

- i. Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens (Oktober/November)
- ii. Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullende eksamens (Februarie/Maart van elke jaar)
- iii. Senior Sertifikaat-eksamens (Mei/Junie van elke jaar tot en met 2017)
- iv. BOOV Vlak 1-4 eksamens (Mei/Junie)
- v. BOOV Vlak 1-4 eksamens (Oktober/November)

Daarbenewens is die Jaarlikse Nasionale Assesserings in Graad 1-6 en 9 geskryf. Hierdie vraestelle word deur die Departement van Basiese Onderwys opgestel en aan provinsies vir administrasie verskaf. Die doel van die assesserings is om die nasionale fokus op die verbetering van die lees-, skryf- en wiskundige vaardighede van leerders in Graad 1-6 en Graad 9 te ondersteun.

Eksamen	Getal geregistreer	Getal wat geskryf het	Getal sentrums
Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (Oktober/November)	48 701	47 636	431
Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullende eksamens (Februarie/Maart 2014)	8 579	6 960	408
Senior Sertifikaat-eksamen (Mei/Junie 2013 en elke jaar tot en met 2017)	24 991	13 481	172
BOOV Vlak 4-eksamen (Mei/Junie 2013)	1 109	728	58
BOOV Vlak 4-eksamen (Oktober/November 2013)	4 774	3 480	114

Die Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse is van 10 tot 13 September 2013 afgelê. 'n Totaal van 604 364 leerders is in die Wes-Kaap geregistreer om die toetse te skryf wat by 1 552 skole in die provinsie afgelê is, insluitend 1 458 openbare gewone skole, 76 regering-gesteunde onafhanklike skole en 18 spesiale skole.

Sekuriteit van eksamens is 'n belangrike prioriteit. Alle eksamenprosesse en -prosedures word ingevolge die betrokke wetgewing bestuur.

Die WKOD het 1 328 mense tydens 18 sessies in September 2013 opgelei om die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamenproses op skoolvlak te bestuur. Die groep het uit skoolhoofde, senior onderwysers en eksterne senior opsieners bestaan. Die toesighouding oor die afneem van die Nasionale Senior Sertifikaat- en BOOV Vlak 4-eksamens is deur onderwysers en eksterne opsieners in 'n 50-50-verhouding uitgevoer. Die senior opsiener, wat ook 'n eksterne gemeenskaplid was, het 'n belangrike ondersteunende rol vir die skoolhoof vervul, wat die hoofeksamenbeampte in die skool was.

Ten einde die gehalte van NSS-nasiening te verbeter, is bevoegdheidstoetse gedurende April-Mei 2013 vir nasieners in tien vakke uitgevoer. Dit is duidelik dat die standaard en gehalte van nasiening in hierdie vakke verbeter het.

Om te verseker dat die skoolgebaseerde assesseringspunte (SBA) geldig en betroubaar is, moet onderwysers die assesseringstake by die vakhoof op skoolvlak vir moderering indien. Kurrikulumadviseurs voer deurlopende moderering van SBA op skoolvlak uit. Moderering van SBA word ook op provinsiale vlak gedoen, voordat die moderering deur die Departement van Basiese Onderwys en Umalusi gedoen word. Waar SBA-punte as ongeldig bevind word, word die skole na die distrik vir die ondersteuning en ingryping verwys.

Skole en leerders wat besonder goed presteer het, het erkenning by die jaarlikse toekenningsgeleentheid ontvang wat op 14 Januarie 2014 gehou is.

Die Senior Sertifikaat-eksamen vir volwasse leerders sal voortgaan en tot 2017 aangebied word. Die getal eksamensentrums het oor die jare afgeneem as deel van 'n formele rasionaliserings-oefening wat verseker dat die hoogste standarde van toegang en beheer gehandhaaf word.

Strategiese doelwitte

Program 9					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM901: Getal kandidate vir die Graad 12 Senior Sertifikaat-eksamen (matriekeksamen)	44 700	48 500	47 636	-864	Die skatting was grotendeels akkuraat. 'n Effense tekort is ervaar. Inskrywing is 'n veranderlike wat van 'n aantal faktore afhang wat buite die beheer van die WKOD is.
► PPM902: Getal kandidate wat die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het	36 992	40 000	40 558	558	Die ekstra sukses was bevredigend en te danke aan die ekstra pogings van die leerders, onderwysers en amptenare. Hierby ingesluit was klaskameronderrig, tutors, vakansieprogramme, die telematika-program, vorige vraestelle, die "Wenke vir Sukses"-boekie, handboeke en algemene ondersteuning en monitering.
► PPM903: Getal leerders wat toegang tot studies vir die B-graad in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) behaal het	16 319	17 600	19 477	1 877	Die ekstra sukses was bevredigend en te danke aan die ekstra pogings van die leerders, onderwysers en amptenare. Hierby ingesluit was klaskameronderrig, tutors, vakansieprogramme, die telematika-program, vorige vraestelle, die "Wenke vir Sukses"-boekie, handboeke en algemene ondersteuning en monitering.
► PPM904: Getal leerders wat Wiskunde in die NSS-eksamen geslaag het	11 311	11 500	12 216	716	Die ekstra sukses was bevredigend en te danke aan die ekstra pogings van die leerders, onderwysers en amptenare. Hierby ingesluit was klaskameronderrig, tutors, vakansieprogramme, die telematika-program, vorige vraestelle, die "Wenke vir Sukses"-boekie, handboeke en algemene ondersteuning en monitering. Die Dinaledi-program en die WKOD se strategieë vir Geletterdheid en Gesyferdheid en Wiskunde en Wetenskap, tesame met die langtermyn-impak van die sistemiese toetse, behoort steeds vrugte af te werp.

Program 9					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Bepaalde teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM905: Getal leerders wat Natuurwetenskap in die NSS-eksamen geslaag het	7 995	8 400	8 333	-67	Alhoewel die teiken nie behaal is nie, was daar 338 meer wat geslaag het. Die ekstra sukses was bevredigend en te danke aan die ekstra pogings van die leerders, onderwysers en amptenare. Hierby ingesluit was klaskamer-onderrig, tutors, vakansie-programme, die telematika-program, vorige vraestelle, die "Wenke vir Sukses"-boekie, handboeke en algemene ondersteuning en monitering. Die Dinaledi-program en die WKOD se strategieë vir Geletterdheid en Gesyferdheid en Wiskunde en Wetenskap, tesame met die langtermyn-impak van die sistemiese toetse, behoort steeds vrugte af te werp.
► PPM906: Getal Graad 3-leerders wat Taal in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	52 531	58 614	44 660	-13 954	Die JNA-toetsprogram word gekenmerk deur innerlike strydighede, bv. tussen grade en die feit dat onderwysers en leerders nog moet leer wat getoets word en hoe dit getoets word. Die assessering word deur onderwysers en dan d.m.v. 'n steekproef-moderering gedoen; dit is dus nog nie moontlik om skattings oor syfers te maak nie. Sukses of mislukking ten opsigte van punte kan dus nog nie beweer word nie. Hierdie aanwysers sal bestudeer word soos toetse plaasvind en soos skole en leerders die elemente van die toetse bemeester.

Program 9					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Bepaalde teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM907: Getal Graad 3-leerders wat Wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	35 294	42 474	53 171	10 697	Die JNA-toetsprogram word gekenmerk deur innerlike strydighede, bv. tussen grade en die feit dat onderwysers en leerders nog moet leer wat getoets word en hoe dit getoets word. Die assessering word deur onderwysers en dan d.m.v. 'n steekproef-moderering gedoen; dit is dus nog nie moontlik om skattings oor syfers te maak nie. Sukses of mislukking ten opsigte van punte kan dus nog nie beweer word nie. Hierdie aanwysers sal bestudeer word soos toetse plaasvind en soos skole en leerders die elemente van die toetse bemeester.
► PPM908: Getal Graad 6-leerders wat Taal in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	30 252	40 903	44 549	3 646	Die JNA-toetsprogram word gekenmerk deur innerlike strydighede, bv. tussen grade en die feit dat onderwysers en leerders nog moet leer wat getoets word en hoe dit getoets word. Die assessering word deur onderwysers en dan d.m.v. 'n steekproef-moderering gedoen; dit is dus nog nie moontlik om skattings oor syfers te maak nie. Sukses of mislukking ten opsigte van punte kan dus nog nie beweer word nie. Hierdie aanwysers sal bestudeer word soos toetse plaasvind en soos skole en leerders die elemente van die toetse bemeester.

Program 9					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Bepaalde teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM909: Getal Graad 6-leerders wat Wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	14 406	17 140	27 396	10 256	Die JNA-toetsprogram word gekenmerk deur innerlike strydighede, bv. tussen grade en die feit dat onderwysers en leerders nog moet leer wat getoets word en hoe dit getoets word. Die assessering word deur onderwysers en dan d.m.v. 'n steekproef-moderering gedoen; dit is dus nog nie moontlik om skattings oor syfers te maak nie. Sukses of mislukking ten opsigte van punte kan dus nog nie beweer word nie. Hierdie aanwysers sal bestudeer word soos toetse plaasvind en soos skole en leerders die elemente van die toetse bemeester.
► PPM910: Getal Graad 9-leerders wat Taal in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	28 997	43 169	26 175	-16 994	Die JNA-toetsprogram word gekenmerk deur innerlike strydighede, bv. tussen grade en die feit dat onderwysers en leerders nog moet leer wat getoets word en hoe dit getoets word. Die assessering word deur onderwysers en dan d.m.v. 'n steekproef-moderering gedoen; dit is dus nog nie moontlik om skattings oor syfers te maak nie. Sukses of mislukking ten opsigte van punte kan dus nog nie beweer word nie. Hierdie aanwysers sal bestudeer word soos toetse plaasvind en soos skole en leerders die elemente van die toetse bemeester.

Program 9					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
► PPM911: Getal Graad 9-leerders wat Wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	3 751	8 721	5 291	-3 430	Die JNA-toetsprogram word gekenmerk deur innerlike strydighede, bv. tussen grade en die feit dat onderwysers en leerders nog moet leer wat getoets word en hoe dit getoets word. Die assessering word deur onderwysers en dan d.m.v. 'n steekproef-moderering gedoen; dit is dus nog nie moontlik om skattings oor syfers te maak nie. Sukses of mislukking ten opsigte van punte kan dus nog nie beweer word nie. Hierdie aanwysers sal bestudeer word soos toetse plaasvind en soos skole en leerders die elemente van die toetse bemeester.

Prestasie-aanwysers

Program 9					
Programprestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
PPA 9.1: % van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal	38.90%	40%	37%	-3%	Terwyl die teiken nie bereik is nie, moet daarop gelet word dat skole versoek is om leerders voor te berei om sekere vrae in uitgebreide skryf te beantwoord en leerders werk hard daaraan om hierdie nuwe vereiste te bemeester. 'n Aantal stappe is gedoen om hierdie proses te ondersteun.
PPA 9.2: % van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal	51.50%	55%	55%		

Program 9					
Programprestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2012/2013	Beplande teiken 2013/2014	Werklike prestasie 2013/2014	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2013/2014	Kommentaar oor afwykings
PPA 9.3: % van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal	36.90%	37%	30%	-7%	Terwyl die teiken nie bereik is nie, moet daarop gelet word dat skole versoek is om leerders voor te berei om sekere vrae in uitgebreide skryf te beantwoord en leerders werk hard daaraan om hierdie nuwe vereiste te bemeester. 'n Aantal stappe is gedoen om hierdie proses te ondersteun.
PPA 9.4: % van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal	26.40%	30%	28%	-2%	Daar is verbetering op die vorige jaar, maar die teiken is ten spyte van baie ondersteuning nie bereik nie. Voortdurende werk word vereis.
PPA 9.5: % van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Tale behaal	48.20%	50%	48%	-2%	Leerders het ten spyte van baie ondersteuning nie die teiken bereik nie. Voortdurende werk word vereis.
PPA 9.6: % van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal	13.90%	15%	14%	-1%	Dit bly 'n uitdagende gebied en die verbetering op die vorige jaar was minimaal.
PPA 9.7: Skole met 'n slaagkoers met <60% wat die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het	26	10	23	-13	Die program van ingryping en ondersteuning het nie die volle gewenste uitwerking gehad nie.
PPA 9.8: Nasionale Senior Sertifikaat-slaagkoers	82.80%	83%	85.1%	2.1%	Die teiken is oorskry as gevolg van die harde werk van alle partye betrokke by die onderrig- en leerprogram en die gevolg van die ingrypings hierbo genoem.
PPA 9.9: % van leerders wat vir studies om 'n B-graad kwalifiseer	36.50%	37%	40.9%	3.9%	Die teiken is oorskry as gevolg van die harde werk van alle partye betrokke by die onderrig- en leerprogram en die gevolg van die ingrypings hierbo genoem.

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

- Opleiding van skoolhoofde in nuwe assesseringsvereistes
- Verbeterings aan die nasien van skrifte
- Voortgesette gebruik van data om ingrypings te ondersteun
- Gaan voort met die administrasie van bevoegdheidstoetse vir nasieners en brei dit uit.

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 9 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Verskaffing van kontrakposte vir ekamennasieners
- Verkryging en toerusting van sentrums vir eksamennasiening
- Die druk en verspreiding van eksamenvraestelle
- Implementering van die JNA-toetsprogram

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
9.1 Betalings aan SETA	5,811	5,811	-	5,524	5,524	-
9.2 Professionele dienste	500,958	500,958	-	480,853	480,853	-
9.3 Eksterne eksamens	137,842	137,842	-	136,242	136,242	-
9.4 Voorwaardelike toelae	18,501	17,848	653	17,416	16,552	864
Totaal	663,112	662,459	653	640,035	639,171	864

5 OORDRAGBETALINGS

5.1. Oordragbetalings aan openbare entiteite

Nie van toepassing nie

5.2. Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite

Oordragbetalings word aan opvoedkundige instellings gemaak ingevolge die betrokke wette van die Parlement wat vir hulle geld. Oordragbetalings word byvoorbeeld aan openbare gewone skole vir norme en standaarde gemaak, soos ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet uiteengesit. Bylae 1B van die finansiële jaarstate verskaf 'n meer gedetailleerde verduideliking vir elke soort entiteit.

Die departement pas artikel 38(i)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (PFMA) toe, wat vereis dat opvoedkundige instellings wat oordragbetalings ontvang, bewys moet lewer dat hulle die fondse vir die beoogde doel aanwend. Die betrokke opvoedkundige instellings moet 'n verklaring aflê en sertifikaat onderteken voordat die volgende oordragbetalings gedoen word. Hulle is verder ingevolge die wetgewing wat op die spesifieke opvoedkundige instelling van toepassing is, ook verantwoordelik daarvoor om hulle geouditeerde finansiële state teen 'n sperdatum vir hersiening en nakoming in te dien.

Oordragbetalings is aan verskeie opvoedkundige instellings gemaak, insluitend openbare gewone skole en VOO-kolleges. In die geval van VOO-kolleges, waar dienste aan die WKOD gelewer word, word 'n Memorandum van Ooreenkoms aangegaan en rolle en verantwoordelikhede word duidelik uiteengesit. Gereelde verslagdoening word aan die departement gedoen met betrekking tot finansiële uitgawes en diensleweringsaspekte, bv. die opleiding van VKO-praktisyns. Instellings word jaarlikse deur eksterne en onafhanklike ouditeure geoudit.

Finansiële ondersoeke van skole en ander instellings word uitgevoer deur die Skool-Korporatiewe Beamptes wat by distrikte gebaseer is. Hulle gaan na of verklarings wat deur skole gemaak is, 'n ware weerspieëling is van uitgawes aangegaan. Distrikte monitor skole op grond van 'n kontrolerisiko-klassifikasie-indeks, d.w.s. lae tot hoë risiko. Skole word deur die distrikskantoor geëvalueer voordat Artikel 21-funksie toegewys word. Hulle toegekende status word op 'n gereelde basis hersien.

Die herverkiesing van skoolbeheerliggame (SBL'e) elke drie jaar stel vir die departement 'n besondere uitdaging. Die verantwoordelikheid vir finansiële bestuur rus by die SBL. Die vereiste dat skoolhoofde ook 'n rol moet speel in die finansiële bestuur van die skool, help die departement met monitering. Finansiële bestuur is 'n belangrike onderwerp wat in die opleiding van nuwe SBL'e gedek word. Kapasiteitsbou op skoolvlak is belangrik om nakoming van die voorwaardes rakende oordragbetalings te verseker.

Die tabel hieronder toon die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2013 tot 31 Maart 2014 gemaak is.

Naam van oordrag-ontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor fondse aangewend is	Het die departement artikel 38(1)(j) van die PFMA nagekom?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur entiteit bestee	Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie
Openbare gewone skool	Instellings sonder winsbejag	Infrastruktuur (instandhouding en opgraderings)	JA	167,690	167,690	0
		N&S: Bykomende groei	JA	2,017	2,017	0
		Koshuissubsidie	JA	33,877	33,877	0
		Administratiewe steun	JA	9,262	9,262	0
		Voorwaardelike toelae: Maatskaplike sektor UOWP	JA	3,898	3,898	0
		Norme en standaarde	JA	520,360	520,360	0
		Voorwaardelike toelae: NSVP	JA	32,056	32,056	0
		Gr 3, 6 en 9 toetse en JNA	JA	17,897	17,897	0
		Gr 12 toekennings	JA	1,443	1,443	0
		Vergoeding vir gratis vrystelling	JA	42,668	42,668	0
		Jeugfokus	JA	18,524	18,524	0
		Leerdervoer	JA	36,101	36,101	0
		Litium-toekennings	JA	8,876	8,876	0
		Private vervoersubsidie	JA	3,523	3,523	0
		Internetkonneksie	JA	17,608	17,608	0
		Tegniese vakke	JA	2,112	2,112	0
		Matriekeksamensentrums	JA	243	243	0
		Veilige skole-sekuriteit	JA	23,453	23,453	0
		Voorwaardelike toelae: Dinaledi/tegniese herkapitalisering	JA	3,820	3,820	0
		SBL-lidmaatskap en -opleiding	JA	287	287	0
NTA's en NSS VOO-opleiding	JA	3,114	3,114	0		
Wiskunde en wetenskap	JA	6,338	6,338	0		
Subsidies vir onafhanklike skole	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	JA	84,648	84,648	0

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor fondse aangewend is	Het die departement artikel 38(1)(j) van die PFMA nagekom?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur entiteit bestee	Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie
Openbare spesiale skoolonderwys	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	JA	122,364	122,364	0
		Skoolhandboeke	JA	4,210	4,210	0
		Leerdervoer	JA	1,226	1,226	0
		Opgradering van infrastruktuur	JA	3,140	3,140	0
Verdere Onderwys en Opleiding	Instellings sonder winsbejag	Opgradering/ instandhouding van infrastruktuur	JA	52,130	52,130	0
		Subsidie	JA	11,031	11,031	0
Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	JA	32,641	32,641	0
Vroeëkind-ontwikkelingsentrums	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	JA	276,840	276,840	0
		Leerdervoer	JA	413	413	0
		Voorwaardelike toelae: Maatskaplike sektor UOWP	JA	5,817	5,817	0
		Voor-Gr R-toelae	JA	56,990	56,990	0

Die tabel hieronder weerspieël die oordragbetalings waarvoor daar in die tydperk 1 April 2013 tot 31 Maart 2014 begroot is, maar waarvoor geen oordragbetalings gemaak is nie.

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse aangewend moes word	Begrote bedrag (R'000)	Bedrag oorgedra (R'000)	Redes waarom fondse nie oorgedra is nie
Geen	NvT	NvT	NvT	NvT

6. VOORWAARDELIKE TOELAES

6.1. Voorwaardelike toelae en geormerkte fondse betaal

Nie van toepassing nie

6.2. Voorwaardelike toelae en geormerkte fondse ontvang

Al die vereistes ingevolge die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2011 ten opsigte van bogenoemde voorwaardelike toelae is nagekom:

- Alle oordragte ontvang is in die departement se bankrekening gedeponeer;
- Fondse is volgens die sakeplanne bestee;
- Voorwaardes van die voorwaardelike toelae, soos in die goedgekeurde sakeplanne uiteengesit, is nagekom.

Monitering

Monitering van elke toelae het deur middel van maandelikse verslagdoening, kontroles en terreinbesoeke deur die betrokke amptenare plaasgevind en verbeterings is op 'n deurlopende grondslag aangebring. Die verkrygingsprosesse vir die Tegniese Skole Herkapitalisasie-toelae en die Dinaledi-toelae is gesentraliseer en tyd is aan elkeen bestee om te verseker dat alle voorwaardes nagekom word en dat geen verkwiste besteding plaasvind nie, byvoorbeeld in gevalle waar items of opleiding op die programme nie deur die betrokke skole benodig was nie. Aan die een hand het die maatreëls tot besparings gelei en aan die ander hand het dit beteken dat sekere prosesse langer geneem het as wat verwag is, gegewe die omvang van die gehaltebeheer wat in plek was.

Die tabelle hieronder toon die voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang in die tydperk 1 April 2013 tot 31 Maart 2014.

Voorwaardelike toelae: Herkapitalisasie-toelae vir tegniese hoërskole	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelae	Herkapitalisering van tegniese hoërskole
Verwagte uitsette van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> • Die bou van nuwe werkwinkels. • Opknapping of herontwerp van bestaande werkwinkels. • Verskaffing van toerusting, gereedskap en masjinerie vir werkwinkels.
Werklike uitsette behaal	<p>Die konstruksie van die nuwe werkwinkels is aan die gang en is geskeduleer om op 31 Julie 2014 voltooi te wees.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Opknapping of herontwerp van bestaande werkwinkels. • Die tender vir die verskaffing van toerusting is toegeken en die afleweringdatum is 30 Junie 2014. • Opleiding van onderwysers in vakinhoud.
Bedrag per gewysigde DORA	R11 884 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R13 898 miljoen

Voorwaardelike toelae: Herkapitalisasie-toelae vir tegniese sekondêre skole	
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R3 717 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	<ul style="list-style-type: none"> • Die tenders vir die verskaffing van IKT-toerusting aan skole is toegeken, maar aflewering kon nie voor die einde van Maart 2014 geskied nie. Fondse is verbind en 'n heruitreiking is versoek. • Die Departement van Vervoer en Openbare Werke, wat die projek vir die Direkoraat Infrastruktuurbeplanning en -bestuur hanteer, het 'n projekbestuursmaatskappy gekontrakteer om die konstruksie van meganiese en siviele tegnologie-werkwinkels by twee tegniese hoërskole te bestuur. Die terreine is op 5 Maart 2014 aan die bouer oorhandig en die konstruksie word beoog om teen 31 Mei 2014 voltooi te wees. • Die tender vir die verskaffing van toerusting aan die tegniese skole is toegeken. Aflewering sal in Mei plaasvind.
Redes vir afwyking van prestasie	Tenders is toegeken, maar kon nie teen die einde van Maart 2014 afgelewer word nie.
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Alle rekwisies vir 2014/15 is by VKB vir verkryging ingedien.

Voorwaardelike toelae: Herkapitalisasie-toelae vir tegniese sekondêre skole	
Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement	VKB hou elke twee weke vergaderings met die senior bestuur vir Kurrikulum VOO om te verseker dat tenders op hoogte is.
Voorwaardelike toelae: Toelaag vir Onderwysinfrastruktuur (OIT)	
Departement wat die toelae oorgedra het	Infrastruktuurbeplanning en -bestuur
Doel van die toelae	Instandhouding, opknapping, uitbreiding van infrastruktuur en skepping van nuwe infrastruktuur.
Verwagte uitsette van die toelae	Verseker dat die toestand van bestaande infrastruktuur in stand gehou word, soos deur die PFMA voorgeskryf, of skep addisionele kapasiteit by opvoedkundige instellings, soos goedgekeur.
Werklike uitsette behaal	Instandhouding van fasiliteite en opknapping/uitbreiding/aanbouing van verskeie eenhede/fasiliteite
Bedrag per gewysigde DORA	R960 465 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R960 465 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	NvT
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R821 831 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	Onbestede fondse is verbind vir verdragings in ASIDI- kapitale infrastruktuurprojekte by openbare gewone skole.
Redes vir afwyking van prestasie	Geen
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Maandelikse interdepartementele vergaderings met DTPW
Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement	Infrastruktuur-verslagdoeningsmodel (IRM) en maandelikse vorderingsverslae van DTPW
Voorwaardelike toelae: Toelae vir MIV en Vigs (Onderrig in Lewensvaardighede)	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelae	<p>Om Suid-Afrika se MIV-/Vigs-voorkomingstrategie te ondersteun deur die kennis, vaardighede en gepaste besluitneming oor seksuele en reprodutiewe gesondheid van leerders en opvoeders te verbeter.</p> <p>Om die impak van MIV/Vigs te versag deur 'n sorgsame, ondersteunende en bemagtigende omgewing vir leerders en opvoeders te skep.</p> <p>Om die voorsiening van 'n veilige, regte-gebaseerde omgewing in skole te verseker wat vry is van diskriminasie, stigma en enige vorm van seksuele teistering of mishandeling.</p> <p>Om kinders se kwesbaarheid vir MIV-, TB- en SOS-besmetting te verminder, met 'n bepaalde fokus op weeskinders en kwesbare kinders.</p>

Verwagte uitsette van die toelae	<p>Leerders, opvoeders en amptenare se toenemende kennis van en vaardighede in MIV, SOS's en TB.</p> <p>Afname in riskante seksuele gedrag onder leerders, opvoeders en amptenare</p> <p>Verminder struikelblokke vir retensie in skole, veral vir kwesbare kinders.</p> <p>Afname in riskante seksuele gedrag onder leerders, opvoeders en amptenare</p> <p>Skole, distrikte en provinsies het MIV/Vigs Lewensvaardighede-onderwysprogramme by hulle medewerking-, evaluering- en verslagdoeningstelsels geïntegreer.</p> <p>Bestuur, administrasie en ondersteuning aan distrikte en skole gelewer.</p>
Werklike uitsette behaal	Alle uitsette is volgens die sakeplan bereik. Oorrol van R863 934 (3,5%).
Bedrag per gewysigde DORA	R17 637 million
Bedrag ontvang (R'000)	R18 501 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	NvT
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R17 848 million
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	Onbestede fondse is verbind vir dienste gelewer deur verskaffers/kontrakteurs gedurende 2013/14, maar fakture is nie betyds vir betaling ingedien nie en is dus nie teen 31 Maart 2014 betaal nie.
Redes vir afwyking van prestasie	Geen
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Alle rekwisies vir 2014/15 is voor die aanvang van die boekjaar vir verkryging ingedien.
Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement	Maandelikse en kwartaallikse verslae word aan WKOD-bestuur voorgelê vir monitering en aftekening.

Voorwaardelike toelae: Toelae vir Nasionale Skoolvoedingsprogram	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys (DBO)
Doel van die toelae	Om voedsame maaltye aan leerders te voorsien
Verwagte uitsette van die toelae	Voedsame maaltye wat aan leerders bedien word
Werklike uitsette behaal	Voedsame maaltye aan leerders voorsien
Bedrag per gewysigde DORA	R260 538 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R265 103 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	NvT
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R258 328 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	Onbestede fondse is as gevolg van 'n loodsprojek vir melk (verskaffing van melk aan leerders) wat vroeg in die boekjaar moes plaasvind. As gevolg van verdragings met die verkryging van verpakkingsmateriaal, is die loodsprojek verdrag en het gedurende November 2013 plaasgevind.
Redes vir afwyking van prestasie	Verdragings in die implementering van die loodsprojek vir melk.
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Verbeter die koers van indiening van uitstaande eise van diensverskaffers om betaling voor die einde van die boekjaar te verseker.
Moniteringsmeganisme van die departement	Die NSVP se provinsiale kantoor monitor die uitgawes en distriksamptenare monitor die program op 'n daaglikse basis.

Voorwaardelike toelae: Dinaledi Skole	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> • Om die gehalte van leerderprestasie in wiskunde, fisiese wetenskappe, lewenswetenskappe en eerste addisionele taal (EAT) Engels in lyn met die Aksieplan tot 2014 te verbeter. Om die inhoudskennis, pedagogiese en didaktiese vaardighede van wiskunde-, fisiese wetenskappe- en lewenswetenskappe-onderwysers te verbeter.
Verwagte uitsette van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> • Voer 'n behoeftebepaling by elke Dinaledi-skool uit en verskaf, waar daar 'n gebrek is: • apparaat en verbruiksgoedere aan skole wat 'n funksionele wetenskaplaboratorium ontbreek en ondersteun skole met die verkryging van 'n geskikte, toegewyde fisiese struktuur, waar benodig. • geometriestelle en sakrekenaars • inligting- en kommunikasietegnologie- (IKT) hardeware, sagteware, internetkonnektiwiteit en 'n toegewyde fisiese infrastruktuur • toegang tot geskikte opvoedkundige TV-uitsendings • inhoud, didaktiese en pedagogiese programme om die doeltreffendheid van onderwysers te verbeter • bestuursopleiding en/of mentorskap vir skoolhoofde en skoolbestuurspanne • mede-kurrikulêre, bykomende voorbereiding van Graad 8- tot 12-leerders vir beter prestasie en deelname aan olimpiades en toegang tot wetenskap-klubs, wetenskap-feeste en kompetisies • duidelik bepaalde aansporings vir leerders, onderwysers en/of skole wat ooreengekome prestasieteikens bereik of oorskry
Werklike uitsette behaal	Uitsette bereik met die uitsondering van fisiese wetenskap- en lewenswetenskap-apparaat en chemikalieë. Die tender moes weer geadverteer word en is eers in April 2014 toegeken.
Bedrag per gewysigde DORA	R10 096 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R13 366 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	Nvt
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R11 868 miljoen
Redes waarom bedrag nie bestee is nie	Wetenskap-tenders is eers in April 2014 toegeken.
Redes vir afwyking van prestasie	Wetenskap-tender is eers in April 2014 toegeken omdat dit weer geadverteer moes word.
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Alle rekwisies vir 2014/15 is voor die aanvang van die boekjaar vir verkryging ingedien.
Moniteringsmeganisme van die departement	VKB hou elke twee weke vergaderings met die senior bestuur vir Kurrikulum VOO om te verseker dat tenders op hoogte is.

Voorwaardelike toelae: Toelaag vir Verdere Onderwys en Opleiding	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO)
Doel van die toelae	Om die suksesvolle oorpasing van die VOO-kollege-funksie na die DHOO te verseker
Verwagte uitsette van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> • Oorpasing van bestuurspersoneel van VOO-kolleges na die DHOO afgehandel • Oorpasing van niebestuurspersoneel na die DHOO afgehandel • Sekondering van provinsiale Onderwysdepartement-personeel na DHOO afgehandel • Oorpasing van provinsiale Onderwysdepartement-personeel na DHOO afgehandel • Posvoorsieningsmodel vir VOO-kolleges afgehandel • Implementering van die befondsingsnorme en -standaarde vir VOO-kolleges • Implementering van die Nuwe Programkoste vir Befondsing van VOO-kolleges • Monitor die ondersteuning van VOO-kolleges deur PDE's • Implementering van 37% in plaas van voordele vir VOO-kolleges
Werklike uitsette behaal	<ul style="list-style-type: none"> • Oorpasing van bestuurspersoneel van VOO-kolleges na die DHOO afgehandel • Oorpasing van niebestuurspersoneel na die DHOO afgehandel • Sekondering van provinsiale Onderwysdepartement-personeel na DHOO afgehandel • Implementering van die befondsingsnorme en -standaarde vir VOO-kolleges • Implementering van 37% in plaas van voordele vir VOO-kolleges
Bedrag per gewysigde DORA	R353 097 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R353 097 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	NvT
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R353 078 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	Besparing op vergoeding
Redes vir afwyking van prestasie	Geen afwyking van provinsiale uitsetprestasie nie
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Nvt
Moniteringsmeganisme van die departement	Maandelikse en kwartaallikse verslae

Voorwaardelike toelae: UOWP Geïntegreerde Toelaag vir Provinsies – Onderwys	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Vervoer en Openbare Werke
Doel van die toelae	Om werkseleenthede vir die jeug, vroue en gestremdes in die VKO-sektor te skep.
Verwagte uitsette van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> • Lei 394 VKO-praktisyns op die gebied van Vroeëkindontwikkeling op. • Lei 22 voorheen-werklose matrikulante op om datavasleggers te wees.
Werklike uitsette behaal	<ul style="list-style-type: none"> • 299 VKO-praktisyns is na die 12-maande opleidingskursus as bevoegd verklaar. Elke praktisyn het 'n 12-maande VKO Vlak 1-kursus by een van die ses VOO-kolleges in die provinsie bygewoon. • Elke VKO-praktisyn het ook opleiding in noodhulp ontvang. • 22 datavasleggers het kursusse in kantoorbestuur, Microsoft Office, menslike hulpbronbestuur en projekbestuur voltooi.
Bedrag per gewysigde DORA	R12 298 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R12 298 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	Nvt
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R12,064 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	Fakture nie betyds vir verwerking ontvang nie.
Redes vir afwyking van prestasie	
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Kolleges moes weekliks van enige uitstaande fakture in kennis gestel word.
Moniteringsmeganisme van die departement	'n Eksterne diensverskaffer is gekontrakteer om die opleiding te moniteer wat by kolleges aangebied word. 'n Moniteringsverslag is op lêer.

7. DONATEURSFONDSE

7.1. Donateursfondse ontvang

Die departement het nie gedurende die oorsigtydperk enige donateursfondse ontvang nie.

8. KAPITALE BELEGGING

8.1. Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan

Bouprojekte gedurende 2013/14 voltooi

Nuwe skole

- Geen nuwe skole is in 2013/14 oorhandig nie:
- Geen mobiele skole is vir ingebruikneming in 2013/14 voltooi nie.

Vervangingskole (vervanging van skole wat met on gepaste materiaal gebou is)

- Die volgende vervangingskole is in 2013/14 voltooi: Formosa Laerskool, Pacaltsdorp Laerskool, St. Thomas Laerskool, Kathleen Murray Laerskool, Rusthof Laerskool, Fairview Laerskool en Plantation Road Laerskool
- Een opgradering en bykomende projek is voltooi, naamlik Bloekombos Laerskool.

Bykomende klaskamers

- Uitbreidingsklaskamers: 7 klaskamers is by bestaande skole aangebou om vir toenemende inskrywing voorsiening te maak
- Graad R-klaskamers: 11 klaskamers is in 2013/14 voltooi.
- Mobiele eenhede verskaf: 175 klaskamers.

Die infrastruktuur wat vir lewering in 2012/13 geskeduleer was, word hieronder uiteengesit, saam met die werklike getalle wat gelewer is.

Kategorie	Geteiken	Werklike getal
Nuwe skole	4	0
Vervangingskole	7	7
Graad R-klaskamers	65	11
Opgradering en aanbouing		1
Uitbreidingsklaskamers	Geen teikens gestel nie	7
Mobiele klaskamers		175

Afwykings ten opsigte van teikens word onder Program 8 met betrekking tot programprestasie-maatstawwe bespreek. Sommige projekte is vertraag en alternatiewe reëlings moes vir akkommodasie getref word.

Kapitaalprojekte onder konstruksie

(a) Nuwe skole

Die permanente skole wat oorspronklik vir voltooiing teen 31 Maart 2014 geskeduleer is, naamlik Concordia Laerskool, Concordia Hoërskool, Silversands Hoërskool en Vuyiseka Hoërskool is in die finale stadium van konstruksie of tenderbeoordeling.

(b) Vervangingskole

Die volgende vervangingskole wat aanvanklik vir voltooiing gedurende die 2013/14-boekjaar geskeduleer is, was op 31 Maart 2014 in verskillende stadiums van konstruksie: A.C.J. Phakade Laerskool, Garden Village Laerskool, Itsitsa Laerskool, Pineview Laerskool en Touwsrante Laerskool. Hierby gevoeg is die veertien, eerste-fase ASIDI-projekte, naamlik: Hawston Laerskool, Willemsvallei Laerskool, Knysna Sekondêre Skool, Kasselsvlei Laerskool, Parkview Laerskool, Wesfleur Laerskool, Sophakama Laerskool, Valhalla Laerskool, Delta Laerskool, Die Duine Laerskool, Sophumelela Sekondêre Skool, Portia Laerskool, Kensington Sekondêre Skool en Heideveld Laerskool. Al hierdie skole is tans onder konstruksie.

Uitgawes is in ooreenstemming met die norme van die industrie. Die Departement se Implementeringsagente (Departement van Vervoer en Openbare Werke en die Eenheid vir Projekimplementering) hanteer alle tenderprosesse vir nuwe geboue en projekte vind in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander beheermaatreëls plaas.

Batebestuur

Onroerende bates

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en die Skole se Register van Behoefte-inligtingstelsel (SRBIS) om onroerende bates te bestuur.

Belangrike roerende bates:

Wat roerende bates betref, beskik die WKOD oor 'n batebestuurseenheid wat deel uitmaak van die Voorsieningskanaaleenheid.

Alle meubels en toerusting wat deur Hoofkantoor en die onderwysdistrikskantore benodig word, word sentraal aangekoop en op 'n inventaris van roerende bates vasgelê volgens die vereistes wat deur Nasionale Tesourie voorgeskryf word.

Die volgende maatreëls is toegepas om 'n bateregister te verseker wat rekeningkundige standaarde handhaaf en 'n doeltreffende, deeglike en akkurate rekonsiliasie van inligting verseker:

- Jaarlikse voorraadopname word deur die departement uitgevoer, soos voorgeskryf deur die Tesourieregulasies.
- Aftekening van inventarisse deur die verantwoordelike amptenare en sertifisering deur Verantwoordingsbestuurders.
- Uitreiking van omsendbriewe in lyn met Hoofstuk 10 van die Tesourieregulasies.

- Aankopeprosedures vir bates in die Rekenpligtige Beamppte se Stelsel.
- Maandelikse rekonsiliasie van aankope op LOGIS en die uitgawes op BAS.
- Handhawing van 'n bateregister met al die inligting wat deur die Tesourieregulasies vereis word.

Die meganisme wat in werking gestel is om 'n doeltreffende stelsel van identifikasie, beveiliging, monitering en rekordhouding van roerende bates te verseker, is soos volg:

- Alle bates het staafkodes ontvang, is "RSA" gemerk en in inventarisse opgeteken.
- Bates is in die register vir roerende bates in alle batekategorieë aangeteken en unieke nommers is daarvoor toegeken (strepieskodes).
- Verantwoordingsbestuurders is verantwoordelik om hulle bates te beveilig.
- Roerende bates is op 'n inventaris per kostesentrum en ligging opgeteken. Inventarisse is deur die kostesentrumbestuurders as korrek gesertifiseer en word by elke ligging bygehou.

Skole

Die WKOD het meubels en arbeidsbesparende items vir skole aangekoop. Hierdie items vorm egter nie deel van die WKOD se bateregister nie. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), word dat as voorraaditems van die skole beskou. Skole moet dus oor hierdie voorraaditems in hulle jaarlikse finansiële state verslag doen. Die WKOD se bateregister weerspieël slegs die voorraad van hoofkantoor en die onderwysdistrikte en hul onderskeie dienspunte.

Planne oor roerende bates, byvoorbeeld motorvoertuie

Die provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke (Staatsmotorvervoer) bestuur die verskaffing, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde motorvoertuie van die staatsgarage (GG). Hulle formuleer ook provinsiale beleid oor die gebruik van GG-voertuie en handhaaf 'n bateregister op die Fleetman-stelsel. Die WKOD is verantwoordelik vir die lisensiëring, instandhouding en voortdurende voorsiening van brandstof vir die voertuie.

Die WKOD maak seker dat die provinsiale beleid toegepas word. Daar word ook 'n register van voertuie in gebruik deur die WKOD bygehou en voertuiggebruik word deur middel van logboeke gemonitor. Die huidige vloot voldoen tans aan die behoeftes van die WKOD.

Instandhouding

Groot instandhoudingsprojekte is gedurende die oorsigtydperk onderneem:

Getal projekte	Begroting vir 2012/13 R'000	Beraamde finale koste (R'000)
108	R 92 650m	R 92 650m

Die 2013 U-AMP toon die volgende onder die opskrif "Gebruikers se gradering van toestand"

Toestand	Algemene beskrywing	Gradering
Uitstekend	Geen opsigtelike defekte nie. Voorkoms lyk nuut. Risiko-indeks: Geen uitwerking op diensvermoë nie. Geen risiko nie.	C5
Goed	Toon oppervlakkige verwerking, geringe defekte en geringe tekens van verswakte afwerking van oppervlaktes. Risiko-indeks: Afwisselende, geringe ongerief vir bedrywighede. Geringe risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Lae koste-implikasie.	C4
Redelik	In gemiddelde toestand, verswakte oppervlaktes het aandag nodig; dienste werk maar het aandag nodig, agterstand bestaan in instandhoudingswerk. Risiko-indeks: Voortdurende ongerief vir bedrywighede. Mate van risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Medium koste-implikasie.	C3
Swak	Het baie verswak, met ernstige strukturele probleme. Lyk oor die algemeen sleg met verweerde beskermingslae; elemente is stukkend, dienste werk nie; aansienlike aantal groot defekte. Risiko-indeks: Groot ontwrigting op diensvermoë, hoë waarskynlikheid van risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Hoë koste-implikasie/finansiële verlies.	C2
Baie swak	Het gefaal; nie operasioneel nie en ongepas om te okkupeer. Risiko-indeks: onbruikbaar, onmiddellike hoë risiko vir sekuriteit, gesondheid en veiligheid of eiendom. Aansienlike koste-impak.	C1

Vierhonderd vyf-en-tagtig(480) openbare gewone skole in die Wes-Kaap is as "swak" gegradeer. Gehuurde skole en skole met ongepaste struktuur ("plankieskole") is buite verhouding in hierdie kategorie verteenwoordig. Met verloop van jare is baie min geskeduleerde instandhouding deur eienaars van gehuurde eiendom gedoen. Eienaars van eiendom voer die lae huurgeld as die hoofrede aan waarom behoorlike instandhouding nie op gehuurde skole uitgevoer kan word nie. Eenduisend-vier-en-twintig (1 024) skole word as "redelik" gegradeer. Baie meer van hierdie skole behoort as "goed" beskou te word, maar die agterstand in instandhouding aan hierdie geboue het die gradering beïnvloed.

Een-en-twintig (21) openbare gewone skole word as "C4" gegradeer.

Die toestand van WKOD-geboue gaan agteruit en sal aanhou agteruitgaan tensy die instandhoudingsbegroting verhoog of alternatiewe modelle aangeneem word. Die jaarlikse vereiste vir instandhouding is 1.5% van die waarde van die voorraad. Alhoewel geskeduleerde instandhoudingsprojekte volgens plan verloop, het jaarlikse kostestygings 'n impak op die omvang van dit wat aandag kan geniet. Dus bly daar kommer oor voorraad wat verouder en agteruitgaan.

'n Opsomming van die syfers word hieronder aangebied:

Tekort in instandhouding				
Boekjaar	Batewaarde	1,5% vir instandhouding benodig	Begroting verskaf	Tekort
2004	10,560,000	158,400	73,719	84,681
2005	12,000,000	180,000	76,174	103,826
2006	12,000,000	180,000	90,037	89,963
2007	15,052,800	225,792	37,192	188,600
2008	15,052,800	225,792	52,363	173,429
2009	15,052,800	225,792	73,719	152,073
2010	17,357,885	260,368	102,363	158,005
2011	18,225,779	273,387	108,413	164,974
2012	18,225,779	273,387	114,725	158,662
2013	19,683,841	295,257	168,673	126,584
Totale agterstand sedert 2004		2,298,175		

Daar was 'n impak op die agterstand in 2012/13 en weer in 2013/14. As gevolg van die stadige besteding aan kapitaalprojekte, is 'n besluit geneem om 'n lys projekte te onderneem wat oorspronklik nie as gevolg van begrotingsprioriteite by die U-AMP ingesluit kon word nie. Daar is ook aandag geskenk aan die beplanning van die 2014/15-geskeduleerde projekte ten einde geskeduleerde instandhoudingsuitgawes in die 2014/15-boekjaar vinniger te laat geskied. Die beplanning van 39 kapitale projekte is in 2013/14 begin om die uitvoering van projekte in die toekoms te bespoedig.

Infrastruktuursprojekte	2013/2014			2012/2013		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder- besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ Onder- besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Nuwe en vervangingsbates	778,999	640,365	138,634	343,287	343,287	0
Bestaande infrastruktuurbates	271,012	271,012	0	357,882	317,567	40,315
Opgraderings en aanbouings	41,041	41,041	0	134,119	129,189	4,930
Rehabilitasie, opknapping en herstelwerk	7,213	7,213	0	35,875	35,875	0
Instandhouding en herstelwerk	225,758	225,758	0	187,888	152,503	35,385
Infrastruktuuroordrag	142,935	142,935	0	89,818	89,818	0
- Lopend	62,250	62,250	0	42,350	42,350	0
- Kapitaal	80,685	80,685	0	47,468	47,468	0
Totaal	1,192,946	1,054,312	138,634	790,987	750,672	40,315



Deel C
Beheer

1. INLEIDING

'n Verbintenis deur die departement om die hoogste standaard van beheer te handhaaf, is die grondslag vir die bestuur van openbare finansies en hulpbronne. Gebruikers wil die versekering hê dat die departement goeie beheerstrukture in plek het om staatshulpbronne, wat deur die belastingbetaler befonds word, doeltreffend, effektief en ekonomies te benut.

Die departement word deur die Onderwysouditkomitee bedien en al die lede is onafhanklike lede wat deur die Rekenpligtige Beampte in oorleg met die Uitvoerende Gesag aangestel is. Die Ouditkomitee word ooreenkomstig 'n "Verwysingsraamwerk" bedryf, wat op 18 Julie 2012 goedgekeur is.

Die Ouditkomitee vergader ten minste op 'n kwartaallike grondslag om uitvoering te gee aan sy verantwoordelikhede soos uiteengesit in die goedgekeurde Verwysingsraamwerk. Die Ouditkomitee vergader ook met die Uitvoerende Gesag en Rekenpligtige Beampte om sake van belang te bespreek.

Interne oudit is steeds onafhanklik aangebied deur die gedeelde interne ouditfunksie wat aan die Korporatiewe Dienstesentrum in die Departement van die Premier gekorporatiseer is.

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (PFMA) en King III, verskaf die interne ouditfunksie aan die Ouditkomitee en bestuur die versekering dat die interne kontroles met betrekking tot korporatiewe beheer, risikobestuur en beheerprosesse voldoende en doeltreffend is. In ooreenstemming met die PFMA en King III, is 'n risiko-gebaseerde, 3-jaar rollende strategiese en jaarlikse operasionele interne ouditplan deur die Ouditkomitee goedgekeur en die Ouditkomitee die uitvoering van die operasionele plan en bestuur se implementering van regstellende stappe gemonitor.

'n Nuwe direktoraat, wat regstreeks aan die Departementshoof rapporteer, is in 2013 ingestel om as die Interne Kontrole-eenheid vir die WKOD te dien. Die direktoraat se mandaat behels o.a. strategiese bestuur, leiding en advies met betrekking tot interne kontrole-praktyke. Elemente is:

1. Verseker behoorlike beheer – koördineer en handhaaf geskikte delegasie en beheerraamwerk, verseker implementering van regstellende kontroles, verseker die implementering en handhawing van 'n geïntegreerde verliesbeheerstelsel, doen kwartaalliks en jaarliks verslag oor die status van die reaksie op FOE-verslae.
2. Lewer 'n versekeringsdiens – meld aangeleenthede by die Ouditkomitee aan, fasiliteer die eksterne en interne oudit, bestuur die post-ouditproses.
3. Regulatoriese, beleids- en beheerraamwerk en taktiese raad – ontwikkel instrumente en tegnieke, lewer advies oor strategie, beleidsdokumente.

Interne oudit erken die rol wat deur ander verskaffers van versekering gespeel word en beoog vir die volgende jaar 'n gekombineerde benadering tot versekering, wat sal verseker dat interne oudithulpbronne vir die mees toepaslike risikogebiede aangewend word.

Alle amptenare word deur middel van posbeskrywings en prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou. Amptenare by hoofkantoor word vir tydige en deskundige ondersteuning aan distrikte verantwoordelik gehou. Skole en distrikte word vir ondersteuning aan skole en die prestasie van leerders aanspreeklik gehou. Die belangrikste fokusareas was bywoning deur onderwysers en leerders en die optimale benutting van die skooldag.

Aanspreeklikheid op skoolvlak is vanaf 2011 versterk deur die Wes-Kaapse Wysigingswet op Provinsiale Skoolonderwys (Wet 7 van 2010), wat in Januarie 2011 in werking getree het.

Aanspreeklikheid is uitgebrei met die oorsigtelike rol wat deur Provinsiale en Nasionale Tesourie vervul word ten opsigte van die verpligte elemente van die beplanning- en verslagdoening-siklusse wat finansiële én niefinansiële aangeleenthede dek. Verslagdoening vind op 'n maandelikse (bv. finansiële), kwartaallikse of jaarlikse grondslag plaas. Alle afdelings van die WKOD het ooreenstemmende afdelings in die Departement van Basiese Onderwys of die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, waardeur verslagdoening, prestasie-ontleding en vooruitskattings op 'n volgehoue grondslag gekanaliseer word. Die Departement van die Premier speel 'n oorsigtelike rol in belangrike WKOD-projekte. Voorts word beheer deur interne én eksterne auditprosesse op kontroles uitgeoefen, wat daartoe bydra dat funksionaliteit en omsigtige bestuur verseker word.

Materiële aanspreeklikheid berus in die formele verhouding tussen die WKOD en UMALUSI, die nasionale gehalteversekeringsliggaam vir leeruitkomst. Die verhouding is gegrond op die interne moderering van assesseringsprosesse en die voorsiening van 'n aanvaarbare eksamenproses.

Net soos alle staatsdepartemente landwyd, het die WKOD aan 'n moniteringsinnovasie van die Presidensie deelgeneem, naamlik die assesseringshulpmiddel vir bestuursprestasie (MPAT) wat die vier gebiede van korporatiewe beheer bestudeer: strategiese beplanning, MH, korporatiewe beheer en aanspreeklikheid en finansiële bestuur. Die oefening was 'n waardevolle een.

Heelskoolevaluering verskaf steeds waardevolle insigte, nie slegs oor die ondersteunings-behoeftes van individuele skole nie, maar ook oor sistemiese kwessies. Korter besoeke is afgelê by klein skole of dié skole wat optimaal funksioneer. Differensiering in die lengte van besoeke het daarvoor gesorg dat bykomende skole besoek kon word. Skole word volgens die HSE-gradering gekodeer. Die bevindinge is in tendensverslae bekendgestel, benewens die uitgebreide verslae wat aan die betrokke skole voorsien is.

Alle skole het in Februarie 2013 en weer in 2014 aanlyn-skoolverbeteringsplanne (SVP'e) met teikens vir drie jaar voltooi – vir akademiese prestasie; bestuursdoeltreffendheid (soos leerder- en onderwyserafwesigheid en akademiese beplanning); hulpbronne en instandhouding. Die aanwysers stem ooreen met die nasionale teikens onder Aksieplan 2014 en is in lyn met die nege fokusgebiede van heelskoolevaluering. Die waarde van 'n verbeteringsplan soos hierdie, is dat alle skole daarop gefokus is om belangrike ingrypings vir verbetering te dryf. Die SVP vorm ook deel van die aanspreeklikheidstelsel, aangesien die ondertekenaars van die plan die skoolhoof, die SBL en die WKOD insluit. Skole het in 2014 ook aksieplanne ingedien om die stappe te spesifiseer wat hulle sal instel om die gestelde teikens te bereik.

Kwartaallikse skoolverbeteringsmonitering is in 2013 uitgevoer om die kernaspekte van verkryging en skoolfunksionaliteit, bv. SBL-verkiesings en voorbereidheid vir die nuwe jaar, na te spoor. Aangesien die verslae aanlyn vasgelê is, kon die data ontgin en gebruik word om ondersteuning te verbeter. Die data het die WKOD byvoorbeeld in staat gestel om op hoogte van die aflewering van werkboeke te bly.

2. RISIKOBESTUUR

Die Rekenpligtige Beampte (RB) vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) neem verantwoordelikheid vir die implementering van Ondernemingsrisikobestuur (ORB) ingevolge die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Raamwerk vir Risikobestuur (NTOSRRB) en die Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die Departement van die Premier lewer 'n gesentraliseerde strategiese ondersteuningsdiens aan die departement.

Ter nakoming van die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Raamwerk vir Risikobestuur (NTOSRRB) en om risikobestuur in die departement te verstewig, het die WKR 'n ORB-beleid aanvaar waarin die WKR se oorhoofse doel met betrekking tot ORB uiteengesit word.

'n Jaarlikse ORB-implementeringstrategie is ontwikkel om uitvoering te gee aan die WKR se ORB-beleid en om die prioriteite van die WKOD se Jaarlikse Implementeringsplan vir Ondernemingsrisikobestuur en die prioriteite oor risikobestuur te implementeer. Dit stel die departement in staat om op sy departementele doelstellings, doelwitte en sleutelprestasië-aanwysers te lewer, ingeligte besluite oor risiko te neem en nakoming van toepaslike wetgewing te versterk. Die rolle en verantwoordelikhede van bestuurders en personeel wat risikobestuur in die departement toepas, word ook uiteengesit en die magtigende wetgewing, standarde, meganismes, hulpmiddels en hulpbronne wat gebruik word om die ORB-plan te verwesenlik, word gedefinieer.

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement Risikobestuurskomitee hou toesig oor die hele stelsel van die departement se risikobestuur en voorsien die Rekenpligtige Beampte van die nodige verslae oor die prestasie van risikobestuur. Die Ouditkomitee hou onafhanklike toesig oor die departement se stelsel van risikobestuur. Die Ouditkomitee ontvang kwartaallike ORB-vorderingsverslae en departementele risikoprofiële en -registers ten einde hul onafhanklike toesighoudende rol te vervul. Die Ouditkomitee se evaluering van die risikobestuursproses hou verband met die vordering van die implementering van die departement se jaarlikse ORB-implementeringsplan en betekenisvolle/strategiese risiko's waarvoor die departement te staan kom en die toepaslike strategieë oor die reaksie op/behandeling van risiko's.

Risikobestuurskomitee

Die WKDO het 'n Risikobestuurskomitee ingestel om die Rekenpligtige Beampte by te staan in die uitvoering van haar onderskeie verantwoordelikhede met betrekking tot risikobestuur. Die komitee funksioneer volgens die verwysingsraamwerk wat deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur is. Die komitee bestaan uit die lede van die departement se uitvoerende komitee. Die komitee moet ingevolge die verwysingsraamwerk vyf keer 'n jaar vergader.

Die komitee se vergaderings is gedurende die oorsigjaar soos volg bygewoon:

Lid	Posisie	Geskeduleerde vergaderings	Bygewoon
Me. P. Vinjevold	SG: Onderwys	4	3
Mnr. L. Ely	ADG: Finansies	4	3
Me. M. Harker	ADG: Onderwysbeplanning	4	3
Mnr. B. Schreuder	ADG: Kurrikulum- en Assesseringsbestuur	4	3
Mnr. J. Lyners	ADG: Institusionele Ontwikkeling en Koördinerings	4	3
Mnr. I. Carolus	HD: Mensebestuurspraktyke	4	3

Risikobestuursproses

Die WKOD het gedurende die oorsigtydperk sy risiko's van toepassing op die strategiese en jaarlikse prestasieplan beoordeel. Risikobeoordeling vind op 'n jaarlikse basis op 'n strategiese vlak plaas en word kwartaalliks bygewerk. Die Risikobeoordeling word op 'n kwartaallike basis op programvlak uitgevoer ten einde die bestaande risiko's te hersien en by te werk en ontluikende risiko's te identifiseer. Beduidende risiko's van toepassing op doelwitte is beoordeel ten opsigte van die waarskynlikheid en impak daarvan, planne om risiko's te hanteer word ontwikkel en deur toegewese risiko-eienaars bestuur. Programrisikoregisters word deur die onderskeie programbestuurders goedgekeur.

Die Risikobestuurskomitee bekragtig, prioritiseer en maak verdere aanbevelings aan die Rekenpligtige Beampte om beduidende risiko's deur middel van gepaste risikoreaksie/-behandeling te verminder ten einde die departementele strategiese doelwitte te bereik en hierdie proses word kwartaalliks uitgevoer.

Uitwerking op institusionele prestasie

Ondernemingsrisikobestuur het 'n belangrike aktiwiteit van die departement se senior bestuur geword, veral op uitvoerende vlak (EXCO). Die risiko-kampvegter is 'n lid van EXCO. Die volgehoue bewustheid oor sistemiese risiko's en die fokus op versagting het tot 'n wisselende mate tot beter dienslewering bygedra. Die ryphed ten opsigte van risikobestuur het oor die tydperk verbeter. Strenger aandag aan risikobestuur sal die nodige volgehoue aandag geniet.

3. BEDROG EN KORRUPSIE

Die Wes-Kaapse Regering het 'n Anti-Korrupsiestrategie aanvaar, wat 'n bevestiging is van die provinsie se houding van zero toleransie teenoor bedrog en korrupsie. Die departement het 'n Bedrogvoorkomingsplan en 'n Implementeringsplan vir Bedrogvoorkoming goedgekeur, wat uitvoering gee aan die Bedrogvoorkomingsplan.

Verskeie kanale bestaan vir die aanmelding van bewerings van bedrog en korrupsie en dit word volledig in die Provinsiale Anti-Korrupsie Strategie en die Departementele Bedrogvoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die Forensiese Ondersoekendeheid aangeteken word, word in 'n gevallestuurstelsel opgeteken en dit word as 'n bestuurshulpmiddel gebruik om verslag te lewer oor vordering wat met die departement se gevalle gemaak word en wat statistiek vir die provinsie en die departement verskaf. Ons beskerm werknemers wat die fluitjie oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal blaas, op voorwaarde dat die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. nie kwaadwillig nie). Die geleentheid om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit in persoon wil doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Sodra bedrog of korrupsie na afloop van 'n ondersoek bevestig word, word die betrokke werknemer wat aan hierdie dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-vertegenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge inisieer, verwag om die ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar

prima facie-bewys van kriminele optrede bespeur word, word 'n strafregtelike saak aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens gerapporteer.

53 ondersoek is gedurende hierdie boekjaar deur die Forensiese Ondersoekeenheid voltooi, terwyl 21 gevalle vir interne ondersoek na die departement verwys is. Twintig (20) ondersoek het bedrog of korrupsie bevestig, nege ondersoek het onreëlmatighede en/of nienakoming bevestig, een ondersoek het diefstal bevestig, twee ondersoek het aangedui dat daar geen bedrog, korrupsie of onreëlmatigheid was nie en in 21 gevalle het die aanvanklike aansoek nie die bewering van bedrog, diefstal of korrupsie bevestig nie. Daar was aan die einde van die boekjaar 28 aangeleenthede op die gevalle van die departement.

4. MINIMALISERING VAN BELANGEBOTSING

Lede van senior bestuur moet jaarliks, of soos omstandighede verander, 'n verklaring van "Geen botsende belange" voltooi en indien. Alle lede van die bodkomitee en alle personeel in voorsieningskanaalbestuur moet enige botsing van belange verklaar. Die departement vereis dat alle bidders potensiële verhoudings met die werkgewer of werknemers verklaar. Die lede van die Ouditkomitee moet ook 'n verklaring van "Geen botsende belange" indien.

5. GEDRAGSKODE

Die departement voldoen aan die Staatsdiens-gedragskode.

Die beleid oor die aanvaarding van geskenke deur kantoorgebaseerde amptenare van die Wes-Kaap Onderwysdepartement is op 27 Maart 2013 afgehandel. Die beleid handel onder andere oor algemene riglyne, die geskenkregister, prosedures vir die voltooiing van verklaringsvorme, vrae wat gereeld gevra word en 'n templaet vir 'n geskenkregister.

6. GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES

Die veiligheid van leerders en opvoeders by skole stel 'n groot uitdaging en die departement het vennootskappe met ander betrokke provinsiale departemente aangegaan om die kwessie te hanteer. Gemeenskapsbetrokkenheid bly 'n belangrike aspek in die stryd teen geweld wat sommige van ons hoë-risiko skole beïnvloed. Die departement het ook in sekere skole CCTV-kameras geïnstalleer om skoolhoofde in staat te stel om aktiwiteite te monitor.

7. PORTEFEULJESKOMITEES

Nie van toepassing nie

8. SKOOR-BESLUITE

Die Komitee het kennis geneem van die Ouditeur-Generaal se auditmening oor die departement se finansiële jaarstate, wat finansiële ongekwalifiseer is met nakoming van wette en regulasies t.o.v. verkryging en kontrakbestuur en uitgawebestuur en dat dit 'n verbetering op die 2011/12- gekwalifiseerde auditmening met bevindings verteenwoordig.

Die komitee het die departement gelukkigwens met die vordering wat in hierdie verband gemaak is en die verbintenis om in 2014 en daarna 'n skoon oudit te behaal. Ten einde hierdie verbintenis na te kom en 'n regressie in die ouditresultate te vermy, moet die departement alle aangeleenthede wat deur die Ouditeur-Generaal, die Ouditkomitee en hierdie komitee geopper is, dringend en volhoubaar aanspreek.

Die komitee het kennis geneem van die feit dat 25% van hoë-risiko gebiede deur Interne Oudit gedek is, vergeleke met 40% verlede jaar, en het verder kennis geneem dat van die 15 interne oudits wat gedurende die boekjaar vir ouditering goedgekeur is, 13 in werklikheid voltooi is.

Die SKOOR-besluite vir die boekjaar, soos ter tafel gelê, word hieronder aangedui.

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
<p>Bladsy: 113 (paragraaf 7) en 175 van die jaarverslag (SKOOR-besluite)</p> <p>Beskrywing: Die komitee het kennis geneem van die nuwe beleid oor onreëlmatige, vrugtelose en verkwiste uitgawes, wat gedurende die 2011/12-boekjaar deur die departement opgestel en geïmplementeer is met die doel om toekomstige onreëlmatige uitgawes te verminder.</p>	<p>Die Komitee het ooreengekom dat:</p> <p>1. Die departement moet die komitee inlig oor die inhoud van die Beleid Omsendbrief (Nr. 5 van 2013), die implementering daarvan en al die suksesse/uitdagings wat tydens die implementeringsproses ervaar is.</p>	<p>Die WKOD het die beleid in 2013 uitgereik en het gedurende Februarie en Maart 2013 opleiding aan alle Verliesbeheerbeamptes gebied.</p>	<p>Geen</p>
<p>Bladsy: 113 van die jaarverslag (paragraaf 5)</p> <p>Opskrif: "3.6. Interne Ouditfunksie"</p> <p>Beskrywing: Die Ouditkomitee het met kommer kennis geneem dat verdere oudit-dekking nodig is om 'n aansienlike persentasie hoë-risiko gebiede in die departement te dek.</p>	<p>2. Die departement moet die komitee inlig oor die omvang van die ouditdekking (insluitende die risiko-gebaseerde interne ouditplan) gedurende die 2012/13-boekjaar en die suksesse/uitdagings wat ervaar is, veral ten opsigte van die strategiese hoë-risiko gebiede, byvoorbeeld:</p>	<p>Datum van aksie wat deur SKOOR geskeduleer sal word.</p>	<p>Geen</p>

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
	2.1 Bevoegdheidsontwikkeling van Onderwysers – Spesiale Onderwysopvoeders; 2.2 Onreëlmatige uitgawes; 2.3 Skoolverbeteringsplan – Kurrikulumbeplanning; 2.4 Instandhouding van infrastruktuur – gehuurde skole; en Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) en die Distrikbestuursinligtingstelsel (DBIS). 3. Die departement moet verslag doen oor die ouditdekking van operasionele en strategiese hoërisiko gebiede, insluitend die meganismes wat ingestel is om te verseker dat risiko's in hierdie gebiede geminimeer word.	Datum van aksie wat deur SKOOR geskeduleer sal word.	Geen
<p>Bladsy: 116 van die jaarverslag (paragraaf 4) Opskrif: “Die doeltreffendheid van interne beheer” Beskrywing: Die komitee het kennis geneem dat Ernst & Young 'n evaluering uitgevoer het van die beheeromgewing vir IT-algemene beheer en inligtingsveiligheid wat SOBIS (Sentrale</p>	4. Die departement moet aandag skenk aan die gapings in kontrole wat in die Ernst & Young-evaluering geïdentifiseer is en prosedures instel om nakoming van die gebruikerstoegangadministrasie by die betrokke instansies (skole/ distrikskantoor) te verseker.	Die Riglyn vir SOBIS-gebruikerstoegang is aangepas om vir gereelde PERSAL-datastorting voorsiening te maak, soos aanbeveel. Die WKOD het goedkeuring verkry om van die korporatiewe wagwoordstandaarde vir SOBIS-gebruikers by skole af te wyk.	Verbeterde IT-algemene kontrole en veiligheid

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
<p>Onderwysbestuur-inligtingstelsel) en DBIS (Distrik-bestuursinligtingstelsel) ondersteun en dat beduidende gapings in kontrole geïdentifiseer is. Die Komitee het kennis geneem dat bestuur kontroles ontwerp het vir die bestuur van verbruikers se toegang tot die SOBIS-toepassing in die vorm van 'n gedokumenteerde en goedgekeurde bestuursproses vir gebruikersrekeninge</p>			
<p>Bladsy: 156 van die jaarverslag (paragraaf 1) Opskrif: "Algemene oorsig van die stand van sake" Beskrywing: Die komitee het kennis geneem van die ouditkomitee se kommer oor ontlukende risiko's, bo en behalwe dié wat deur die Ouditeur-Generaal uitgewys is, en dat hierdie risiko's by die risikoplan ingesluit is en deel van die interne auditplan uitmaak.</p>	<p>5. Die departement moet verslag doen oor die finansiële implikasies van die geregistreerde gevalle insake PILIR (beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid) en die meganismes uit-eensit wat ingestel is om te verseker dat hierdie gevalle in die toekoms geminimeer word.</p> <p>6. Die departement moet verseker dat beleide en prosedures oor ongeskiktheidsverlof en aftrede weens swak gesondheid nagekom word.</p>	<p>Ingevolge departementele beleide kan 'n plaasvervangende, instellinggebaseerde opvoeder aangestel word wanneer die tydperk van afwesigheid van die permanente pos-bekleër langer as 10 werksdae is. Dit impliseer dat, in die geval van die tydelike ongeskiktheid van 'n opvoeder vir langer as 10 werksdae, 'n plaasvervanger ingevolge die PILIR aangestel kan word. Tydelike ongeskiktheidsverlof word ingevolge die bepalings van PILIR voorlopig met volle betaling goedgekeur. 'n Finale besluit oor die betalingsvoorwaardes word</p>	

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
		<p>slegs geneem wanneer die aanbeveling van die Bestuurder Gesondheidsrisiko ontvang word. Die presiese finansiële implikasies vir die 2012/13-boekjaar kan nie bepaal word nie, aangesien die hele staatsdiens van Suid-Afrika vir die tydperk 1 Januarie 2013 tot 31 Oktober 2013 sonder die dienste van 'n Bestuurder Gesondheidsrisiko was. Die Minister van Staatsdiens en Administrasie het tot hede nog nie 'n opdrag uitgereik oor hoe hierdie gevalle wat gedurende voorgenoemde tydperk ontvang is, hanteer moet word nie.</p> <p>Ten einde die bestuur van PILIR-gevalle te stroomlyn, het die WKOD in Desember 2011 'n kollektiewe ooreenkoms met die onderwysvakbonde aangegaan. 'n Nuwe Bestuurder Gesondheidsrisiko is met ingang van 1 November 2013 aangestel en die WKOD hou gereelde vergaderings met die bestuurder om nakoming van die beleid te verseker. Die Mensebestuurspraktyke-komponent</p>	

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
		van die WKOD hou ook gereeld interne vergaderings asook met onderwysvakbonde om nakoming van die voorskrifte te verseker. Die WKOD verseker dat al die voorskrifte ingevolge PILIR nagekom word.	
<p>Bladsy: 164 van die jaarverslag Opskrif: "SKOOR-besluite" Beskrywing: Die komitee het die departement bedank vir die publikasie in die jaarverslag van besluite wat geneem is en stappe wat in hierdie verband gedoen is, maar het aangedui dat dit nie 'n akkurate weerspieëling van die toesighoudende rol is wat in die oorsigjaar deur die komitee vervul is nie.</p>	<p>7. Die departement behoort die komitee se inleidende kommentaar wat spesifiek oor hierdie departement gaan, hierdie tabel van besluite en die lys van inligting wat deur die komitee versoek word, in alle toekomstige jaarverslae publiseer.</p>	Voortdurend en met die publisering van die departement se 2013/14-jaarverslag as beginpunt	Geen
<p>Bladsy: 181 van die jaarverslag. Opskrif: "Oorbetaling: Ministeriële drywer" Beskrywing: Die komitee het kennis geneem dat die departement ondersoek koördineer rakende die oorbetaling van die ministeriële bestuurders van</p>	<p>8. Die departement moet die komitee inlig oor vordering wat gemaak is en/of die uitkomst van hierdie ondersoek.</p>	Die uitkoms van die ondersoek het aan die lig gebring dat geen skuld bestaan nie en dus het geen potensiële oorbetaling plaasgevind nie.	Geen

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
<p>verskeie departemente wat oor 'n aantal jare strek en dat hierdie oorbetalings deur die departement as onbelangrik vir die finansiële jaarstate geag word.</p>			
<p>Bladsy: 186 van die jaarverslag Opskrif: "Bereiking van beplande teikens (aantekening 20 en 21)" Beskrywing: Die komitee het kennis geneem van die Ouditeur-Generaal se kommentaar dat, van die totale getal van 56 teikens wat vir die jaar beplan is, 21 van die teikens nie ten volle gedurende die oorsigjaar bereik is nie. Dit het 37% van totale beplande teikens wat nie gedurende die oorsigjaar bereik is nie, verteenwoordig. Dit is in bladsy 26 – 91 van die jaarverslag openbaar gemaak. Dit is hoofsaaklik weens die feit dat 'n aantal van die aanwysers bevolking-gebaseer is en afhang van veranderlikes wat vraaggedrewe is, wat dit moeilik maak om akkurate teikens te bepaal, buiten om vorige</p>	<p>9. Hierdie aangeleenthede moet na die betrokke staande komitee verwys word vir verdere monitering en evaluering van die departement.</p>	<p>Voortdurend en soos deur die betrokke staande komitee geskeduleer</p>	<p>Die situasie sal heel moontlik voortduur in die geval van die bevolking-gebaseerde aanwysers, op voorwaarde dat die "prestasie" omskryf word as 'n 100% korrelasie tussen teiken en werklik in, byvoorbeeld, leerdergetalle, ens.</p>

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
<p>tydperke se data as 'n voorspellende teiken te gebruik. In ander gevalle was die metings direk aan die bevolkings-groei gekoppel, bv. voorsiening van onderwysers en vervoer en leerders in geen-fooï skole, ens.</p>			
<p>Bladsy: 188 van die jaarverslag Opskrif: "Ondersoeke" (aantekening 28 tot 30) Beskrywing: Die komitee het kennis geneem dat 49 gevalle van bedrieglike aktiwiteite met betrekking tot finansiële ongerymdhede, beweerde korrupsie, nepotisme en beweerde verkrygingsbedrog gedurende die jaar aangemeld is. 65 gevalle met betrekking tot finansiële ongerymdhede, beweerde korrupsie, nepotisme en beweerde verkrygingsbedrog is geopen, waarvan 10 op daardie stadium aan die gang was. 17 gevalle met betrekking tot finansiële</p>	<p>10. Die departement en FOE moet die komitee inlig oor vordering wat gemaak is en/of die uitkomst van hierdie ondersoeke.</p>	<p>Datum van aksie wat deur SKOOR geskeduleer sal word.</p>	<p>Geen</p>

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
<p>ongerymdhede, beweerde korrupsie, nepotisme en beweerde verkrygingsbedrog is gedurende die huidige boekjaar afgesluit, waarvan veertien ten opsigte van bedrog en/of finansiële ongerymdhede was.</p>			
<p>Bladsy: 188 van die jaarverslag (paragraaf 27) Opskrif: "Finansiële en prestasiebestuur" Beskrywing: Die komitee het kennis geneem van die Ouditeur-Generaal se bevinding dat goedere en dienste met 'n transaksiewaarde onder R500 000 verkry is sonder dat die nodige pryskwotasies ingewin is, soos vereis deur Tesourieregulasie 16A6.1. Dit is 'n herhaling van 'n bevinding van die vorige jaar en prosesse wat ingestel is om die aanbevelings wat in die vorige jaar se bestuursverslag in hierdie verband gemaak is, toe te pas, is slegs tydens die tweede helfte van die oorsigjaar ingestel.</p>	<p>11. Die departement moet nakoming van VKB-wetgewing en -regulasies vir die verkryging van goedere tussen R10,000 en R500,000 hersien en monitor.</p> <p>12. Die departement moet meganismes implementeer om te verseker dat distrikte VKB-nakomend is.</p>	<p>Ten einde nienakoming te verminder, het die departement die volgende maatreëls ingestel:</p> <p>Aanstelling van voorsieningskanaalkampvegters in alle kantore en in VKB-regulasies opgelei;</p> <p>Implementering van elektroniese verkrygingstelsel;</p> <p>Die departement het 'n betalingskontrolelys ingestel waarvolgens die persoon wat die betaling magtig, moet sertifiseer dat alle wetgewende en verkrygingsvoorskrifte nagekom is; en 'n Interne Kontrole-eenheid is ingestel om 'n post-oudit van alle betalings te doen.</p>	<p>Geen</p>

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
<p>Bladsy: 213 van die jaarverslag Opskrif: "5.8 Waardedaling" Beskrywing: SKOOR het kennis geneem dat die ouditkomitee die bestuursverslag met die Ouditeur-Generaal en die departementele bestuurspan bespreek het. Die ouditkomitee het veral kennis geneem van die wesenlike waardedaling met betrekking tot ontvangbare rekeninge. Stappe is deur die ouditkomitee geneem om bestuur se verbintnisse op te volg.</p>	<p>13. Die departement moet die komitee inlig oor die regstellende maatreëls wat ingestel is om wesenlike waardedaling met betrekking tot ontvangbare rekeninge te hanteer.</p>	<p>Die Skuldbeleid van die WKOD is gewysig om vir die omskrywing van waardedaling voorsiening te maak.</p>	<p>Geen</p>
<p>Bladsy: 222 van die jaarverslag Opskrif: "Verduidelikings-aantekening 1" Beskrywing: Die komitee het met kommer kennis geneem dat die departement gedurende Maart 2013 'n oorbetalings van R52,652 miljoen aan Bonitas Mediese Skema gemaak het. Die terugbetaling is egter op 10 April 2013 ontvang.</p>	<p>14. Die departement moet die komitee inlig oor die interne meganismes vir kontrole wat ingestel is om te verseker dat enige foutiewe/dubbeltalings opgespoor en verhoed word.</p>	<p>Die Provinsiale Tesourie het 'n bykomende stap ingestel waar departemente die bedrae wat aan instellings oorgedra moet word, bevestig word. Hierdie vorm word deur die direkteur of sy adjunk in die Tak Finansies afgeteken.</p>	<p>Geen</p>

Hooforsaak van die probleem	SKOOR-besluit	Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste	Impak op toekomstige finansiële jare
<p>Bladsy: 224 van die jaarverslag</p> <p>Opskrif: "Verpligtinge"</p> <p>Beskrywing: Die departement se uitgawes is volgens die goedgekeurde begroting in toom gehou. Dis egter hoofsaaklik weens onderbesteding van begrote fondse in program 1 en 8, eerder as besparings.</p>	<p>15. Die departement moet meganismes instel om onderbesteding vroeër op te spoor.</p>	<p>Die departement het die volgende maatreëls ingestel: -</p> <p>Verkryging word vroeër in die boekjaar beplan, uitgawes word maandeliks gemonitor en die verantwoordelike bestuurder gee terugvoering;</p> <p>Verantwoordelike bestuurder gee halfpad deur die boekjaar terugvoering oor moontlike onderbesteding vanweë verskeie redes; en Toepassing van virement in begroting vir bykomende behoeftes elders in die departement.</p>	<p>Geen</p>

9. VORIGE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE

Die departement berei 'n finansiële bestuursverbeteringsplan (FMIP) voor wat fokus op die kwessies van nienakoming wat deur die Ouditeur-Generaal geopper is. Die plan word gehalte-verseker en die Ouditeur-Generaal word in hierdie verband geraadpleeg. Gereelde verslagdoening word aan die departementele ouditkomitee oor vordering gedoen.

Aard van kwalifikasie, vrywaring, ongunstige mening en gevalle van nienakoming	Boekjaar waarin dit ontstaan het	Vordering met die uitklaring/oplossing van die saak
<p>Goedere en dienste met 'n transaksiewaarde onder R500 000 is verkry sonder dat die nodige pryskwotasies ingewin is, soos vereis deur Tesourieregulasie 16A 6.1</p>	<p>2012/13</p>	<p>Ten einde nienakoming te verminder, het die departement die volgende maatreëls ingestel:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Voorsieningskanaal-kampvegters is in alle kantore aangestel en in VKB-regulasies opgelei - Implementering van elektroniese verkrygingstelsel - Die departement het 'n betalings-

Aard van kwalifikasie, vrywaring, ongunstige mening en gevalle van nienakoming	Boekjaar waarin dit ontstaan het	Vordering met die uitklaring/oplossing van die saak
		kontrolelys ingestel waarvolgens die persoon wat die betaling magtig moet sertifiseer dat alle wetgewende en verkrygingsvoorskrifte nagekom is. - 'n Interne Kontrole-eenheid is ingestel om 'n post-oudit van alle betalings te doen.
Die rekenpligtige beampte het nie doeltreffende stappe gedoen om onreëlmatige uitgawes te verhoed nie, soos vereis deur artikel 38(1)(c)(ii) van die PFMA en Tesourieregulasie 9.1.1.	2012/13	Die volgende maatreëls is ingestel - Voorsieningskanaal-kampvegters is in alle kantore aangestel en in VKB-regulasies opgelei - Implementering van elektroniese verkrygingstelsel - Die departement het 'n betalings-kontrolelys ingestel waarvolgens die persoon wat die betaling magtig moet sertifiseer dat alle wetgewende en verkrygingsvoorskrifte nagekom is.

10. INTERNE BEHEERENHEID

Die nuutgestigte interne kontrole-eenheid het in 2013/14 die volgende funksies onderneem:

Versekering van behoorlike beheer

- Die geïntegreerde interne kontrolestelsel bestuur: 'n databasis van regsraamwerke is gehandhaaf en bygehou en die behoorlike implementering van delegasie van raamwerke is verseker
- Die register vir forensiese ondersoeke gehandhaaf: vorderingsverslae oor FOE-gevalle aan hoofkantoor en distrikte voorsien en die bygewerkte departementele FOE-register aan die Departement van die Premier voorgeleë
- Beleide, prosedures en prosesse rakende die interne kontrole-eenheid ontwikkel, insluitend: sakeprosesse en -prosedures voltooi met betrekking tot die prestasie van VKB-kampvegters; sakeprosesse en -prosesse voltooi vir die monitering van nakoming
- Nakoming teenoor voorskrifte gemonitor: 'n werkende instrument vir nakoming bestuur en ontwikkel; die instrument in lyn met huidige wetgewing bygewerk ten einde tendense op te spoor om swakhede in die interne kontrolestelsel te bepaal
- Die doeltreffendheid en implementering van finansiële bepalings geëvalueer: ondersoeke in die departement voltooi; die prestasie van VKB-kampvegters gemonitor; VKB-kamp-vegters in die distrikte en by hoofkantoor opgelei en d.m.v. inligtingsvergaderings op hoogte gehou
- Die departementele risikoregisters geëvalueer: 'n rekord van risikoverslae gehandhaaf; met ORB-eenheid en interne oudit oor die departementele risiko's geskakel

Versekeringsdienste gelewer

Die interne en eksterne oudits gefasiliteer: vordering met aanbevelings in die bestuursverslag en interne auditverslae gemonitor; die reaksies van bestuur ontleed en geïmplementeer; insette en advies gelewer

Verslag oor aangeleenthede aan die auditkomitee gedoen: kommentaar aan die auditkomitee oor die status van finansiële bestuursverbeteringsplan gelewer

Implementering van regstellende kontroles verseker: verslae en registers oor onreëlmatige, vrugtelose en verkwiste uitgawes en ongemagtigde uitgawes verskaf; die post-auditproses ten opsigte van betalingsbewyse voltooi; die SKOOR-besluite vir die jaarverslag voorberei; die verifiëring van die MPAT-dokumentasie voltooi.

11. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe versekerings- en raadgevende dienste wat bedoel is om waarde toe te voeg en om die bedrywighede van die departement voortdurend te verbeter. Dit behoort die departement by te staan met die bereiking van sy doelwitte deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering te voorsien om die doeltreffendheid van bestuurs-, risikobestuurs- en beheerprosesse te evalueer en te verbeter. Die volgende belangrike aktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Evalueer en maak gepaste aanbevelings vir die verbetering van die bestuursprosesse ter bereiking van die departement se doelwitte;
- Evalueer die geskiktheid en doeltreffendheid van en dra by tot die verbetering van die risikobestuursproses;
- Lewer bystand aan die Rekenpligtige Beampte met die handhawing van doeltreffende en effektiewe beheer deur die evaluering van maatreëls om die effektiwiteit en doeltreffendheid daarvan te bepaal en maak aanbevelings vir verbetering of versterking.

Interne auditwerk wat gedurende die oorsigjaar vir die departement voltooi is, het vier interaksies oor versekering ingesluit. Die interne auditplan het vyf interaksies oor versekering ingesluit. Die besonderhede van hierdie interaksies word by die verslag van die auditkomitee ingesluit.

Die Ouditkomitee is as 'n toesighoudende liggaam ingestel en voorsien onafhanklike toesig oor die bestuurs-, risikobestuurs- en beheerprosesse in die departement, wat verantwoordelikhede insluit met betrekking tot:

- Interne auditfunksie;
- Eksterne auditfunksie soos deur die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika uitgevoer;
- Departementele rekeningkunde en verslagdoening;
- Departementele rekeningkundige beleide;
- Oorsig van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika se bestuurs- en auditverslag;
- Hersiening van departementele in-jaar-monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne kontrole;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiek en forensiese ondersoeke.

Die tabel hieronder maak toepaslike inligting oor lede van die ouditkomitee bekend:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, posisie in die departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr Ronnie Kingwill	GR (SA)	Ekstern	NvT	1 Januarie 2013	NvT	8
Prof Estian Calitz	DCom (Ekonomie)	Ekstern	NvT	1 Januarie 2013	NvT	3
Me Zulpha Abrams	GR(SA) & FIIA SA, CIA	Ekstern	NvT	7 April 2014	NvT	5
Mnr Linda Nene	BComm (Rek); Nagraadse Diploma in Bestuur – Korporatiewe Beheer; MDP; CCSA; CRMA; CCP; FIIASA	Ekstern	NvT	1 April 2011	NvT	8
Mnr Luzuko Mduyvelwa	M(Fil); M(Publieke Admin); Diploma: Projekbestuur	Ekstern	NvT	1 Okt 2011	NvT	6

12. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Die ouditkomitee bied met genoeg hul verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2014 aan.

Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee rapporteer dat alle verantwoordelikhede nagekom is, soos vereis deur artikel 38(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1.13. Die Ouditkomitee rapporteer verder dat die toepaslike, formele verwysingsraamwerk (goedgekeur op 11 September 2013) as die verwysingsraamwerk van die Ouditkomitee aanvaar is, aangeleenthede ter nakoming van hierdie raamwerk gereguleer is en dat alle verantwoordelikhede daarin vervat, uitgevoer is.

Die doeltreffendheid van interne kontrolestelsels

Die volgende interne ouditwerk is gedurende die oorsigjaar op grond van 'n risiko-gebaseerde benadering voltooi:

- Leerder-en-onderwyser-ondersteuningsmateriaal
- Bestuur en beheer
- Voorwaardelike toelaes
- Bestuur van sakebelanghebbendes

Die belangrikste gebiede vir verbetering wat deur interne oudit tydens die verrigting van hul funksies aangeteken is, is die volgende:

- Leerder-en-onderwyser-ondersteuningsmateriaal: Verbeter bestuur se toesighouding oor die gebruik en behoud van handboeke by skole
- Bestuur en beheer: Implementeer standaard bedryfsprosedures wat die monitering van finansiële bestuursvermoëns by skole definieer
- Voorwaardelike toelaes: Implementeer standaard bedryfsprosedures vir die bestuur van die MIV-/Vigs- en TB-toelaag
- Sakebelanghebbendebestuur: stel 'n raamwerk op as riglyn vir die proses wat gevolg moet word vir die identifisering, prioritisering, bou en verbetering van verhoudinge met belanghebbendes

Regstellende maatreëls is deur bestuur ooreengekom en die implementering daarvan word op 'n kwartaallikse basis deur die ouditkomitee gemonitor.

Die goedgekeurde interne ouditplan vir die jaar is voltooi, met die uitsondering van een projek wat na die einde van die boekjaar voltooi is en by die volgende kwartaallikse oorsigvergadering gerapporteer is.

Die ouditkomitee het oorweging geskenk aan die werk van interne oudit, asook die versekering wat verskaf is deur die verskeie ander versekeringsverskaffers insluitende bestuur, interne kontrole-eenheid, die funksie van ondernemingsrisikobestuur; forensiese funksie, provinsiale tesourie en eksterne oudit; en met die uitsondering van die aspekte hierbo vermeld asook aangeleenthede van die forensiese funksie wat 'n defek in interne kontrole geïdentifiseer het, is niks onder die komitee se aandag gebring wat 'n wesenlike defek in die interne kontrolestelsels van die departement aandui nie.

In-Jaar Bestuurs- en Kwartaallikse Prestasieverlae

Die departement het maandeliks en kwartaalliks aan Provinsiale Tesourie verslag gedoen, soos vereis deur die PFMA.

Die ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse finansiële en prestasieverlae wat gedurende die oorsigjaar deur die departement se Rekenpligtige Beampte uitgereik is.

Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate soos in die jaarverslag aangebied, met die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika en die Rekenpligtige Beampte hersien en bespreek;
- die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- veranderinge aan die rekeningkundige beleide en praktyke oorweeg en, waar toepaslik, in die finansiële jaarstate daarvoor verslag gedoen;
- die departement se prosesse vir nakoming van regs- en regulatoriese bepalings hersien;
- die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag gerapporteer, hersien;
- wesenlike wysigings voortspruitend uit die oudit van die departement hersien; en
- veranderinge aan die tussentydse finansiële state, soos deur die departement aangebied vir die ses maande wat op 30 September 2013 geëindig het, hersien en, waar van toepassing, veranderinge aanbeveel.

Interne audit

Vakatures in die interne audit-strukture ontvang voortdurend aandag en goeie vordering word met die vulling van befondsde vakatures gemaak. Daar was geen onopgeloste interne auditbevindings nie en goeie vordering is gemaak om regstellende maatreëls in te stel oor bevindings van die interne audit.

Risikobestuur


Die departement het volle verantwoordelik en eienaarskap geneem vir die implementering van die onderneming-wye risikobestuursmetode en -funksie en dit word op 'n kwartaallike basis deur die auditkomitee hersien. Dit bly 'n uitdaging om ORB regoor die departement te institutionaliseer. Die Ouditkomitee het 'n aantal ontluikende risiko's opgemerk en sal dit op 'n gereelde grondslag monitor.

Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika se verslag

- Die Ouditkomitee stem ooreen met en aanvaar die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika se mening oor die finansiële jaarstate en doen aan die hand dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar word en saam met die verslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika gelees word.
- Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika en die departement vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese verslag voortspruit nie.
- Die auditkomitee het die departement se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, op 'n kwartaallike basis hersien en is tevrede dat die aangeleenthede voldoende opgelos is.
- Die auditkomitee het aanbeveel dat die finansiële jaarstate op 12 Augustus 2014 deur die Rekenpligtige Beamppte goedgekeur word.

Waardering

Die Ouditkomitee wil graag sy waardering uitspreek teenoor die bestuur van die departement, die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, die Interne Oudit-eenheid en alle ander verskaffers van versekering vir die samewerking en inligting wat hulle verskaf het ten einde dit vir ons moontlik te maak om hierdie verslag saam te stel.



Mnr Ronnie Kingwill
Voorsitter van die Onderwysauditkomitee
Onderwysdepartement
Datum: 14 Augustus 2014



Deel D
Menslike Hulpbronbestuur

1. INLEIDING

Die inligting vervat in hierdie deel van die jaarverslag is vir alle departemente in die staatsdiens deur die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie voorgeskryf.

2. OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONNE

2.1 Wetgewing wat MH-bestuur bepaal

Die inligting wat in hierdie deel verskaf word, word deur die Staatsdiensregulasies (hoofstuk 1, deel III J.3 en J.4) voorgeskryf.

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)

Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet 66 van 1995)

Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)

Wet op Beroepsgeondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)

Wet op die Vergoeding vir Beroepsiektes en -beserings, 1993 (Wet 130 van 1993)

Die Wet op Staatsamptenaarpensioenfonds, 1996 (Proklamasie 21 van 1996)

Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)

Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

Die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet 4 van 2000)

Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000)

Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000)

Die inligting toon die departement se demografiese samestelling van ras, geslag en gestremdheid, soos vereis deur die Wet op Billike Indiensneming en die Departement van Staatsdiens en Administrasie. Poste op die diensstaat vereis verskeie akademiese kwalifikasies, byvoorbeeld 'n Senior Sertifikaat, tegniese kwalifikasie of voorgraadse en nagraadse kwalifikasie, asook sekere vaardigheidsvlakke. Die Wet op Billike Indiensneming verklaar dat wanneer daar bepaal word of die aangewese groepe billik in 'n beroepskategorie en -vlak in 'n werkgewer se arbeidsmag verteenwoordig word, 'n aantal faktore in ag geneem moet word, insluitend die poel van toepaslik gekwalifiseerde persone uit die aangewese groepe waaruit die werkgewer redelik verwag kan word om werknemers te bevorder of aan te stel. Die syfers wat in hierdie afdeling aangebied word, neem nie hierdie faktore in ag nie en weerspieël nie die feit dat die bevolkingstatistiek wat deur die 2011-sensus verskaf is, aandui dat 'n baie klein persentasie van die Wes-Kaapse bevolking Matriek en tersiêre kwalifikasies het nie. Hierdie faktor bepaal die poel van "toepaslik gekwalifiseerde persone" waaruit die Wes-Kaapse Regering personeel kan aanstel (soos deur die Wet op Gelyke Indiensneming gespesifiseer). Die departement belê voortdurend in maatreëls om 'n breër poel van toepaslik gekwalifiseerde persone te skep wat om werkgeleenthede kan meeding, ten einde billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en -vlakke in die arbeidsmag te verbreed.

2.2 Inleiding

Oorsig van die departement se MH-aangeleenthede

Die bestuur van die departement se diensstaat is van kritieke belang vir die opvoedkundige sukses van skole. Die departement het 185 meer poste vir die 2014 akademiese jaar toegeken. Verder het die departement 'n beter leerder-opvoeder-verhouding in die grondslagfase geïmplementeer. Die departement het daarin geslaag om sy getal permanente onderwysers te vermeerder en dus is daar oor die algemeen groter stabiliteit in die stelsel. Stappe is gedoen om 'n leerder-opvoeder-verhouding van 1: 36 in laerskole en 1:34 in hoërskole te verseker. Die departement het ook begin met 'n doelgerigte ontplooiingsplan vir oortollige opvoeders en die dalende syfer is 'n bewys van die sukses daarvan. Die WKOD het gedurende die verslagtydperk die getal oortollige opvoeders met 129 verminder.

Die departement het in die 2013-skooljaar vier vakaturelyste vir opvoeders suksesvol geadministreer.

Gestelde MH-prioriteite vir die jaar onder oorsig en die impak van hierdie prioriteite

Die departement beskou die werwing van bekwame bestuurders om as skoolhoofde by skole aangestel te word, as 'n prioriteit. Verteenwoordigers van die departement op sodanige keuringspanele was waaksaam om te verseker dat 'n behoorlike proses gevolg word.

Nog 'n prioriteit was om die getal werknemers op uitgebreide verloftydperke te verminder ten einde die finansiële las op die departement te verlig, aangesien dit die aanstelling van plaasvervangeropvoeders noodsaak.

Werksmagbeplanningsraamwerk en sleutelstrategieë om 'n vaardige en bekwame werksmag te lok en te werf.

Die departement het gebruik gemaak van die dienste en beskikbaarheid van die gegradueerdes van die Funza Lushaka-beursskema wat deur die nasionale Departement van Basiese Onderwys geadministreer word. Gedurende die tydperk 1 April 2013 tot 31 Desember 2013, is 384 (57.2%) Funza Lushaka-beurshouers (2012 beurshouers wat vir plasing in 2013 gekwalifiseer het) uit 671 suksesvol geplaas. Gedurende die tydperk 1 Januarie 2014 tot 31 Maart 2014, is 284 (47%) Funza Lushaka-beurshouers (2013 beurshouers wat vir plasing in 2014 gekwalifiseer het) uit 604 suksesvol in onderwysposte geplaas.

Die departement het met die vulling van SBD-poste klem gelê op die uitslae van die bevoegdheid-gebaseerde assesserings waaraan kandidate onderworpe was.

Raamwerk vir werknemerprestasiestuur

Die departement het die voorgeskrewe beleid ten opsigte van prestasiestuur aanvaar en onderskryf en het verseker dat alle personeel, opvoeders asook staatsdienspersoneel, goed ingelig is oor die verwagtinge van die werkgewer.

Werknemerwelstandsprogramme

'n Eksterne diensverskaffer het 'n diens aan die hele provinsiale regering gelewer en die departement het hierdie program ondersteun.

Die program bied voortgesette ondersteuning ten opsigte van die sielkundige, emosionele en leefstylbehoefte van werknemers. Dit is 'n program wat onder andere op MIV en Vigs, stres, finansiële bestuur, verhoudings, regsaspekte, familiesake, middelmisbruik en trauma-ontlonting fokus. Die program behandel ook werknemers se gesondheid- en welstandskwessies deur middel van werknemergesondheid- en welstandbewustheidsdae. Die doel van hierdie dae is om gesonde leefstyle te bevorder en bewustheid te skep oor die dienste wat die WKOD aan sy werknemers bied. Daarbenewens vind Bewusmaking oor Gesondheidsbevordering plaas volgens die dae aangeteken in die Departement Gesondheid se gesondheidskalender. Die departement het gedurende die oorsigtydperk 16 gesondheid- en welstandbewustheidsdae aangebied en ook bewustheid geskep deur 10 voorspraaksessies te hou oor die werknemer-welstandsprogram wat die WKOD aan werknemers bied.

Beleidsontwikkeling

Die departement het voor die einde van Augustus 2013 die diensstaat vir alle skole vir 2014 beskikbaar gestel. Dit het skole in staat gestel om tydig met hul beplanning vir 2014 te begin en het ook voldoende geleentheid geskep vir skole om 'n beroep op meer poste te doen, waar dit nodig geag is. Die afname in leerdergetalle gedurende die loop van 'n skooljaar lei daartoe dat sommige skole, soos die jaar vorder, meer opvoeders het as wat die leerder-onderwyser-verhouding toelaat en met dié strekking is die diensstaat van skole soos op 31 Julie 2013 op geverifieerde leerdertalle gegrond.

'n e-Werwingstelsel ("werwing van die beste") is met ingang van Januarie 2013 geïmplementeer. Die stelsel stel alle opvoeders in staat om hul persoonlike profiel op die stelsel te voltooi en die platform te gebruik om aanlyn om geadverteerde poste aansoek te doen. Hierdie stelsel het bewys dat die bestuur van aansoeke meer doeltreffend hanteer word en 'n opname het 'n groot mate van gebruikerstevredenheid aangedui.

Die departement maak sedert 2013 van die Pensioene E-Kanaliserings-stelsel gebruik, wat voorsiening maak vir die elektroniese verwerking van pensioenonttrekking vir begunstigdes en het die omkeertyd vir die werklike betaling van voordele merkwaardig verminder.

Strenger aandag is geskenk om te verseker dat alle werknemers wat vergoeding vir werk buite die staatsdiens ontvang, om goedkeuring aansoek doen.

Die departement het met behulp van interne oudit 'n belanghebbende-dokument ontwikkel om die werksverhouding met eksterne belanghebbendes soos vakbonde, skoolhoofde-forum en skoolbeheerliggame te verbeter.

Toekomstige MH-planne/doelwitte

Die uitrol van die e-Werwingstelsel vir kantoorgebaseerde opvoeders asook staatsdienspersoneel.

Die verskaffing van aanlyn-aansoeke vir institusionele opvoederposte aan skole in elektroniese formaat.

3. OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONSTATISTIEK

3.1. Personeelverwante uitgawes

Die volgende tabelle is 'n opsomming van die finale geouditeerde personeelverwante uitgawes per program en per salarisband. 'n Aanduiding van die volgende word in die besonder verskaf:

- bedrag bestee aan personeel
- bedrag bestee aan salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese fonds.

Program	Programaanwysing
Program 1	Administrasie
Program 2	Openbare gewone skoolonderwys
Program 3	Onafhanklike skoolonderwys
Program 4	Openbare spesiale skoolonderwys
Program 5	Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges
Program 6	Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes
Program 7	Vroeëkindontwikkeling
Program 8	Infrastruktuurontwikkeling
Program 9	Hulpdienste en verwante dienste

Tabel 3.1.1 Personeeluitgawes per program vir die tydperk 1 April 2013 tot 31 Maart 2014

Program	Totale uitgawes (R'000)	Personeel-uitgawes (R'000)	Opleidings-uitgawes (R'000)	Professionele en spesiale dienste-uitgawes (R'000)	Personeel-uitgawes as 'n % van totale uitgawes	Gemiddelde personeel-koste per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Program 1	571 137	297 851	867	0	1.92	339.24	878
Program 2	11 362 779	9 625 960	30 825	0	62.09	279.50	34 440
Program 3	84 660	0	0	0	0.00	0	0
Program 4	910 338	761 299	0	0	4.91	263.52	2 889
Program 5	353 078	289 657	0	0	1.87	309.13	937
Program 6	37 898	*963	0	0	0.01	120.38	8
		**3 148	0	0	0.02	0	0
Program 7	465 535	63 142	0	0	0.41	337.66	187
Program 8	1 054 312	5 446	0	0	0.04	302.56	18
Program 9	662 459	***453 266	0	0	2.92	384.12	1 180
		****66 201	0	0	0.43	0	0
Totaal	15 502 196	11 566 933	31 692	0	74.61	285.34	40 537

Nota:

* Die personeeluitgawes ten opsigte van Program 6 (Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes) ten bedrae van R0.963m is ten opsigte van die agt voltydse werknemers in permanente diens. Die aangeduide gemiddelde personeelkoste is dus slegs ten opsigte van die voltydse werknemers

** Die bedrag van R3.148m reflekteer die bedrag ten opsigte van die uitgawes rakende 39 opvoeders wat op 'n uurlikse basis vir onderlig by BOOV-sentrums aangestel is.

*** Die personeeluitgawes ten opsigte van Program 9 (Hulpdienste en Verwante Dienste) ten bedrae van R453.266m is ten opsigte van die werknemers in permanente diens. Die aangeduide gemiddelde personeelkoste is dus slegs ten opsigte van die voltydse werknemers.

**** Die bedrag van R66.201m reflekteer die bedrag ten opsigte van die uitgawes vir eksaminatore/moderatore/nasieners en tydelike administratiewe ondersteuningspersoneel (vir die 2013-Matriekeksamen).

Tabel 3.1.2 Personeelkoste per salarisband vir die tydperk 1 April 2013 tot 31 Maart 2014

Salarisband	Personeel- uitgawes (R'000)	% van totale personeel- koste	Gemiddelde personeel- koste per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Laer geskool (Vlak 1-2)	319 846	2.76	98.63	3 243
Geskool (Vlak 3-5)	709 168	6.11	149.68	4 738
Hoogs geskool produksie (Vlak 6-8)	6 583 747	56.75	281.04	23 426
Hoogs geskool toesighouding (Vlak 9-12)	3 940 305	33.96	434.05	9 078
Senior en topbestuur (Vlak 13-16)	48 484	0.42	932.38	##52
Totaal	#11 601 550	100.00	286.20	40 537
Nota:				
# Die totale personeeluitgawes in tabel 3.1.1 en 3.1.2 verskil omdat sommige transaksies direk op BAS plaasvind				
## Die totale getal werknemers aangedui in tabel 3.1.1 en 3.1.2 hierbo sluit sowel staatsdienspersoneel as opvoeders in. Die getal werknemers in die salarisband 13 – 16 sluit die ses Hoof Uitvoerende Beamptes verbonde aan die Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges in				

Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisbande (Tabel 3.1.4) van uitgawes aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese bystand. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbegroting wat vir hierdie items aangewend is.

Tabel 3.1.3 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese bystand per program vir die tydperk 1 April 2013 tot Maart 2014

Program	Salarisse		Oortyd		Huiseienaarstoelae		Mediese fonds	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel- koste	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel- koste	Bedrag (R'000)	HET as 'n % van personeel- koste	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel- koste
Program 1	237 572	2.00	3 453	0.03	8 371	0.10	13 899	0.10
Program 2	7 214 260	62.20	113	0.00	217 408	1.90	402 903	3.50
Program 4	553 087	4.80	105	0.00	17 783	0.20	30 875	0.30
Program 5	218 780	1.90	0	0.00	6 267	0.10	11 838	0.10
Program 6	11 700	0.10	0	0.00	412	0.00	679	0.00
Program 7	48 462	0.40	0	0.00	1 085	0.00	2 477	0.00
Program 8	3 885	0.00	0	0.00	30	0.00	7	0.00
Program 9	357 900	3.10	1 840	0.02	8 606	0.10	16 329	0.10
Totaal	8 645 646	74.52	5 511	0.05	259 962	2.24	479 007	4.13

Tabel 3.1.4 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese bystand per salarisband vir die tydperk 1 April 2013 tot Maart 2014

Salarisband	Salarisse		Oortyd		Huiseienaarstoelae		Mediese fonds	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel-koste	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel-koste	Bedrag (R'000)	HET as 'n % van personeel-koste	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel-koste
Geskoold (Vlak 1-2)	224 623	1.90	125	0.00	16 010	0.10	17 025	0.10
Geskoold (Vlak 3-5)	504 825	4.40	1 821	0.02	29 738	0.30	41 328	0.0
Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)	4 908 153	42.30	2 873	0.02	145 727	1.30	283 337	2.40
Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12)	2 975 891	25.70	692	0.01	68 231	0.60	136 705	1.20
Senior bestuur (Vlak 13-16)	32 154	0.30		0.00	256	0.00	612	0.00
Totaal	8 645 646	74.52	5 511	0.05	259 962	2.24	479 007	4.13

3.2. Indiensneming en vakatures

Die tabelle in hierdie afdeling is 'n opsomming van die posisie ten opsigte van indiensneming en vakatures.

Die volgende tabelle is 'n opsomming van die getal poste op die diensstaat, die getal werknemers, die persentasie poste vakant en of daar enige personeel bykomend tot die diensstaat is.

Hierdie inligting word ten opsigte van twee belangrike veranderlikes aangebied:

- program (Tabel 3.2.1) en
- salarisband (Tabel 3.2.2).

Tabel 3.2.1 Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Maart 2014

Personeel-groep	Program	Getal befondsde poste	On-befondsde poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Totale getal werknemers
Alle personeel	Program 1	901	57	861	4.00	17	878
	Program 2	34 131	85	34 169	0.00	271	34 440
	Program 4	3 078	11	2 863	7.00	26	2 889
	Program 5	1 312	153	937	2.00	0	937
	Program 6	12	0	8	33.00	0	8
	Program 7	15	0	187	0.00	0	187
	Program 8	0	0	18	0.00	0	18
	Program 9	1 309	79	1 154	12.00	26	1 180
	Totaal	40 758	385	40 197	1.00	340	40 537

Personeel-groep	Program	Getal befondsde poste	Onbefondsde poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Totale getal werknemers
Opvoeders	Program 1	118	6	117	1.00	6	123
	Program 2	27 994	1	28 188	0.00	130	28 318
	Program 4	1 922	0	1 871	3.00	15	1 886
	Program 5	885	0	773	13.00	0	773
	Program 6	4	0	2	50.00	0	2
	Program 7	15	0	187**	0.00	0	187
	Program 8	0	0	1	0.00	0	1
	Program 9	702	8	630	10.00	16	646
	Totaal	31 640	15	31 769	0.00	167*	31 936
Staatsdienspersoneel	Program 1	783	51	744	5.00	11	755
	Program 2	6 137	84	5 981	3.00	141	6 122
	Program 4	1 156	11	992	14.00	11	1 003
	Program 5	427	153	164	62.00	0	164
	Program 6	8	0	6	25.00	0	6
	Program 7	0	0	0	0.00	0	0
	Program 8	0	0	17	0.00	0	17
	Program 9	607	71	524	14.00	10	534
	Totaal	9 118	370	8 428	8.00	173	8 601

Nota:

* In die geval van opvoeders bykomend tot die diensstaat, word slegs die syfers aangedui van daardie opvoeders wat behoorlik as bykomend ingevolge die kollektiewe ooreenkomste geïdentifiseer is.

** Program 7: Poste van opvoeder: preprimêr word afgeskaf soos hulle vakant raak. Die WKOD het 'n beleid aanvaar waarvolgens die fondse gekoppel aan ontruimde poste deur 'n subsidie vervang word in 'n poging om meer leerterreine vir preprimêre leerders te skep (Vroeëkindontwikkeling). 187 opvoeders in Program 7 is preprimêre personeel. Hierdie personeel word in addisionele poste gedra.

Wat opvoedkundige instellings betref, beteken die getal vakatures ten opsigte van opvoeders nie dat die instelling minder opvoeders het as die getal opvoeders waarop hulle geregtig is nie. Dit dui bloot aan dat die opvoederposte nie in 'n permanente hoedanigheid gevul is nie. In elke geval waar die pos nie permanent gevul word nie, word 'n kontrakaanstelling gemaak om te verseker dat alle opvoedkundige instellings voldoende kapasiteit het.

Tabel 3.2.2 Indiensneming en vakatures per salarisband soos op 31 Maart 2014

Personeel-groep	Salarisband	Getal befondsde poste	On-befondsde poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Totale getal werknemers
Alle personeel	Laer geskool (Vlak 1-2)	3 373	194	3 265	3.00	50	3 315
	Geskool (Vlak 3-5)	4 257	78	3 795	11.00	66	4 646
	Hoogs geskool produksie (Vlak 6-8)	28 875	75	29 264	0.00	172	28 651
	Hoogs geskool toesig-houding (Vlak 9-12)	4 203	38	3 823	9.00	50	3 873
	Senior bestuur (Vlak 13-16)	50	0	50	0.00	2	52

Personeel-groep	Salarisband	Getal befondsde poste	On-befondsde poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Totale getal werknemers
	Totaal	40 758	385	40 197	1.00	340	40 537
Opvoeders	Laer geskool (Vlak 1-2)	0	0	0	0.00	0	0
	Geskool (Vlak 3-5)	0	0	0	0.00	0	*785
	Hoogs geskool produksie (Vlak 6-8)	27 671	0	28 145	0.00	122	27 482
	Hoogs geskool toesighouding (Vlak 9-12)	3 969	15	3 624	9.00	45	3 669
	Senior bestuur (Vlak 13-16)	0	0	0	0.00	0	0
	Totaal	31 640	15	31 769	0.00	167	31 936
Staatsdienspersoneel	Laer geskool (Vlak 1-2)	3 373	194	3 265	3.00	50	3 315
	Geskool (Vlak 3-5)	4 257	78	3 795	11.00	66	3 861
	Hoogs geskool produksie (Vlak 6-8)	1 204	75	1 119	7.00	50	1 169
	Hoogs geskool toesighouding (Vlak 9-12)	234	23	200	15.00	5	205
	Senior bestuur (Vlak 13-16)	50	0	49	0.00	2	51
	Totaal	9 118	370	8 428	8.00	173	8 601

Nota:

- Wat opvoedkundige instellings betref, beteken die getal vakatures ten opsigte van opvoeders nie dat die instelling minder opvoeders het as die getal opvoeders waarop hulle geregtig is nie. Dit dui bloot aan dat die opvoederposte nie in 'n permanente hoedanigheid gevul is nie. In elke geval waar die pos nie permanent gevul word nie, word 'n kontrakaanstelling gemaak om te verseker dat alle opvoedkundige instellings die getal opvoeders het waarop hulle geregtig is.
- Alle opvoederposte word geskep vir die aanstelling van professioneel, ten volle gekwalifiseerde opvoeders (minstens Matriek plus 3 jaar opleiding) op die minimum van salarislak 6-7. Die WKOD het 'n paar ondergekwalifiseerde opvoeders in die stelsel. Hulle is die 785 opvoeders wat op salarislak 3-5 vergoed word, aangesien hulle nie aan die minimum posvereistes voldoen om op salarislak 6-7 betaal te word nie. Hierdie opvoeders is almal in goedgekeurde poste aangestel wat op hierdie tabel in salarisband 6-8 aangetoon word.

Tabel 3.2.3 Indiensneming en vakatures per kritieke beroep soos op 31 Maart 2014

Kritieke beroep	Getal poste op goedgekeurde diensstaat	Getal poste gevul	Vakaturekoers	Getal werknemers bykomend tot die diensstaat
NvT	NvT	NvT	NvT	NvT
Totaal	NvT	NvT	NvT	NvT

Aantekeninge:

- Die CORE-klassifikasie, soos bepaal deur die DPSA, moet vir die voltooiing van hierdie tabel gebruik word.
- Kritieke beroepe word omskryf as beroepe of subkategorieë binne 'n beroep
 - waarin daar tans of in die toekoms verwag word om 'n skaarste van gekwalifiseerde en ervare persone te wees, hetsy vanweë die onbesikbaarheid van sodanige geskoolde persone of die feit dat die beskikbare persone nie aan die toepaslike vereistes vir indiensneming voldoen nie;
 - waarvoor persone 'n gevorderde kennis oor 'n spesifieke vakgebied of wetenskap of leerarea benodig en daardie kennis d.m.v. 'n langdurige kursus of studie en/of gespesialiseerde instruksie opgedoen word;
 - waar die inherente aard van die beroep die bestendige uitvoering van diskresie verg en dit grotendeels intellektueel van aard is; en ten opsigte waarvan 'n departement 'n hoë mate van moeilikheid ervaar om die dienste van werknemers te werf of behou.

3.3 Vulling van SBD-poste

Die tabelle in hierdie afdeling verskaf inligting oor indiensneming en vakatures soos dit verband hou met lede van die senior bestuursdiens (SBD) per salarisvlak. Dit verskaf ook inligting oor die advertering en vulling van SBD-poste, redes waarom voorgeskrewe tydsraamwerke nie nagekom is nie en dissiplinêre stappe wat geneem is.

Tabel 3.3.1 SBD-posinligting soos op 31 Maart 2014

SBD-vlak	Getal SBD-poste per vlak		Getal SBD-poste gevul per vlak	% van SBD-poste gevul per vlak	Getal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
	Befonds	On-befonds				
Direkteur-Generaal/ Departementshoof	1	0	1	100.00	0	0.00
Salarisvlak 16, maar nie Departementshoof nie	0	0	0	0.00	0	0.00
Salarisvlak 15	4	0	4	100.00	0	0.00
Salarisvlak 14	9	0	8	100.00	1	0.00
Salarisvlak 13	36	0	40	108.00	0	13.89
Totaal	50	0	53	106.00	1	100.00

Nota:
 Twee (2) SBD-lede word bo die WKOD-dienststaat gedra plus een (1) SBD-lid in die Kantoor van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap en een (1) SBD-lid word teen die Interne Kontrole-poste gedra.

Tabel 3.3.2 SBD-posinligting soos op 30 September 2013

SBD-vlak	Getal SBD-poste per vlak		Getal SBD-poste gevul per vlak	% van SBD-poste gevul per vlak	Getal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
	Befonds	Onbefonds				
Direkteur-Generaal/ Departementshoof	1	0	1	2.08	0	0.00
Salarisvlak 16, maar nie Departementshoof nie	0	0	0	0.00	0	0.00
Salarisvlak 15	4	0	4	8.33	0	0.00
Salarisvlak 14	9	0	7	14.58	2	33.33
Salarisvlak 13	36	0	36	75.00	4	66.67
Totaal	50	0	48	100.00	6	100.00

Nota:
 • Twee (2) SBD-lede word bo die WKOD-dienststaat gedra plus een (1) SBD-lid in die Kantoor van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap en een (1) SBD-lid word teen die Interne Kontrole-pos gedra.

Tabel 3.3.3 Advertering en vulling van SBD-poste vir die tydperk 1 April 2013 tot Maart 2014

SBD-vlak	Getal SBD-poste per vlak		Getal SBD-poste gevul per vlak	% van SBD-poste gevul per vlak	Getal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
	Befonds	Onbefonds				
Direkteur-Generaal/ Departementshoof	1	0	1	2.08	0	0.00
Salarisvlak 16, maar nie Departementshoof nie	0	0	0	0.00	0	0.00
Salarisvlak 15	4	0	4	8.33	0	0.00
Salarisvlak 14	9	0	7	14.58	2	33.33
Salarisvlak 13	36	0	36	75.00	4	66.67
Totaal	50	0	48	100.00	6	100.00

Twee (2) SBD-lede word bo die WKOD-diensstaat gedra plus een (1) SBD-lid in die Kantoor van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap en een (1) SBD-lid word teen die Interne Kontrole-poste gedra.

Tabel 3.3.4 Redes waarom die vulling van befondsde, vakante SBD-poste nie nagekom is nie - binne ses maande geadverteer en binne 12 maande gevul nadat dit vakant geraak het vir die tydperk 1 April 2013 tot 31 Maart 2014

Redes waarom vakatures nie binne ses maande geadverteer is nie
Nvt

Redes waarom vakatures nie binne ses maande gevul is nie
Nvt

Aantekeninge

- Ingevolge die Staatsdiensregulasies, hoofstuk 1, deel VII C.1A.3 moet departemente goeie oorsaak of rede aandui waarom die vulling van SBD-poste binne die voorgeskrewe tydsraamwerke nie nagekom is nie.

Tabel 3.3.5 Dissiplinêre stappe ingestel vir nakoming van die voorgeskrewe tydsraamwerk vir die vulling van SBD-poste binne 12 maande vir die tydperk 1 April 2013 tot 31 Maart 2014

Dissiplinêre stappe wat ingestel is vir die nienakoming van voorgeskrewe tydraamwerke vir die vul van SBD-poste binne 12 maande
Nvt

Aantekeninge

- Ingevolge die Staatsdiensregulasies, hoofstuk 1, deel VII C.1A.2 moet departemente goeie oorsaak of rede aandui waarom die vulling van SBD-poste binne die voorgeskrewe tydsraamwerke nie nagekom is nie. In die geval van nienakoming van hierdie regulasie, moet die betrokke uitvoerende gesag of departementshoof gepaste dissipline stappe doen ingevolge artikel 16A(1) of (2) van die Staatsdienswet.

3.4. Posevaluering

Binne 'n nasionaal-bepaalde raamwerk, kan uitvoerende gesagte enige pos in sy of haar organisasie evalueer of herevalueer. Ingevolge die regulasies moet alle vakatures op salarisvlak 9 en hoër geëvalueer word voordat dit gevul word. Die volgende tabel is 'n opsomming van die getal poste wat gedurende die oorsigjaar geëvalueer is. Die tabel verskaf ook statistieke oor die getal poste wat op- of afgegradeer is.

Tabel 3.4.1 Posevaluering per salarisband vir die tydperk 1 April 2013 tot Maart 2014

Salarisband	Totale getal poste soos op 31 Maart 2014	Getal poste ge-evalueer	% van poste volgens salaris-bande ge-evalueer	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Getal	% van getal poste	Getal	% van getal poste
Laer geskoold (Vlak 1-2)	3 373	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Geskoold (Vlak 3-5)	4 257	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)	28 875	2	0.01	0	0.00	0	0.00
Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12)	4 203	5	0.12	0	0.00	0	0.00
Senior bestuursdiens Band A (Vlak 13)	36	1	2.78	0	0.00	0	0.00
Senior bestuursdiens Band B (Vlak 14)	9	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Senior bestuursdiens Band C (Vlak 15)	4	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Senior bestuursdiens Band D (Vlak 16)	1	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Totaal	40 758	8	0.02	0	0.00	0	0.00

Die volgende tabel verskaf 'n opsomming van die getal werknemers wie se posisies opgegradeer is weens hulle poste wat opgegradeer is. Die getal werknemers kan verskil van die getal poste opgegradeer, aangesien nie alle werknemers outomaties in die nuwe poste geabsorbeer word nie en party van die opgegradeerde poste kan ook vakant wees.

Tabel 3.4.2 Profiel van werknemers wie se posisies opgegradeer is weens hul poste wat opgegradeer is vir die tydperk 1 April 2013 tot Maart 2014

Geslag	Swart	Asiër	Kleurling	Wit	Totaal
Vroulik	0	0	0	0	0
Manlik	0	0	0	0	0
Totaal	0	0	0	0	0

Werknemers met 'n gestremdheid	0
--------------------------------	---

Die volgende tabel verskaf 'n opsomming van die getal gevalle waar salarisbande die graad oorskry het wat deur posevaluering bepaal is. Redes vir die afwyking word in elke geval voorsien.

Tabel 3.4.3 Werknemers met salarisvlakke hoër is as die vlakke wat deur posevaluering bepaal is per beroep vir die tydperk 1 April 2013 tot Maart 2014

Totale getal werknemers wie se salaris die grade oorskry het wat deur posevaluering bepaal is	Geen
---	------

